# Die Openbaring

## 'n Boek met 7 Seëls?

Ewald Frank

Kopiereg deur

Uitgewer: Free People's Mission Krefeld e. V.

ISBN 3-9200824-07-5

************

1ste Duitse Uitgawe – 20,000

Desember 1994

1ste Afrikaanse Uitgawe — Mid-2020

# Inhoudsopgawe


**Voorwoord** .......... **7**

**HOOFSTUK 1** .......... **9**

Inleiding
Die "Dag van die Here"
Oorsprong en betekenis van die Profetiese Woord .......... 9
Die openbaring van Jesus Christus,
soos dit aan Johannes gegee was .......... 12
Die seëngroete aan die sewe gemeentes .......... 14
Die onvergeetlike ervaring .......... 15

**HOOFSTUK 2** .......... **17**

Die sewe boodskappe van die opgestane Here
Die eerste sendbrief:
Bewaar die eerste liefde! .......... 17
Die tweede sendbrief:
Wees getrou tot die dood toe! .......... 20
Die derde sendbrief:
Waarskuwing van Bileamisme en Nikolaïtisme .......... 21
Die vierde sendbrief:
Waarskuwing van verleiding deur valse inspirasie .......... 23

**HOOFSTUK 3** .......... **26**

Die vyfde sendbrief:
Die tydperk van die Reformasie
—Versterking van die swakkes in die geloof .......... 26
Die sesde sendbrief:
Die Philadelphia tydperk
— die tyd van broederliefde .......... 28
Die sewende sendbrief:
Vermaning oor louheid en traagheid .......... 29

**HOOFSTUK 4** .......... **32**

Die blik op die Hemel

**HOOFSTUK 5** .......... **34**

Die geheimenisvolle boek met die sewe seëls

**HOOFSTUK 6** .......... **36**

DIE OPENING VAN DIE SEËLS
DIE ONTHULLING VAN DIE ANTICHRISTELIKE MAG
'N OORSIG .......... 36
1STE SEËL
DIE ANTICHRIS IN SY EERSTE STADIUM:
DIE ONOPVALLENDE BEGIN .......... 38
2DE SEËL
DIE ANTICHRIS IN DIE TWEEDE STADIUM:
DIE MAGSUITOEFENING EN DIE BLOEDVERGIETING .......... 40
3DE SEËL
DIE ANTICHRIS IN DIE DERDE STADIUM:
DIE DONKER TYDPERK .......... 41
4DE SEËL
DIE ANTICHRIS IN SY VIERDE STADIUM:
DIE DOOD-BRINGENDE MENGSEL .......... 42
5DE SEËL
DIE JOODSE MARTELAARS IN DIE VERLEDE
EN IN DIE TOEKOMS .......... 43
6DE SEËL
'N KYKIE NA DIE BEGIN VAN DIE DAG VAN DIE HERE
WÊRELDWYE NATUURRAMPE .......... 46

**HOOFSTUK 7** .......... **49**

DIE VERSEËLDES VANUIT DIE JODE .......... 49
DIE ONTELBARE SKARE UIT DIE GROOT VERDRUKKING .......... 51

**HOOFSTUK 8** .......... **53**

7DE SEËL
DIE STILTE IN DIE HEMEL
DIE GENADETROON WORD DIE OORDEELSTROON
INLEIDING TOT DIE SEWE BASUINOORDELE
DIE EERSTE VIER BASUINE .......... 53

**HOOFSTUK 9** .......... **57**

DIE ONDENKBARE PYN
DIE VYFDE BASUIN — DIE EERSTE WEE .......... 57
DIE SESDE BASUIN — DIE TWEEDE WEE .......... 59

**HOOFSTUK 10 .......... 61**

'N TUSSENGESIG: DIE GEOPENDE BOEK
DIE HERE AS DIE ENGEL VAN DIE VERBOND .......... 61
JOHANNES VERTEER DIE BITTERSOET BOEK .......... 69

**HOOFSTUK 11 .......... 70**

DIE TWEEDE TUSSENGESIG:
DIE METING VAN DIE TEMPEL
EN DIE BEDIENING VAN DIE TWEE GETUIES .......... 70
DIE SEWENDE BASUIN – OORWINNINGSGEJUIG IN DIE HEMEL
PROKLAMASIE VAN DIE KONINKLIKE HEERSKAPPY OP AARDE .......... 73

**HOOFSTUK 12 .......... 79**

DIE VROU MET DIE SON GEKLEE
CHRISTUS EN DIE WAT SYNE IS
SATAN — DIE VUURROOI DRAAK EN SY AANHANG .......... 79
DIE UITEINDELIKE NEERWERPING VAN DIE DRAAK
UIT DIE HEMEL NA DIE AARDE
SY STRYD TEEN MÍGAEL EN SY NEDERLAAG .......... 84

**HOOFSTUK 13 .......... 89**

TERUGBLIK OP DANIEL SE VISIOENE EN
HUL VERBAND MET DIE BOEK OPENBARING .......... 89
DIE DIER MET SEWE KOPPE UIT DIE SEE VAN NASIES .......... 93
DIE DIER VANUIT DIE AARDE .......... 99
DIE GEHEIMSINNIGE MERK VAN DIE DIER .......... 103

**HOOFSTUK 14 .......... 113**

DIE LAM EN DIE 144.000 VERSEËLDES .......... 113
DIE EWIGE EVANGELIE
EN DIE DRIE ENGEL-AANKONDIGINGS .......... 115
DIE GROOT KORINGOES AAN DIE EINDE VAN DIE TYD VAN GENADE .......... 117
DIE OES OP DIE WINGERDSTOK VAN DIE AARDE
— UITVOERING VAN DIE TOORN VAN GOD .......... 118

**HOOFSTUK 15 .......... 121**

BEDREIGING VAN DIE SEWE-SKAAL GRIMMIGHEID
DIE SKARE OP DIE SEE VAN GLAS .......... 121

**HOOFSTUK 16 .......... 124**

Die sewe grimmighede:
Voltooiing van die toornoordeel van God .......... 124
Sataniese drie-eenheid: draak, dier, valse profeet .......... 128

**HOOFSTUK 17 .......... 129**

Die vrou wat op die dier ry .......... 130

**HOOFSTUK 18 .......... 136**

Die vernietiging van die groot Babilon .......... 136

**HOOFSTUK 19 .......... 139**

Die blydskap in die hemel oor die vernietiging van Babilon
Die Bruilofsmaal van die Lam .......... 139
Die laaste stryd word deur die Here self beslis .......... 141

**HOOFSTUK 20 .......... 144**

Die binding van Satan
Voltooiing van die eerste opstanding deur die martelaars
Duisendjarige Vrederyk .......... 144
Die tweede opstanding en die Laaste Oordeel .......... 150

**HOOFSTUK 21 .......... 152**

Aankondiging van die nuwe hemel en die nuwe aarde
Die glorie van die Nuwe Jerusalem
Die verskriklike lot van die verlorenes .......... 152
Beskrywing van die Nuwe Jerusalem .......... 157

**HOOFSTUK 22 .......... 161**

Die lewensstroom en lewensbome
Die paradys-toestand in die duisenjarige Koninkryk .......... 161
Laaste vermaning aan die gelowiges .......... 163
Slotwoord van Jesus .......... 166

**AANHANGSEL .......... 167**

Die 70 jaarweke van Daniel en die huidige gebeurtenisse met Israel
in die lig van bybelse profesie .......... 167

**EPILOOG .......... 183**

# Voorwoord

In hierdie aanbieding sal ons hoofsaaklik die era van die nuwe-testamentiese Gemeente betrag en skrifte gebruik om die tydsverloop daarvan aan te dui. Die fokus val op die laaste profetiese boek van die Bybel, die 'Openbaring' (Apokalips). Die profetiese Woord bevat simbole wat moeilik is om te verstaan. Baie bybelkundiges en leraars het dit dus opsy gesit. Ander weer het hul eie gedagtes daaroor uitgespreek. Tot dusver het daar nog nie akkuraat-gebalanseerde, uitsluitsel-gewende, "up-to-date" literatuur in werklikheid bestaan, wat die huidige stand van die vinnig-ontplooiende verwikkelinge weerspieël nie.

In werklikheid was dit glad nie moontlik nie, want slegs deur die *vervulling* van gebeure wat in die Skrif voorspel is, kan sekere prosesse geken, gesien, verstaan en gerangskik word. Die eerste en laaste geslagte van die Christelike era word in besonder in bybelse profesie oorweeg. Dit vereer die alwetende God bo alle mate, dat hy die verwikkelinge vooraf laat neerskryf het. Ter wille van duidelikheid sal ons die onderskeie hoofstukke van die boek Openbaring een na die ander behandel en ander gedeeltes vanuit die hele Heilige Skrif byhaal, wat verband hou met die betrokke konteks.

Die opmerkings is kort gehou, maar dit is voldoende om die werklik-belangstellende leser toegang tot die Raad van God te gee. Die HERE God gee elke opregte soeker ware begrip en openbaring om die openbaringsteks reg te verstaan. Salig en geloofwaardig is hulle wat die Gees-geïnspireerde Woord in die Gees lees en verstaan, want die Gees van God ondersoek alle dinge (IKor. 2: 10-16).

Belangrike Nota: Let asseblief op dat hierdie boekie uit Duits vertaal is. Die bybelkwotasies is uit die 1933/53 Afrikaanse vertaling geneem, maar waar bybelgedeeltes ligweg geonderstreep is, dui dit op ‘n meer oorspronklike of beskrywende teks uit die Duitse of ander vertalings. Dit is slegs aangetoon waar dit wesenlik is ten opsigte van die onderwerp.

# Hoofstuk 1

## INLEIDING:
## DIE "DAG VAN DIE HERE"
## OORSPRONG EN BETEKENIS VAN DIE PROFETIESE WOORD

Die apostel Johannes was vir die "**Woord van God** en vir die **getuienis van Jesus**" na die eiland Patmos verban. Daar was hy in die gees weggevoer deur die Gees van God. Hy het die belangrikste gebeure deur die loop van tyd vooraf gesien en selfs die **Dag van die HERE** beleef. Die Dag van die HERE word in die Ou- en Nuwe Testament omvangreikend beskryf. Die aanname, dat dit gaan oor Saterdag of Sondag, is as gevolg van 'n misverstand en is nie waar nie. Die *Dag van die HERE,* is die tydperk wat ná die *Dag van genade en verlossing* volg (Jes. 49:8; IIKor. 6:2; Heb. 4:7) — die sewende dag in die goddelike tydsberekening. God bereken in dae, daar ons in jare bereken. By God is een dag soos 'n duisend jaar vir ons is. *"Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat een dag by die HERE soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag"* (IIPet. 3:8; Ps. 90:4).

Sedert die begin van tyd het ons met sewe profetiese dae te doen, wat God aan die mensdom toegedeel het. Vanaf Adam tot Abraham het ongeveer twee dae verloop, dws, omtrent tweeduisend jaar; toe weer ongeveer tweeduisend jaar vanaf Abraham na Christus, en nou is ons nader aan die einde van die daaropvolgende *twee dae*, wat ook *die laaste dae* genoem word, die tweeduisend jaar waarin die Gees van God as die genade-tyd op aarde werksaam is (Hand 2:17). Die sewende dag is die duisendjarige periode wat die Vrederyk, die duisendjarige Koninkryk van Christus op aarde is (Openb. 20).

God het belowe om vóór die *Dag van die HERE* die profeet Elia te stuur (Mal. 4:5). Tydens die **Dag van die HERE** — die laaste een duisend jaar voor die ewigheid — word die oordele ingelei,

wat uitloop in die Slag van Armageddon (Openb. 16: 12-16; 19: 11-21; Esé. 38: 20+23; Joël 4: 9-17; onder andere). So word dit vir die ‘goddelose’, wanneer dit vervul word, as 'n genadelose toorndag beskryf:

*"Die son sal verander word in duisternis en die maan in bloed, voordat die groot en deurlugtige **Dag van die HERE** kom"* (Joël 2:31) Sien ook Jesaja 13; Esé. 30:3; Joël 2: 1-2; Joël 3:14; Sef. 1: 14-15; Hand. 2:20; IIPet. 3:10; Openb. 6: 12-17, onder andere.

Die sewende dag — die duisendjarige Koninkryk — is die rusdag van God. Aan die einde sal Satan nog ‘n maal bevry word, om met al die goddelose magte, onder die leiding van 'Gog en Magog', die finale stryd te voer waarin hulle eens en vir altyd vernietig sal word (Openb. 20: 7-10). Daarna vind die laaste oordeel plaas en, met die ontstaan van die nuwe hemel en die nuwe aarde, vloei tyd in die ewigheid in.

Voor die ***Dag van verlossing*** het die HERE God "Sy engel" in die vorm van Johannes die Doper as 'n voorloper gestuur (Mal. 3:1; Matt. 11:10, o.a.). Hy het verskyn in die gees en krag van Elia om die harte van diegene wat in die ou-testamentiese vaders vertrou het, te lei tot die nuwe begin van die kinders van die nuwe verbond (Mal. 4:6[a]; Luk. 1:17). *"Hy het tot 'n getuienis gekom om van die lig te getuig, sodat almal deur hom sou glo"* (Joh. 1:7). Hy het die brug vanaf die Ou- na die Nuwe Testament oorgesteek (Luk. 16:16), die weg gebaan vir die HERE en 'n pad vir onse God berei (Jes. 40:3; Mark. 1: 1-4; ens.).

Die beloofde profeet kom vóór die ***Dag van die HERE,*** aan die einde van die *Dag van Heil*, hier in die laaste Gemeentelike tydperk, om die harte van die kinders van die Nuwe Verbond terug te bring na die geloof van die apostoliese vaders (Mal. 4:6[b]). Sy Bybel-gebaseerde boodskap sal die ware Gemeente weer in ooreenstemming met die Woord bring en haar, hier net voor die Wederkoms van Jesus Christus, weer terugplaas in die oorspronklike toestand wat sy gehad het aan die begin. Deur 'n magtige geesteswerking — die heilige Skrif noem dit die "laat reën" — sal die Bruid weer in die oorspronklike, goddelike orde

wees (Jak. 5: 7-8). Jesus het in Matthéüs 17, vers 11, gepraat van hierdie bediening wat deur die profeet Maleági aangekondig is, dat dit nog steeds in die toekoms was: *"Dis waar, Elía kom eers en sal alles herstel ..."*. Hy het ook bevestig dat die bediening van Johannes die Doper reeds plaasgevind het (verse 12-13). Toe Johannes verskyn het, was hy drie vrae gevra. Een daarvan was gewees: *"Is u Elía? En hy sê: Ek is nie"* (Joh. 1:21). In vers 23 verwys hy na die profetiese woord van die Ou Testament rakende hom en sy bediening.

Soos Elia met die twaalf klippe, wat ooreenstem met die twaalf stamme van Israel, die altaar van die HERE weer opgebou het en die volk na God teruggeroep het (IKonings 18), so word deur die laaste boodskap aan die nuwe-testamentiese Gemeente, die lering van die twaalf apostels opnuut opgerig en die volk van God tot die HERE en tot Sy Woord teruggeroep. Ons ervaar nou in werklikheid hierdie finale fase van die verlossingsplan.

In sy tweede preek ná Pinkster, het die apostel Petrus verwys na die belofte van die wederoprigting van die Gemeente van Christus toe hy, gelei deur die Gees, gesê het: *"... en tye van verkwikking van die aangesig van die HERE mag kom, en Hy Hom mag stuur wat vooraf aan julle verkondig is, naamlik Jesus Christus,* ***HOM wat die hemel moet ontvang tot op die tye van die wederoprigting van alle dinge, waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van al sy heilige profete****"* (Hand. 3: 20-21). Reeds met die aanvang van die nuwe-testamentiese Gemeente het die Heilige Gees deur 'n geroepe mond vooruitgespreek, dit wat aan die einde sou gebeur, naamlik dat die ware Gemeente, vóór die Wederkoms van Christus, teruggeplaas word na dieselfde toestand waarin die vroeë Gemeente hul bevind het.

## Die openbaring van Jesus Christus, soos dit aan Johannes gegee was

In die eerste hoofstuk van Openbaring vind ons die volledige onthulling van Jesus Christus, in wie al die skatte van wysheid en kennis van God verborge is (Kol. 2:3), waardeur Hy ook aan ons openbaar word. Aan die begin is die allesomvattende woorde: *"Die openbaring van Jesus Christus".*

*"Die openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur, en wat Hy* ***deur die sending van Sy engel*** *aan Sy dienskneg Johannes* ***deur tekens*** *te kenne gegee het,*

*wat getuig het van die woord van God en die getuienis van Jesus Christus — alles wat hy gesien het.*

*Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar* ***wat daarin geskrywe is****, want die tyd is naby"* (Opbr. 1:1-3).

Deur die sending van "Sy engel", het Johannes hierdie goddelike openbaring op 'n bonatuurlike wyse ontvang. In die algemeen is engele dienende geeste (Heb. 1:14), wat by spesiale aangeleenthede in menslike gestalte sigbaar verskyn. In hoofstuk 22, verse 8-9, praat Johannes van die oorweldigende effek van hierdie bonatuurlike ervaring. Toe hy egter voor die engel neerval om hom te aanbid, het dié vir hom gesê: *"Moenie! want ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders, die profete, en van hulle wat die woorde van hierdie boek bewaar. Aanbid God!"*

Volgens Lukas 1, verse 11-20, het die engel Gabriël aan Sagaría die vreugdevolle boodskap oor die komende geboorte van Johannes die Doper gebring. Soos in verse 26-38 gemeld, vind ons later dieselfde engel by Maria om die geboorte van Jesus Christus aan te kondig. In Lukas 2 het 'n engel aan die herders op die vlaktes van Betlehem, die groot gebeurtenis bekendgemaak en die hemelse leërskare in koorgesang hier op aarde hoorbaar was: *"Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae!"* (vv. 8-14).

Die voorkoms van engele word in die Ou- en Nuwe Testamente baie kere van getuig. Dit het altyd met 'n baie spesifieke doel gebeur, wat verbind word met 'n **bediening en boodskap**. Op die eiland Patmos het dit gebeur met die doel *"**om aan Sy diensknegte te toon** wat gou moet gebeur ... want die tyd is naby".* Die woordkonsep 'openbaring' kan beter verstaan word as 'onthulling', volgens die Griekse woord 'ΑΠΟΚΑΛΥΨΙΣ' (Apokalips) in die basiese teks.

In hierdie laaste boek van die Bybel word baie belangrike vooruitsprekinge en gebeurenisse onthul wat veral in die eindtyd van besondere betekenis is. Die saligsprekinge is van toepassing op die lesers, die luisteraars en die wat die woorde van hierdie profetiese boek van Openbaring bewaar. So vind ons dit aan die begin in hoofstuk 1, vers 3, en aan die einde in hoofstuk 22, vers 7. God het daarin Sy hele tot-voleinding-bringende raadsbesluite bekend gemaak. Daarin word die getuienis van God volledig tot 'n slotsom gebring. Die HERE het aan alles gedink, Hy het niks vergeet nie, dus hoef niemand daarby iets te voeg of daarvan weg te neem nie, nog minder nuwe openbarings te voorsien. Wat ookal vanaf self-verklaarde 'profete' of 'profetesse' kom, het niks met God te doen nie, want dit spruit nie uit God uit nie.

Elke openbaring wat van God kom, sal altyd ooreenstem met die getuienis van die Heilige Skrif. So het ons, as feilbare mense, toegang tot die onfeilbare Woord. Die Heilige Gees, wat die skrywers gelei en geïnspireer het, lei ook vandag nog in die Waarheid van die Woord.

## Die seëngroete aan die sewe gemeentes

Johannes het die sewe gemeentes gegroet, wat God onder die vele gemeentes vir die karakterisering van die sewe sendbriewe gekies, hulle wie Jesus Christus verhef het tot die **getroue Getuie**, as die **Eersgeborene** van die dode en as Heerser oor die konings van die aarde: *"Genade vir julle en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste wat voor Sy troon is,*

*en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in Sy bloed en ons gemaak het konings en priesters vir Sy God en Vader, aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen"* (verse 4-6).

Dan kondig die siener die sigbare koms van die HERE en die begin van Sy koninklike heerskappy aan: *"Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen!"*

Hierdie koms beskryf nie Sy Wederkoms as 'n Bruidegom nie (Matt. 25: 1-13), wanneer Hy Sy eie heimlik sal wegvoer voor die aanbreek van die vreeslike Dag van die HERE (IThes. 4: 13-18), maar wel Sy koms wanneer Hy op die troon van Sy heerlikheid sal sit, om eerstens te oordeel (Matt. 25:31) en om ook daarna duisend jaar te heers (Openb. 20:6). Die Komende stel homself só voor: *"Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, sê die HERE, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige".* **Dit is die getuienis van Jesus.**

Die siener staan bekend as die geliefde dissipel van Jesus. Hy noem sy eie verdrukking en die toekomstige Koninklike Heerskappy en die standvastige volharding in Jesus. Hy het die magtige stem van die opgestane HERE hoor sê: *"... en skryf wat jy sien in 'n boek en stuur dit na die sewe gemeentes wat in Asië is"* (vers 11).

## Die onvergeetlike ervaring

Daarna sien hy toe die opgestane en verhewe HERE as Seun van die mens, in Sy goddelike majesteit tussen die sewe goue kandelaars wandel. *"Toe draai ek my om, om te sien watter stem met my gespreek het; en toe ek my omgedraai het, sien ek sewe goue kandelaars,*

*en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mens met 'n kleed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met 'n goue gordel.*

*Sy hoof en hare was wit soos wit wol, soos sneeu, en Sy oë soos 'n vuurvlam,*

*en Sy voete soos blink koper wat gloei soos in 'n oond, en Sy stem soos die stem van baie waters"* (verse 12-15). Die sewe goue kandelaars dui aan dat die *een* nuwe-testamentiese Gemeente deur sewe besondere tydperke gaan.

Die HERE het die profeet Moses beveel om 'n goue kandelaar te maak en het aan hom die presiese instruksies gegee, hoe dit gemaak moes word (Ex. 25: 31-40). Die profeet Sagaria getuig: *"Ek sien daar 'n kandelaar, heeltemal van goud, en sy oliekan bo-oor hom en sy* ***sewe lampe*** *op hom; telkens* ***sewe aanvoerpype*** *loop na die lampe wat bo-oor hom is"* (Sag. 4:2). Die oliekan met sy **sewe aanvoerpype** en die **sewe lampe** dui simbolies daarop dat die volheid van die Heilige Gees regdeur die sewe periodes van die nuwe-testamentiese Gemeente, altyd nuut toestroom.

*"En in Sy regterhand het Hy sewe sterre gehou".* Die HERE het die sewe sterre, wat die sewe engele van die sewe gemeentes is, in Sy hand vasgehou. Hierdie boodskappers van God staan elkeen in 'n direkte, bonatuurlike sending. Mense beoefen geen druk uit op hulle nie; geen raad het enige invloed op hulle nie. Hulle het die SO SPREEK DIE HERE van die Woord vir die Gemeente. Johannes het gesien vanuit die mond van die Seun van die mens *"'n skerp tweesnydende swaard het uit Sy mond uitgegaan, en Sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag".*

Die tweesnydende swaard is die Woord van God, wat uit die mond van die HERE uitgaan.

Wie die beskrywing van die *Seun van die mens* noukeurig lees, sal aanvoel hoe oorweldig die siener moes gewees het. Verder berig hy: *"En toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan Sy voete; en Hy het sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood".* As die HERE getoon word as *Seun van die mens*, dan gebeur dit in Sy verbinding as Profeet; word Hy na verwys as *Seun van God,* word dit in Sy verbinding as Verlosser gewys; word Hy beskryf as *Seun van Dawid* , staan dit in verbinding met Hom as Koning.

# HOOFSTUK 2

## Die sewe boodskappe van die opgestane HERE

## Die eerste sendbrief:<br>Bewaar die eerste liefde!

Ons hoef nie breedvoerig op die sewe sendbriewe in te gaan nie; dit was al behandel en almal is min of meer bekend. Eerstens gaan die boodskap altyd uit aan die gemeentelike engel, wat dit dan deurgee aan die hele gemeente. Daarin word lof vir die goeie en teregwysing vir valse leerstellings vervat, ens. Aan die einde van elke brief vind ons die spesiale beloftes vir die oorwinnaars. Dit het nie net betrekking op die plaaslike gemeentes wat by naam genoem word nie, maar is van toepassing op alle gelowiges van die algehele tydsduur van die nuwe-testamentiese Gemeente.

Hierdie sewe bepaalde tydperke is insiggewend bestudeer deur kerkhistorici. Die bekendste onder hulle is Dr. Clarence Larkin, wat in sy boek, "DISPENSATIONAL TRUTH", op bladsye 130-132, die genoemde tydperke aangee. Die man van God, William Branham, het dit gebruik toe hy oor die sewe kerkeeue gepraat het en dieselfde tydverdeling word ook hier aangegee.

Die sendbriewe het voorspellende, profetiese karakter en is van heils-gerigte belang. Deurgans die verloop daarvan, is die Opgestane HERE die Sprekende en Werkende. In elke sendbrief stel Hy Homself op 'n ander manier voor, maar altyd met 'n gemeentelik-gerigte benadering. Sy moet weet wie Hy is en luister na wat Hy sê. Ook die sewe beloftes wat aan die oorwinnaars gegee word, het onderskeid. By die Wederkoms van die HERE is die volledig-geregverdigdes uit alle gemeentelike tydperke, wat aan die eerste opstanding deelneem, byeen om alles wat belowe was, te erf.

Die **eerste sendbrief** lees: *"Dít sê Hy wat die sewe sterre in sy regterhand hou, wat wandel tussen die sewe goue kandelaars:*

*Ek ken jou werke en jou arbeid en jou lydsaamheid, en dat jy slegte mense nie kan verdra nie; en dat jy dié op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het;*

*en dat verdra het en lydsaamheid besit, en ter wille van my Naam gearbei en nie moeg geword het nie.*

*Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het.*

*Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie.*

*Maar dit het jy, dat jy die werke van die Nikolaïete haat, wat Ek ook haat".*

Daar word hier gepraat van die werk in die koninkryk van God, van die werke en die lydsaamheid van die getroues. Hulle ontvang die getuienis, dat hulle nie die bose, oneerlike werkers kon verduur nie. Dit gaan oor hulle wat voorgegee het dat hulle apostels is maar deur die woordgetroues as leuenaars ontmasker is in daardie eerste gemeente-tydperk.

Paulus het reeds in Handelinge 20, verse 28-32 en in ander plekke daarop gewys dat daar ná sy dood manne sou kom wat die dwaalleer sal bring om dissipels na hulle aan te trek. Hy het die ouderlinge van die Gemeente in hierdie verband vermaan tot waaksaamheid.

Die gelowiges het destyds nog die leringe en die praktyke van die ware apostels van die vroeë christendom in lewende herinnering gehad. Hulle het geweet: Hulle wie nie met die leringe en die praktyke saamgestem het nie, was nabootsers, sonder geregverdigde aansprake. Die afwykings vanaf die oorspronklike het begin met individue wat reeds al in die eerste christelike geslag daar was. Die oorspronklike van die vroeë christelike gemeente, moet egter die maatstaf en die enigste geldige patroon van die ware gelowiges vir alle tye wees en bly.

Verder word die standvastige uithouing en optrede van die gelowiges vir Sy Naam hoogdrawend geprys. Daarna volg die teregwysing omdat baie die brandende liefde opgegee het. Dan is daar 'n oproep tot bekering en om terug te keer na die eerste werke, anders sou die HERE self die kandelaar van sy plek af verwyder. Wat beteken 'n kandelaar, as dit geen lig uitstraal nie!? Dan bly daar net die herinnering en 'n dooie vorm oor. Dit word gevolg deur lof vir hul haat van die werke van die Nicolaïete, wat die HERE ook gehaat het. Hulle het onderskeid getref tussen die s.g. 'dienende broeders' en die gedienstige volgelinge.

Die belofte aan almal, wie gehoor gee aan wat die Gees aan die gemeentes sê, lui: *"Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne-in die paradys van God is".* Die eerste mense het hul toegang tot die boom van die lewe verloor en was uit die paradys verstoot. Na voltooide verlossing het die ware gelowiges nuwe toegang tot die boom van die lewe en na die paradys (Luk. 23:43).

Die gemeentelike tydsduur van Éfese het gestrek vanaf die begin van die nuwe-testamentiese Gemeente tot ongeveer 170 nC.

## Die tweede sendbrief:
## Wees getrou tot die dood toe!

In die **tweede sendbrief** het die Opgestane Homself op die volgende wyse voorgestel: *"Dít sê **die eerste en die laaste**, wat dood was en lewend geword het:*

*Ek ken jou werke en verdrukking en armoede — maar jy is ryk — en die lastering van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar 'n sinagoge van die Satan.*

*Vrees vir niks wat jy sal ly nie. Kyk, die duiwel gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word; en julle sal tien dae lank verdrukking hê. Wees getrou tot die dood en Ek sal jou die oorwinningskroon van die lewe gee"*

Die ware gelowiges van hierdie tydperk het swaar verdrukkings beleef. Aardeliks gesien was hulle armes en is gelaster van diegene wat beweer het dat hulle opregte Jode was, dit wil sê waaragtige gelowiges, maar was inderdaad die 'sinagoge van Satan'. Die HERE moedig Sy volgelinge aan met die woorde: *"Vrees vir niks wat jy sal ly nie".* Die vervolging kom altyd vanaf diegene wat dink dat hulle die enigste is wat reg is, maar dit nie is nie. Ware kinders van God vervolg nie, maar word vervolg (Gal. 4: 28-29).

Die teëstander het daarvan seker gemaak dat hulle in die gevangenis gegooi word en deur groot verdrukking gaan. Die "tien dae" van verdrukking wat in die profetiese woord genoem word, is in die kerkgeskiedenis vasgelê as die tien slegste jare van die christen-vervolging onder Diocletianus vanaf 300 tot 310 nC. Wie onder al hierdie omstandighede tot die dood toe moes verduur en getrou bly, sou die kroon van die lewe ontvang. Die belofte was: *"Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie".* Die eerste dood vind plaas wanneer die siel die liggaam verlaat, die tweede dood gebeur, wanneer die gees die siel verlaat, na die laaste oordeel.

Die tydsduur van Smyrna het gestrek tot ongeveer 312 nC.

## Die derde sendbrief:
## Waarskuwing van Bileamisme en Nikolaïtisme

In die **derde sendbrief** stel die HERE Homself op die volgende wyse voor: *"Dít sê Hy wat die skerp, **tweesnydende swaard** het:*

*Ek ken jou werke en die plek waar jy woon, waar die troon van die Satan is. En jy hou vas aan my Naam en het die geloof in My nie verloën nie, selfs in die dae waarin Ántipas My getroue getuie was, wat gedood is by julle waar die Satan woon.*

*Maar Ek het enkele dinge teen jou: dat jy daar mense het wat vashou aan die leer van Bíleam wat Balak geleer het om 'n struikelblok voor die kinders van Israel te werp, naamlik om afgodsoffers te eet en te hoereer.*

*So het jy ook mense daar wat vashou aan die leer van die Nikolaïete, wat Ek haat.*

*Bekeer jou; anders kom Ek gou na jou toe en sal teen hulle oorlog voer met die swaard van my mond".*

Hy weet wie aan Hom behoort en ken ook hul werke, wat hulle doen en waar hulle woon. Teen dié tyd het Satan reeds al die afvallige christendom sy hoofsetel gemaak. In die jaar 325 nC het die Raad van Nicea plaasgevind, waaraan ongeveer 1,500 afgevaardigdes deelgeneem het. Die voorrang wat deur die geestelikes, bo die sogenaamde lekedom geniet was, was dáár veral beklemtoon. Die twee woordvoerders was Athanasius en Arius.

Die HERE het dit bekla dat sommige van die gelowiges die "leer van Bíleam" verdra het en dat hulle ook ingestem het tot die "leer van die Nikolaïete". Alhoewel Bileam glad nie aan die volk Israel behoort het nie, kon hy nietemin die Israeliete in die Ou Testament mislei met afgodery en die deur hul vermenging met ander volke. Hierdie Nikolaitiese neiging was 'n gemengde groep en het 'n invloed gehad; die kloof tussen die gelowige luisteraars en die nuwe amptenare in die afvallige kerk het duidelik geword.

Wat in die eerste gemeentelike tydperk nog as "werke van die Nikolaïete" beskou was, was reeds in die derde tydperk aangewys as vasgelegte *lering* wat die HERE gehaat het. Hy roep Sy eie tot bekering, want anders sou Hy die swaard van Sy mond gebruik, naamlik Sy Woord, teen diegene wat daarvandaan afgewyk het.

Die belofte is: *"Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die verborge manna, en Ek sal hom gee 'n wit keursteen, en op dié steen 'n nuwe naam geskrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang".* Die HERE voed Sy eie met die verborge manna van die geopenbaarde Woord en belowe aan die oorwinnaars 'n nuwe naam.

Die gemeenteperiode van Pergamon strek tot ongeveer 606

## Die vierde sendbrief:
## Waarskuwing van verleiding deur valse inspirasie

In die **vierde sendbrief** stel die HERE Homself soos volg voor: *"Dít sê **die Seun van God** wat oë het soos 'n vuurvlam, en voete soos glinsterende gouderts:*

*Ek ken jou werke en liefde en diens en geloof en jou lydsaamheid en jou werke, en dat die laaste meer is as die eerste.*

*Maar Ek het enkele dinge teen jou; dat jy die vrou Isébel, wat haarself 'n profetes noem, toelaat om te leer en my diensknegte te verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet.*

*En Ek het haar tyd gegee om haar van haar hoerery te bekeer, en sy het haar nie bekeer nie.*

*Kyk, Ek werp haar neer op 'n siekbed, en die wat met haar owerspel bedryf, in 'n groot verdrukking, as hulle hul nie van hul werke bekeer nie.*

*En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak, en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat niere en harte deursoek, en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke.*

*En ek sê vir julle en die ander wat in Thiatíre is, almal wat hierdie leer nie het nie, en die wat die dieptes van die Satan, soos hulle dit noem, nie leer ken het nie: Ek sal op julle geen ander las lê nie.*

*Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom"*

Die gemeente in Thyatira, wat verteenwoordigend was van die ooreenstemmende tydperk, word eerstens geloof vir hul werke, hul liefde, hul getrouheid, bereidwilligheid en geduld. Verder word hulle geestelike groei bevestig. Maar dan praat die HERE van die dinge wat Hy nie hou nie en lê die blaam by 'n vrou wat Hy beskryf as "Isébel", wie optree as 'n profetes. Die mees geloofwaardige maar slegste bedrog op die geestelike gebied gebeur deur hulle wat profeteer. Mense glo hulle en kyk op na hulle sonder om te weet watter bedoelings agter hulle verskuild is.

In die nuwe-testamentiese Gemeente het God die vyf-voudige bediening uitsluitlik aan die broeders toevertrou. Daar is werklik dan glad geen God-aangestelde profetesse, apostelinne, leraresse, ens nie. As dit nietemin gebeur dat 'n vrou haarself voordoen as 'n profeet, apostel of leraar, ens, kan dit vasgestel word in die Heilige Skrif, dat Satan, deur haar te misbruik, die gemeente toets. Vroeër of later ondervind almal, in die geestelike ontwaking, net soos met Eva, die uur van versoeking. Paulus het die goddelike orde beklemtoon: *"Die vrou moet haar in stilte laat leer in alle onderdanigheid. Ek laat die vrou egter nie toe om onderrig te gee of oor die man te heers nie, maar sy moet haar stil hou. Want Adam is eerste gemaak, daarna Eva. En Adam is nie verlei nie, maar die vrou het haar laat verlei en het daardeur in oortreding gekom"* (ITim. 2: 11-14). Enige vrou wat dink sy is geestelik en haarself van die heerskappy van haar man, soos God dit self gebied het in Genesis 3, onttrek, kom outomaties onder die heerskappy van Satan en word sy werktuig. Soos in die Tuin van Eden, gebeur dit nie in 'n gesprek oor politiek of ander aardse probleme nie, maar altyd met betrekking tot wat God gesê het.

Waar 'n vrou altyd die grense van die Woord oorskry en ander leer oor bybelse onderwerpe, stel sy haarself bo die Skrif en bo haar man. Dit is 'n onmiskenbare teken dat sy op 'n vrome en verborge wyse deur vyandelike magte beheer word en onder valse inspirasie staan. Die apostel het beveel: *"Julle vroue moet in die gemeente-samekomste swyg; want dit is hulle nie toegelaat om te spreek nie, maar om onderdanig te wees, soos die wet ook gebied. Maar as hulle iets wil leer* — nie: om ander te leer nie — *laat hulle tuis hul eggenoot-manne vra"* (IKor. 14: 34-35). Aangesien ons te doen het met die ewig-geldige evangelie van Jesus Christus, geld die riglyne wat vanaf die begin tot die einde vasgelê is. Die apostel van God verwys na wat in die Tuin van Eden gebeur het, en wys vroue dan hul plek aan.

Dieselfde vermaninge kom al uit die Ou Testament jeens die volk Israel: *"En jy, mensekind, rig jou aangesig teen die dogters*

*van jou volk wat as profetesse optree uit hulle eie hart, en profeteer teen hulle en sê: So spreek die Here HERE : Wee die vroue wat bande vaswerk aan al die gewrigte van die hande en sluiers maak oor die hoof van allerhande mense, groot en klein, om siele te vang. Wil julle siele vang van my volk en siele vir julle voordeel in die lewe hou?"* (Esé. 13: 17-18). Dit is raadsaam om die hoofstuk tot by die einde te lees en daaruit 'n les vir die toekoms te neem. Vreemd genoeg het daar nog niks verander nie. Dit is die vrouens wat deesdae dink dat hulle geestelik is en andere lesse kan gee, maar hulle is eintlik onder valse inspirasie. Hul vals-geïnspireerde profesieë het die karakter van magiese betowering, wat die dodelike gif van die slang dra, en almal wat na hulle luister, is geestelik gebonde en moet onder die gesag van die naam van Jesus Christus verlos word.

Die dienaars van God, wat die Woord verkondig het, moes beter geweet het om hulle optrede te ken en openbaar te maak. Maar soos Eva destyds na die slang geluister het en Adam ook in die sondeval getrek het, so het hulle ook geval onder die invloed van die vrou Isebel, *"wat ... my diensknegte ... verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet".* Uit die konteks blyk dit dat dit nie natuurlike hoerery is nie, maar geestelike hoerery. Vroue wat hulle as profete gedra, sal hulself weerhou om hoerery te pleeg met die diensknegte van God; want hulle sal onmiddellik hul geestelike gesag en invloed oor hulle verloor. Daardie "Isébel" wat terselfdertyd 'n profetes was én as leraar gewerk het, is gevra om berou te hê, en ook diegene wat aan haar verloof geraak het. Die geestelike kinders wat uit hierdie vermenging gekom het, het 'n geestelike dood gesterf.

Maar diegene wat nie verlei was deur die self-verklaarde profetes nie, en dan ook nie haar leer gevolg het nie, was die belofte gegee: *"En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het. En Ek sal hom die môrester gee".*

Die verlostes sal tesame met hul Verlosser alles erf en in die duisend-jarige Vrederyk oor al die nasies van die wêreld heers.

Die gemeentelike tydsduur van Thyatira het tot ongeveer 1520 gestrek.

# HOOFSTUK 3

## Die vyfde sendbrief

## Die tydperk van die Reformasie — Versterking van die swakkes in die geloof

Die **vyfde sendbrief**, die aan die gemeente in Sardis, begin met die woorde: *"Dit sê Hy wat* ***die sewe Geeste van God en die sewe sterre*** *het: Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy leef, maar jy is dood.*

*Wees wakker en versterk die wat oorbly, wat op die punt staan om te sterwe, want ek het jou werke nie volkome voor God gevind nie.*

*Onthou dan hoe jy die heilsboodskap ontvang en gehoor het, en bewaar dit en bekeer jou; as jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos 'n dief, en jy sal sekerlik nie weet in watter uur ek op jou afkom nie".*

Hierdie gemeente-tydperk kom voor in die begin van die Reformasie. Wat 'n teregwysing word hier uitgespreek! 'n Gemeente kan 'n reputasie het dat hulle lewendig is en eintlik geestelik dood is. Dit is moontlik om 'n skynbaar geestelike lewe te hê, om selfs gawes te kan bewerk, maar slegs die Gees van God is by magte om ‘n goddelike lewe te bewerk. Die salwing met die Gees vind plaas in die geestelike sfeer, en die wedergeboorte deur die Gees vind plaas in die siel.

Dan kom die versoek om wakker te wees en om die wat oorbly, wat op die punt van sterfte is, te versterk omdat hul

werke nie volkome voor God gevind is nie. *"Onthou dan hoe jy dit ontvang en gehoor het, en bewaar dit en bekeer jou".* Maar selfs in dié dae was daar 'n klein groepie wat verskil het van die breë massa sogenaamde 'gelowiges'. *"Maar jy het enkele persone ook in Sardis, wat hulle klere nie besoedel het nie, en hulle sal saam met My in wit klere wandel, omdat hulle dit waardig is".*

Die belofte aan haar word nog ‘n keer bevestig: *"Wie oorwin sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en sal sy naam bely voor my Vader en voor Sy engele".* Die moontlikheid bestaan dat 'n naam wat reeds in die "Boek van die Lewe" is, daaruit geskrap sal word. Uit die "Boek van die Lewe van die Lam", kan 'n naam egter nie uitgewis word nie. Die een het betrekking op die geroepenes, die ander op die uitverkorenes.

Toe Israel afgodediens gedoen het, wou God hulle name van die Boek van die Lewe skrap, maar Moses het in die bresse getree vir die volk. Hy wou versoening doen vir diegene wat deelgeneem het aan die dans rondom die goue kalf; 'n kalf wat hulle as hul god beskryf het. *"Nou dan, as U tog maar hulle sonde wou vergewe! En so nie, delg my dan maar uit u boek wat U geskryf het! Toe het die HERE Moses geantwoord: Wie teen My gesondig het, dié sal Ek uitdelg uit my boek"* (Ex. 32: 32-33). Vir alle gelowiges word nie die begin gekroon nie, maar die einde van die pelgrimsreis.

Die gemeente-tydperk van Sardis het gestrek tot ongeveer die jaar 1750.

## Die sesde sendbrief:

## Die Philadelphia-tydperk — die tyd van broederliefde

In die **sesde sendbrief** lui dit as volg: *"Dít sê* ***die Heilige, die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak*** *daar waar niemand sluit nie, en daar sluit waar niemand kan oopmaak nie:*

*Ek ken jou werke. Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie.*

*Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg — Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het.*

*Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel.*

*Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou (van jou kroon kan beroof) nie".*

Hierdie tydperk ná die Reformasie is terselfdertyd die van die oop deur én van broederliefde. Soos die deure van die Babiloniese gevangenis oopgegaan het, het ook die deure vir die verkondiging van die evangelie nou oopgegaan, regoor die wêreld. Ten spyte van die aanvanklike geringe krag, het die getroues aan die Woord vasgehou en die naam van die HERE nie ontken nie. Hy het dit so gestel: dat mense van die "Sinagoge van Satan" uitgekom het en hulself in die gemeente, deur die kragtige verkondiging van die evangelie, voor die HERE neergewerp.

Soos die HERE ook aandui, is hierdie periode direk voor die tyd van versoeking wat oor die hele wêreld sal kom. Hy kondig hier alreeds Sy naderende koms aan en vermaan syne: *"Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie".*

Die belofte lui soos volg: *"Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan*

*nie; en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam".*

Die gemeentelike tydsduur van Philadelphia was ongeveer tot die jaar 1900.

## Die sewende sendbrief:
## Vermaning oor louheid en traagheid

Die laaste, die **sewende sendbrief**, begin sommer onmiddellik met 'n teregwysing: *"Dít sê **die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God**:*

*Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm!*

*Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug.*

*Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie"*

In hierdie laaste gemeente-tydperk, wat nie warm of koud nie, maar lou en traag is, dreig die HERE, dat Hy diegene wat nie tot Hom bekeer nie, uit Sy mond sal spoeg, wat beteken dat hulle Sy oproep tot die eerste opstanding en die wegraping nie sal hoor nie.

Die misleidende aanname, dat geestelikes alles in oorvloed besit en aan niks gebrek het nie, word deur die HERE self met hierdie woorde verwerp: *"... en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie".* As iemand in die natuurlike arm, blind en naak is, is dit sleg. As hy dit egter nie weet nie, dus nie bewus van sy eie toestand is nie, dan is daar verstandelik iets verkeerd. Geestelik-gesproke is dit presies dieselfde.

Die tragedie in hierdie laaste, misleidende tydperk bestaan daarin dat mense iets voorgee, hulself verbeel en daarvan oortuig, maar wat in wese en in die werklikheid hoegenaamd nie bestaan nie. Volgens die vermaning van die HERE aan die gelowiges, aan die einde van die tyd van genade, het hulle glad nie werklik die ware geestelike oordeel nie. Die mens leef in 'n denkbeeldige- en droom wêreld, sonder om te besef dat die HERE se teregwysing geregverdig is. Tog gee Hy nie Sy eie prys nie, Hy klop aan en gee aan hulle die raad *"om van My te koop, goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien. Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou".*

Slegs diegene wat hul eie toestand erken en na die HERE kom, sal aanvaar wat Hy voorberei het, tot die salwing van die oë, sodat die goddelike en die koninkryk van God deur openbaring van die gees gesien kan word. Die HERE self getuig dat Hy by die deur staan en klop, hoewel daar van Hom gepreek, en gesing word en van daar die geesteswerking en die geestesgawes gepraat word. Die eredienste neem hul eie loop, maar Hy word nie in die gemeentes toegelaat, sodat die Woord aan hulle geopenbaar kan word nie. Sy lankmoedigheid kom egter tot 'n einde.

Daarom wend Hy hom dan, as die kloppende, tot die individue wanneer Hy sê: *"Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand My stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My".* Dit is die huidige situasie. Nie hele gemeentes nie, maar die individue in die kerke hoor Sy oproep, aanvaar Sy raad en maak hul hartsdeure oop sodat Hy Sy voorbereide maaltyd saam met hulle kan hou. Die tafel van die HERE was nie in een van die vorige tydperke so ryklik gedek soos nou nie.

Wat die belofte betref, is dit die kragtigste van almal: *"Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op My troon,*

*soos Ek ook oorwin het en saam met My Vader op Sy troon gaan sit het".* **In Christus het God die begin van die nuwe skepping deur verwekking gemaak**; Daarom het Hy Homself in hierdie gemeentelike tydperk voorgestel as **die begin van die skepping van God**. Almal wat deur God se Gees verwek en wedergebore is (Joh. 3: 3-7; Jak. 1:18; IPet. 1:23; IJoh. 5: 1-4), vorm die Gemeente van eersgeborenes (Heb. 12:23) en is terselfdertyd die nuwe skepping in Christus (IIKor. 5: 17-19) en het met Hom die oorwinning en sit op Sy troon en regeer saam met Hom.

Dit is opvallend dat die SO SPREEK DIE HERE aan die begin van elke sendbrief staan. Aan die einde van elkeen lees ons: *"Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê"*. Dit is presies waarop dit neerkom, naamlik om dit te hoor wat die Gees huidiglik sê deur die beloofde en geopenbaarde Woord vir hierdie tyd. Dit is die eintlike boodskap, dit wat nou, en ook in elke ander tydperk in werking was. In die eerste drie sendbriewe staan hierdie uitspraak *voor* die belofte, in die laaste vier daarinteen staan dit *na* die belofte.

In Matthéüs 13 is die HERE breedvoerig in Sy uiteensetting oor die behoefte om te hoor en te sien. Hy het diegene se oë wie sien en die ore van die wat hoor, met saligheid geprys. Die oorwinnaars uit alle gemeentelike tydperke bestaan uit diegene wat God se boodskap in hul tyd gehoor, geglo en gehoorsaam het. So bekom hulle dus 'n aandeel in wat God in hul tyd gedoen het. Net so moet ons ook hoor wat die Gees in ons dag deur die tydige boodskap te sê het, om deel te hê aan wat God belowe het en teenwoordiglik doen. Die ware kinders van God hoor nie net 'n boodskapper wat as 'n engel optree en die goddelike boodskap bring nie, maar hoor die SO SPREEK DIE HERE, glo die getuienis van die Woord en word dus so oorwinnaars, wat alles erf.

# HOOFSTUK 4

## Die blik op die Hemel

In hoofstuk 4 sien Johannes 'n geopende deur in die hemel en hoor die magtige stem, wat soos ‘n basuingeklank na hom roep: *"Kom op hierheen, en Ek sal jou toon wat ná hierdie dinge moet gebeur".*

Hy het toe alreeds die tydsverloop van die Gemeente op aarde gesien. Hiervandaan verder sien hy toe al die ander gebeure, naamlik die duisendjarige Koninkryk, die finale oordeel, die nuwe hemel en die nuwe aarde, vanuit 'n hemelse oogpunt.

Die siener getuig, *"En dadelik was ek in die Gees, en kyk, daar staan 'n troon in die hemel en Een sit op die troon"* (verse 1$^{\mathbf{b}}$-2). Hy was eintlik in die Gees in die hemel geplaas en kon die op-die-troon-sittende, wat omring was met 'n reënboog, presies beskryf (verse 3-4). So ook het hy die vier en twintig ouderlinge gesien sit op vier en twintig trone. Hulle was in wit geklee en het krone op hul hoofde gedra. Hy het verder ook blitse gesien en stemme en donderslae gehoor kom uit die troon, *"... en sewe vuurfakkels wat die sewe Geeste van God is, het voor die troon gebrand"* (vers 5$^{\mathbf{b}}$).

God is net *een* en het ook net een Heilige Gees, maar hierdie een Gees is werksaam in die sewe tydperke. So word dit in die simbool van die Lam met sewe horings en sewe oë daargestel. Die profeet Jesaja het die Seun van die mens beskryf selfs in hierdie sewevoudige gees-uitstraling: *"en op Hom sal die **Gees van die HERE** rus, die **Gees van wysheid** en **verstand**, die **Gees van raad** en **sterkte**, die **Gees van kennis** en van **die vrees van die HERE**.*

*En Hy het 'n welgevalle aan die vrees van die HERE; en Hy sal nie regspreek na wat sy oë sien nie, en nie oordeel na wat sy ore hoor nie"* (Jes. 11: 2-3).

Dit gaan oor die sewevoudige geestes-werking in die sewe onderskeie tydperke van die nuwe-testamentiese Gemeente. Ons vind die getal "sewe" verskeie kere in die boek Openbaring. Dit is nou inderdaad gekoppel aan bybelse profesie: sewe gemeentes, sewe engel-boodskappers, sewe beloftes vir die oorwinnaars, sewe seëls, sewe trompette, sewe donderslae, sewe skale, ens. Die getal "sewe" dui voltooiing aan. God het, ná Sy skeppingswerk, gerus op die sewende dag. Die sewende duisendjaar sal die Vrederyk van God op aarde wees (Jesaja 11; Jesaja 65; Openbaring 20, o.a.). Soos die eerste dag ná die sewende dag volg, so kan ook ná die sewende millennium nie 'n agtste volg nie — dit moet terugkeer na die begin, dit wil sê, tyd sal weer in die ewigheid invloei.

Johannes gaan in sy berig-gewing voort: *"en voor die troon was daar 'n see van glas soos kristal, en in die middel van die troon en rondom die troon vier lewende wesens vol oë van voor en van agter.*

*En die eerste lewende wese was soos 'n leeu, en die tweede lewende wese was soos 'n bul, en die derde lewende wese het 'n gesig gehad soos 'n mens, en die vierde lewende wese was soos 'n arend wat vlieg".*

Die profeet Eségiël, wie ook die HERE op die troon, omring deur 'n reënboog gesien het, gee in hoofstuk 1 'n gedetailleerde beskrywing van Hom en die vier lewende wesens.

*"... en hulle het sonder ophou dag en nag gesê: Heilig, heilig, heilig is die HERE God, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom!"* (Openb. 4:8[b]).

Die vier en twintig ouderlinge, wat al voorheen op hul trone gekroon gesien was, het met die hoogste eerbied voor Hom neergeval wat op die troon sit en wat alleen waardig is, en hulle krone voor die troon gewerp, en uitgeroep: *"U is waardig, o HERE, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskape".*

# HOOFSTUK 5

## Die geheimenisvolle boek met die sewe seëls

Hoofstuk 5 begin met die geheimenisvolle boek wat met sewe seëls verseël is, in die hand van die op-die-troon-sittende: *"En ek het 'n sterk engel gesien wat met 'n groot stem uitroep: Wie is waardig om die boek oop te maak en sy seëls te breek? En niemand in die hemel of op die aarde of onder die aarde kon die boek oopmaak of daarin kyk nie".*

Hierdie proses sal voor ons oë wees soos 'n drama, met verskillende rolle om die gebeurtenis verstaanbaar te maak. Johannes het geween, omdat niemand, of dit nou in die hemel of op aarde, of onder die aarde was, die boek kon oopmaak nie. Toe verneem hy dat daar een is: *"... kyk, **die Leeu** wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek".*

*"En ek het gesien, en kyk, in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die midde van die ouderlinge staan daar **'n Lam** asof Hy geslag is, met sewe horings en sewe oë, wat die sewe Geeste van God is wat uitgestuur is oor die hele aarde.*

*Hy het gekom en die boek geneem uit die regterhand van Hom wat op die troon sit".* Die Lam, nie die Leeu nie, het die boek geneem, want hierdie proses is nog in die genade-tyd van die nuwe-testamentiese Gemeente. Enersyds word die Seun van God hier aangedui as 'n *Leeu* uit die stam van Juda, wat Hom as Koning illustreer. Aan die ander kant het Johannes Hom gesien as 'n *Lam*, waardeur Hy gesimboliseer word as Verlosser, met betrekking tot die verlostes. Slegs die Lam van God, wie ons verlos het, is waardig om die boek te neem en die seëls te breek, en die geheim-gehoudene in hierdie boek, te openbaar.

*"en toe Hy die boek neem, val die vier lewende wesens en die vier-en-twintig ouderlinge voor die Lam neer, elkeen met siters en goue skale vol reukwerk, wat die gebede van die heiliges is.*

*Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig, om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want u is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie,*

***en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers"***

Dit is nie waar dat slegs enkelinge tot die priestersberoep bestem is nie, soos dit in sommige amptelike kerke die geval is. Dit is eerder dat al die verlostes deur God georden is, soos daar geskrywe staan: *"... en ons gemaak het konings en priesters vir sy God en Vader ..."* (hoofstuk 1, vers 6). *"Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry ..."* (IPet. 2:9[a]).

Die vier lewende wesens voor die troon het 'n spesiale opdrag wat in verband staan met die verloste Gemeente. Daarom sal hulle, soos ons sal sien, slegs met die oopmaak van die eerste vier seëls genoem word, maar nie in die laaste drie nie. Ook die vier ruiters word slegs in die eerste vier seëls getoon en nie in die laaste drie nie. Bybel-leraars sien die vier-en-twintig ouderlinge ooreenstemmend met die twaalf aartsvaders verteenwoordigend van die Ou Verbond, en die twaalf apostels, as verteenwoordigers van die nuwe-testamentiese Gemeente. Hier word aangedui dat dit handel oor die volledige voltooiing van die gelowiges uit die nasies en oor die twaalf stamme van Israel, met die oog op die Koninklike Heerskappy. Daarom is daar in hierdie konteks geen sprake van die Wegraping en die Bruilofsmaal **in die hemel** nie, maar eerder van die heerskappy **op aarde**.

Die hemelse leërskare stem tienduisend keer tienduisend in met die lofsang, soos hy tot dan toe nog nie bekend was nie. Hulle roep uit: *"Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlikheid en lof.*

*En elke skepsel wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde en wat op die see is, en alles wat in hulle is, het ek hoor sê: Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid!"*

Hieruit is dit opsigtelik dat by die verwerkliking en voleinding van die goddelike heilsraadsbesluite, die hele skepping betrokke is en by die lofprysing instem. Dan sal alle skeppinge vanaf die verganklikheid, waaraan sy onderwerp is en waaronder sy sug, verlos en bevry word (Rom. 8: 19-25). Ons kan ons amper nie voorstel, watter sug van verligting die ganse heelal op daardie tydstip sal uitasem nie, die oomblik dat alles van God tot die oorspronklike doel kom en Hy dan universeel lofprysing toegedeel word.

# HOOFSTUK 6

## Die opening van die seëls

## Die onthulling van die antichristelike mag

## ‘n Oorsig

Die 6de hoofstuk beskryf simbolies die opening en inhoud van die eerste ses seëls. Die sewe seëls is ook alreeds voorheen omvangreiklik behandel. Daarom sal ons dit net kortliks raak, soos ons ook met die sewe sendbriewe gedoen het.

In die eerste vier seëls word ons in elkeen 'n ruiter op 'n perd gewys, maar wat elke keer 'n ander kleur het. Dit is opmerklik in hierdie verband, dat die vier lewende wesens aan die goddelike kant voor die troon staan, maar die vier perderuiters daarinteen, is egter vir die teëstander. 'n Perd het nog altyd konflik in oorlogvoering gesimboliseer. Dit is die teëstander van Christus, wat daarop ingestel is en sy godsdiensveldtog langs die triomfantelike Jesus Christus hier op aarde mededingend ingespan het.

In die profeet Sagaría word die vier perde, wat later voor vier waens ingespan word, beskryf in dieselfde kleure as die vier perde in die vier seëls (Sagaría 2 + 6). Daar het dit gegaan oor die

vervolging en verstrooiing van Israel, hier gaan dit oor die vervolging en die vernietiging van die Gemeente. Dieselfde demoniese magte, wat die Romeinse Ryk teen die volk Israel gebruik het, het ook die Gemeente vervolg sedert die begin daarvan. Die nabootser van Christus ry onderskeidelik op die vier verskillende perde, waarvan die kleur die verwikkeling in die betrokke tydperk aandui.

Die profeet Joël beskryf hierdie vernietigende, antichristelike mag as afknyper, treksprinkaan, voetganger en kaalvreter (1:4). Die nuwe-testamentiese Gemeente is die liggaam van Christus in al sy volheid. Hy is die vrug-draende Boom van die Lewe, en ons is in Hom. Hy is die Wynstok, ons is die lote. Die teëstander het, deur die vier ontwikkelingsfases, probeer om die goddelike boom te vernietig, maar God het deur dieselfde profeet belowe om al die jare te vergoed (2:25).

Die eerste 3 seëls is al geskiedenis; die 4de seël strek tot aan die einde van die nuwe-testamentiese Gemeente. Die 5de seël gaan oor die Jode. Die 6de seël dek die oordeelstyd tot aan die einde. Die 7de seël bevat die sewe basuinoordele, wat binne die tyd van die 6de seël val.

# Die 1ste seël

## Die antichris in sy eerste stadium: Die onopvallende begin

Toe die Lam die eerste seël oopmaak, het een van die vier lewende wesens soos met 'n donderslag gesê: *"Kom kyk!"*. Johannes berig toe: *"En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit perd. En hy wat daarop sit, het 'n boog; en aan hom is 'n kroon gegee, en hy het uitgegaan as 'n oorwinnaar en om te oorwin".*

Wat agter hierdie prentjie is, sou niemand sonder meer iets in die geringste vermoed nie, totdat dit deur die Heilige Gees geopenbaar word. So is dit met die versluierde antichristelike mag in sy begin stadium. Die wit kleur van die perd dui aan, hoe onskuldig hy homself eers voorgee, en dat dit nog nie bloedbevlek was nie. Hy kon dit nie doen nie, want hy het nog geen wêreldmag besit nie. Aanvanklik het alles baie godsdienstig en 'Christelik' gelyk. Die ruiter word egter ontmasker as 'n bedrieër. Hy het 'n boog gehad, maar geen pyl nie. Dit was dus net iets bedriegliks. In teenstelling met Christus, wie se naam *"die Woord van God"* is (Openb. 19:13), het die teenstander verder geen naam nie, maar slegs 'n titel.

Die manne wie Paulus aangekondig het, wat vreemde leringe onderrig het, het hulself afgeskei mét die dissipels wat hulle gevolg het (Hand. 20: 29-31). Hierdie rigting het spoedig 'n ander Jesus verkondig, 'n ander evangelie gepreek, en was daarom onder die invloed van 'n ander gees (IIKor. 11: 3-4). Hulle staan buite die Woord van God en die evangelie van Jesus Christus en dus onder die vloek (Gal. 1: 6-9). Daar is ook geen nut om verklarings van apostelskap te maak, of te eis om in Christus se plek op te tree nie (IIKor. 11: 13-15). Die Woord-gebaseerde Gemeente het hierdie verkeerde rigting teenoor die boodskap en praktyke van die vroeë apostels op die proef gestel en bevind dat hulle leuenaars was (Openb. 2:2 o.a.).

Eers toe hierdie verwikkelinge gevorder het tot die onbybelse leerstellinge van die Nicolaïete en hul praktyke in 'n voorsittende hoof van die eerste georganiseerde Christelike godsdiens saamgevat is en deur hom verteenwoordig was, kon 'n kroon op hom geplaas word. Leerstellinge en handelinge kan nie gekroon word nie, net 'n persoon deur wie dit verteenwoordig word. Hy was daarop uit om die ware gelowiges te beveg en te verslaan.

Die verwikkelinge wat ooreenstem met die eerste seël strek tot die eerste paar eeue. Hierdie Woord-afwykende verwikkelinge het op alle vlakke die oorhand gekry, totdat die staatlike en kerklike uiteindelik in die tyd van Konstantyn met geweld verenig is. Van toe af was die Kerk in diens van die staat en die staat in diens van die Kerk. Die eerste seël strek tot in die tydperk van die derde kerk-eeu.

Van die begin af het hierdie anti-christelike mag, wat parallel met die ware Gemeente van Jesus Christus ontwikkel het, homself bevestig. Dit het onopvallend begin met die geloofsbeweging van die Nikolaïete (hfst. 2, vers 6). Johannes het na hierdie anti-christelike verdeeldheid verwys toe hy skryf: *"Hulle het van ons uitgegaan, maar hulle was nie van ons nie ..."* (IJoh. 2:19). Afgesonder van die bybelse Gemeente en betower deur die vyand, het hierdie oënskynlike gelowiges aanvanklik rondgedwaal. Later het hulle die geestelik-dooie leer van *Bileam* (Openb. 2:14) vergekondig, en uiteindelik het die vrou *Isébel*, wat 'n valse profetes was, hulle geestelike outoriteit geword (Openb. 2:20).

# 2de seël

## Die antichris in die tweede stadium: Die magsuitoefening en die bloedvergieting

Toe die tweede seël oopgemaak word, het die tweede lewende wese uitgeroep *"Kom kyk!". "En 'n ander perd, 'n vuurrooie het uitgekom en aan hom wat daarop sit, is dit gegee om die vrede van die aarde af weg te neem en dat hulle mekaar sou doodmaak; en 'n groot swaard is aan hom gegee".*

Johannes het nie soos in die begin, 'n wit perd gesien nie, maar 'n vuurrooie. Die tyd van vreedsame naasbestaan was uiteindelik verby, nou het hierdie geestelik-godsdienstige rigting sy wêreldse mag ontvang en het die vervolging van die andersgelowes begin. Dit word aangedui met die swaard wat aan hom oorhandig is. Almal wat die verloop van die geskiedenis ken, weet dat daar baie bloed vergiet was deur die blinde fanatisme aan die kant van die georganiseerde godsdiens.

Die ruiter het nie die Woord van God gehad as 'n swaard van die Gees nie, maar as 'n aardse swaard en het aardse mag uitgeoefen. Vrede is van die aarde geneem, nasies en stamme is teen mekaar opgerui in die naam van godsdiens, sodat hulle teen mekaar geveg het. In die tweede fase van hierdie godsdienstige, tog anti-christelike bose mag — gesimboliseer deur die tweede perderuiter — is baie aan vervolging blootgestel. Die rooi kleur van die perd illustreer die bloed van al die martelaars wat hul lewens moes verloor. Die tweede seël val binne die tyd van dwang-kerstening en strek tot in die Middeleeue.

# 3de seël

## Die antichris in die derde stadium: Die donker tydperk

By die opening van die derde seël roep die derde lewende wese: *"Kom kyk!". "En ek het gesien, en kyk, daar was 'n swart perd; en hy wat daarop sit, het 'n skaal in sy hand.*

*En ek het 'n stem tussen die vier lewende wesens hoor sê: 'n Rantsoen koring vir 'n penning en drie rantsoene gars vir 'n penning; en moenie die olie en die wyn beskadig nie".*

Na die tyd van die groot onderdanigheid en die vervolging van andersgelowiges, het 'n tydperk aangebreek van nog groter ellende. Die dood het sy prooi op die een of ander manier, in oorvloedige mate bereik. Dié donker tydperk word deur die swart perd versinnebeeld. Die ruiter, wie aan homself die mag toegeëien het, het die skaal in sy hand gehou. Die mense was toe heeltemal van hom en van sy welwillendheid afhanklik gemaak. Hy het bepaal wie is wie en wie kry wat en hoeveel. Diegene wat hulle nie aan sy wil onderwerp het nie, moes daarvoor boet — van hulle was daar baie. So het die dood dus 'n oorvloedige buit gemaak.

Uit die beskrywing: *"'n Rantsoen koring vir 'n penning en drie rantsoene gars vir 'n penning",* word aangedui hoe die pryse gestyg het. Die olie en die wyn moes nie beskadig word nie. In 'n figuurlike sin is die olie 'n simbool van die Heilige Gees waardeur elke openbaring van die Woord van God kom. Wyn praat van die stimulasie, die oorweldiging wat 'n ware openbaring by 'n mens veroorsaak. In elk geval moes die bybelse gelowiges baie ontberinge ervaar.

Die derde seël het gestrek oor die tyd van die Reformasie, tot in die agtiende eeu, in die tyd van die verligting toe daar skeiding van kerk en staat gekom het, met die gevolglike beperking van die godsdienstige mag.

# 4de seël

## Die antichris in sy vierde stadium: Die dood-bringende mengsel

By die opening van die vierde seël het die vierde lewende wese met 'n harde stem geroep: *"Kom kyk!". "En ek het gesien, en kyk, daar was 'n vaal perd. En hy wat daarop sit, sy naam is die dood, en die doderyk het hom gevolg. En aan hulle is mag gegee oor die vierde deel van die aarde om dood te maak met swaard en hongersnood en pes en deur die wilde diere van die aarde".*

Die vierde fase van hierdie uiterlik-christelike, maar eintlik in werklikheid wêreldse supermag, duur tot aan die einde van die laaste kerkeeu.

In hierdie laaste ontwikkelingsfase, wat tot vandag nog bestaan, is die eerste drie verenig. Voeg die eerste drie kleure saam, dan kry jy die vierde. Van die onopvallende begin van die eerste wit perd, van die bloedrooi van die tweede perd, óf van die beduidende swart perd, is daar niks meer te sien nie: aan die einde is alles gemeng en kom hy in hierdie tyd in die laaste perd voor as ondefiniëerbaar, bleek en vaal. Die ruiter self word 'dood' genoem. Geen wonder dat dit geskryf staan: *"... en die doderyk het hom gevolg".* So gewis soos die goddelike lewe deur Christus kom, so sekerlik kom die geestelike dood deur die antichris en sy godsdienstige stelsel.

In hierdie vierde ruiter word die konstellasie van die eindtyd aan ons beskryf, soos dit nou voor ons oë verskyn. Die mensdom besef nie dat, in die wêreldwye instellinge wat in die seëls beskryf word, alles verenig is: met sy lam-voorkoms word ander vervolg en word die massas oorheers — dominansie op alle terreine. Daar is dan slegs een godsdienstige vorm oor, met geen spoor van die krag van God daarin nie. Die eintlike doel is die uitoefening van wêreldmag onder 'n vrome kleed. Dit word alles duidelik gemaak deur die verhewe ruiter op die perd.

Die eerste vier seëls dek die antichristelike ontwikkelinge vanaf die begin van die Nuwe Testament. Hierdie vier ontwikkelingsfases, was reeds al deur die profeet Joël aangedui, deur die vier kewers wat die vrugteboom van God probeer vernietig het (hoofstuk 1:4), sowel as in die profeet Sagaria, deur die vier perde (hoofstuk 1:8 en 6: 2-5) en met die vier horings (hoofstuk 1: 18-21). Die antichris self, die voorloper van hierdie wêreldinstelling, word illustrerend voorgestel deur die onderskeie ruiters wat die leisels in die hande hou en sodoende die godsdienstige en wêreldlike gebeure aanvoer.

## 5de seël

## Die Joodse martelaars in die verlede en in die toekoms

By die opening van die vyfde seël word geen oproep van 'n lewende wese meer gehoor nie, omdat hierdie seël nie verband hou met die nuwe-testamentiese Gemeente nie. Die vyfde seël val half in die tydsbestek van die Gemeente, naamlik, betreffende die reeds doodgemaakte Joodse martelaars en aan die ander kant, in die tyd ná die wegraping van die Bruid, wanneer die getal Joodse martelaars in die groot verdrukking voltallig word. Diegene wat tot die nuwe-testamentiese Gemeente behoort, gaan na die paradys as hulle van hier af weggeneem word; die siele van die Joodse martelaars, aan die ander kant, is onder die brandofferaltaar. Hulle kan nog nie in die heerlikheid van God ingaan nie, omdat hulle die versoening in Christus nog nie aangeneem het nie.

*"En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die Woord van God en die getuienis wat hulle gehad het.*

*En hulle het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Hoe lank, heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie?*

*En aan elkeen van hulle is wit klere gegee; en aan hulle is gesê dat hulle nog 'n klein tydjie moes rus totdat ook hulle medediensknegte en hulle broeders wat nog gedood sou word soos hulle, voltallig sou wees"*

Die Jode wat in die verlede doodgemaak was — dink aan almal wat die afgelope 1,500 jaar gedood was, waarvan ses miljoen in ons tyd alleen vermoor was — het nog nie die getuienis van Jesus Christus gehad nie. Hulle het gesterf as draers van die getuienis van die Woord van God, soos Israel dit gekry het. Daarom roep hulle om wraak en vra: *"Hoe lank, heilige en waaragtige HERE,* ***oordeel en wreek U nie ons*** *bloed op die bewoners van die aarde nie?".*

Diegene wat waarlik in Christus glo en met God versoen is, moenie wraak neem nie; hulle bid vir hul vervolgers soos hul Verlosser dit gedoen het: *"Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie"* (Luk. 23:34), of soos Stéfanus, wie uitgeroep het in gebed, terwyl hy gestenig was deur sy vyande: *"HERE, reken hulle hierdie sonde nie toe nie!"* (Hand. 7:60)

Die siele onder die altaar was vermoor weens die Woord van God en ter wille van die getuienis wat hulle as Jode gehad het. Hulle het op die Messias gewag, maar, soos reeds genoem, het hulle nog nie die openbaring gehad dat Jesus Christus van Nasaret, hul Messias was nie. Daarom is hulle nie onder die verlostes van die nuwe-testamentiese Gemeente nie. God stap met die volk Israel 'n spesiale pad, volgens Sy raadsbesluit wat voor die grondlegging van die wêreld ooreengekom is. Op grond van die verbondsluiting, is die volk Israel deur die HERE daartoe bestem om getuienis af te lê van Hom, die alleen-ware God, en van Sy Woord.

Bekende kerk-leraars het aangevoer dat God Israel verwerp het en die Gemeente in hul plek geplaas het. Dit is nie bybels nie. God het Israel net tydelik verhard en oë gegee wat nie sien nie,

ter wille van ons, sodat ons oë kon oopgaan en ons kon deel aan Sy verlossing. Die God-gegewe roeping en verkiesing van Israel is onherroeplik en waarvoor Hy nie berou kan hê nie (Romeine 11). Die martelaars onder die Jode verkry saligheid, al het hulle nie bekering tot Christus ervaar nie, omdat hulle in die koms van die Messias oortuigend geglo het en daarvoor gewag het.

In die tweede deel van die teks oor die vyfde seël, word aan ons duidelik gesê dat hierdie martelaars 'n wit kleed kry, maar hulle moet 'n kort rukkie geduldig wees, totdat hul mede-diensknegte en broeders voltallig sou wees, wie net soos hulle, ook doodgemaak moet word. Diegene wie aan die nuwe-testamentiese Gemeente behoort, word altyd na verwys as "seuns en dogters"; die Israeliete, daarteenoor, word "diensknegte en diensmaagde" genoem. Hierdie onderskeidelike terminologie vind ons in Handelinge 2, verse 17-18, in verband met die uitstorting van die Heilige Gees op beide groepe, eers op die "seuns en dogters", daarna op die "diensknegte en diensmaagde".

# 6de seël

## 'n Blik op die begin van die Dag van die HERE

## Wêreldwye natuurrampe

Die sesde seël dek die end-fase van die groot verdrukking en lei die Dag van die HERE in. Vir 'n beter begrip, 'n algehele oorsig van die aangekondigde gebeurtenisse: Eerstens vind die Wegraping plaas wat die Bruidgemeente die Heerlikheid inneem. Byna terselfdertyd sal die verdragsooreenkoms gesluit word tussen die Vatikaan, Israel, die Palesteinse Bevrydings Organisasie (die PBO) en die Arabiese buurstate, en begin die drie-en-'n-half jaar bediening van die twee profete in Jerusalem. Na die voleinding van hul opdrag, verskyn die 144,000 gelowige Jode op die berg Sion. Die ooreenkoms word dan verbreek, en die twee profete word vermoor. Dit word gevolg deur die drie-en-'n-half-jaar van die groot verdrukking van die Jode (Dan. 7:25), asook die mags-uitoefening van die antichris oor alle volkere (Openb. 13: 5-7).

*"En dadelik **ná** die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word"* (Matt. 24:29). Omvattende wêreldrampe en veranderinge vind plaas tydens hierdie kort tydsverloop. Die basuin- en toornoordele met die skale, val ook in hierdie heel laaste tydperk. Tydens die sesde seël word hemel én aarde geskud en betrek by die oordeels- en reinigingsproses. Dan sal gebeur, wat die mens nou alreeds vrees: meteoriete val op die aarde, en selfs die hele heelal word geskud.

*"En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sakkleed, en die maan het geword soos bloed;*

*en **die sterre van die hemel het op die aarde geval**, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval;*

*en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit".*

Op aarde heers daar dan groot verwarring, radeloosheid en wanhoop. Wat die mense nie verwag het nie, kom dan skielik oor die hele aardse sirkel, naamlik dan, dat die tyd van die heidene wat Jerusalem vertrap het, verstryk sal wees (Luk. 21:24).

*"En daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid, wanneer see en branders dreun,*

*en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word"* (verse 25-26).

Wanhoop word in die volgende bybelteks uitgedruk: *"en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge,*

*en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?"* (Openb. 6: 15-17).

Die lering dat die Wegraping ná die groot verdrukking is, is onbybels. Ons word vertel dat Jesus kom en *"... ons van die toekomstige **toorn verlos"*** (IThes. 1:10[b]). *"... Want God het ons **nie bestem tot toorn nie**, maar om die saligheid te verkry deur onse HERE Jesus Christus"* (IThes. 5:9, ens.).

Die genade van God wat aan die mensdom gegee is tydens die versoening deur die Lam van God, eindig vir ewig en vir altyd wanneer die genadetroon die Regter se troon word. Dan word die stille Lam die Regter. Goddelike woede breek uit in die oorgang na die Dag van die HERE, dit sluit in die voorlopige oordeel en die suiwering vóór die duisendjarige Koninkryk. *"... **die groot dag van Sy toorn het gekom**, en wie kan bestaan?"* (Openb. 6:17). Baie bybelgedeeltes vertel ons wat in hierdie konteks sal gebeur. Die sal aarde dan heen en weer swaai soos 'n hangmat, soos Jesaja vooruitgespreek het:

*"Die aarde word geheel en al verbreek, die aarde is geheel en al aan wankel, die aarde word geheel en al geskud.*

*Die aarde waggel geheel en al soos 'n dronkaard en swaai heen en weer soos 'n hangmat; en sy oortreding is swaar op hom; en hy sal val en nie weer opstaan nie"* (24: 19-20).

In hierdie teks word ons die einde op aarde gewys — die einde met afgryse. Maar soos ander bybelgedeeltes duidelik getuig, sal die hele skepping daarna deel hê van die glorieryke toestand van die duisendjarige koninklike Heerskappy. Wat nie voor God kan bestaan nie, kom tot 'n einde, en wat voor Hom kan bestaan, neem sy plek in. Alles sal weer goed gaan.

# HOOFSTUK 7

## Die verseëldes vanuit die Jode

Die sewende hoofstuk is maklik om te verstaan. In die eerste deel word die verseëling van die 144,000 uit die **twaalf stamme van Israel** aan ons beskryf en in die tweede helfte, die ontelbare skare uit die nasies wat deur die groot verdrukking sal gaan. In die eerste vers word die vier oordeelsengele getoon wat die vier winde hou, maar wat eers met die sesde basuin losgelaat word (hfst. 9: 14+15).

*"En ná hierdie dinge het ek vier engele op die vier hoeke van die aarde sien staan, en hulle het die vier winde van die aarde vasgehou, sodat geen wind sou waai op die aarde of op die see of teen enige boom nie"* (vers 1). Winde of storms praat van verwoesting en vernietiging. So word dit ook bevestig in die profetiese woord (Sag. 6:5).

Dit gaan eerstens oor die verseëling van die 144,000 vanuit Israel se 12 stamme. Hulle sal aan die voorkop verseël word met die seël van God. Diegene wat aan die Gemeente behoort, dra die Seël van die Gees, wat die Seël van God is, die Heilige Gees (Efé. 1:13; 4:30, o.a.). So het die Gees van God oor die Seun van God, ná Sy doping gekom (Matt. 3:16; ens.), *"... want Hom het God, die Vader, verseël"* (Joh. 6:27[b]), dieselfde Gees kom oor al die seuns en dogters van God, wie Hom welgevallig is (Hand. 2: 38-39; IIKor. 1: 21-22; o.a.).

Hierdie gebeurtenis aangaande die 144,000 is simbolies voorgestel deur 'n engel, wat vanaf die sonsopkoms gestuur word en die Seël van God het. Die profeet Eségiël het gesien dat diegene wat gruweldade ly in Jerusalem, op die voorkop gemerk was (Esé. 9: 1-6). Die beskrywing in beide Eségiël én Openbaring toon duidelik dat die verseëling eers moet gebeur. Slegs dan kan die oordeelsengele hul opdrag uitvoer.

*"En ek het 'n ander engel sien opkom van die opgang van die son, met die seël van die lewende God; en hy het met 'n groot stem geroep na die vier engele aan wie die opdrag gegee was om die aarde en die see aan te rig en gesê:* ***Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie"*** (Openb. 7: 2+3).

Soos die profetiese woord aan die een kant aandui dat die mense die *merk van die dier* figuurlik gesproke op die voorkop en op die regterhand sal dra, sal die diensknegte van God, aan die ander kant, die Seël van God op hul voorhoofde dra. Die merk van die dier en die seël van God is nie sigbaar met die natuurlike oog nie. Ook die berekende nommer 666 (hoofstuk 13, vers 18), en ook die vrou met die goue beker met al die godslasterlike name en die opskrif "… die groot Babilon ..." op haar voorkop, kan nie met natuurlike oë in die een of ander woestyn gesien word ry op 'n dier nie. Hier betree ons openbaringsgrond; Dit moet in die grootste mate met geestelike begrip en geestelike taal verbind word (IKor. 2: 13-15). Die HERE ken Sy eie (IITim. 2:19), en diegene wat Syne is, ken Hom (Joh. 10:14).

Hierdie teks aangaande die 144,000, moenie geïnterpreteer word dat hulle 'n elite-groep uit die Gemeente, óf dat dit 'n godsdienstige organisasie is nie — dit moet geglo en gelaat word soos dit geskrywe staan: *"En ek het die getal van die verseëldes gehoor: honderd-vier-en-veertigduisend verseëld uit* ***al die stamme van die kinders van Israel****:*

*uit die stam van Juda twaalfduisend verseëldes; uit die stam van Ruben twaalfduisend verseëldes; uit die stam van Gad twaalfduisend verseëldes;*

*uit die stam van Aser twaalfduisend verseëldes; uit die stam van Náftali twaalfduisend verseëldes; uit die stam van Manasse twaalf-duisend verseëldes;*

*uit die stam van Símeon twaalfduisend verseëldes; uit die stam van Levi twaalfduisend verseëldes; uit die stam van Íssaskar twaalfduisend verseëldes;*

*uit die stam van Sébulon twaalfduisend verseëldes; uit die stam van Josef twaalfduisend verseëldes; uit die stam van Benjamin twaalfduisend verseëldes".*

In die teks word die **twaalf stamme** by naam gelys. Daarom moet 'n fout en 'n verkeerde interpretasie uitgesluit word omdat dit nie duideliker gesê kan word nie. Die lering, bekend onder die term "British Israel", dat die tien stamme onder die volkere verlore gegaan het, is heeltemal onbybels, want die heilige Skrif getuig dat al twaalf stamme ten tyde van die verseëling in hul vaderland sal wees.

## Die ontelbare skare uit die Groot Verdrukking

Vanaf vers 9 sien Johannes 'n groot menigte van alle volke en tale, *"hulle het gestaan **voor** die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande;*

*en hulle het met 'n groot stem geroep en gesê: Redding is van onse God wat **op** die troon sit, en van die Lam!*

*En al die engele het rondom die troon en die ouderlinge en die vier lewende wesens gestaan, en hulle het **voor die troon** op hulle aangesig neergeval en God aanbid*

*en gesê: Amen! Die lof en die heerlikheid en die wysheid en die danksegging en die eer en die krag en die sterkte aan onse God tot in alle ewigheid! Amen"* (verse 9-12).

Teenoor hierdie groep wat **voor** die troon verskyn, ervaar die oorwinnaarsskare, wat weggeraap word, die verwerkliking van die belofte om **op** die troon te wees. *"Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit **op** my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader **op** sy troon gaan sit het"* (hoofstuk 3, vers 21). Hulle wie in die verdrukking terugbly, verskyn **voor** die troon by die oprigting van die duisendjarige Koninkryk.

Hierdie ontelbare menigte sal die HERE God in Sy tempel dien; hulle sal nie mét Hom regeer nie:

*"Toe het een van die ouderlinge gespreek en vir my gesê: Hulle wat bekleed is met die wit klere, wie is hulle en waarvandaan het hulle gekom?*

*En ek sê vir hom: My heer, u weet dit. En hy sê vir my: Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul* ***klere wit gemaak in die bloed van die Lam****.*

*Daarom is hulle* ***voor*** *die troon van God en dien Hom* ***dag en nag in sy tempel; en Hy wat op die troon sit, sal bo hulle woon****.*

*Hulle sal nie meer honger en nie meer dors hê nie, en nooit sal die son of enige hitte op hulle val nie;*

*want die Lam wat in die (midde) van die troon is, sal hulle laat wei en hulle na lewende waterfonteine lei, en God sal alle trane van hulle oë afvee"* (verse 13-17).

Die gebruik van die woorde *"dag en nag"* dui aan dat dit in die tydperk van die duisendjarige Koninkryk is en nie in die ewigheid is nie, wanneer die tydelike begrippe soos 'dag en nag', 'gister en môre', glad nie meer sal bestaan nie. Hierdie ontelbare skare, wat die HERE God in Sy **tempel** bedien, is die verlostes, hulle wie uit die groot verdrukking kom. Die Bruidgemeente is identies met die Nuwe Jerusalem (Openbaring 21, vanaf vers 9) en sal daarin woon. In die Nuwe Jerusalem, as die stad van God, sal daar **geen tempel wees nie**.

*"En 'n tempel het ek nie daarin gesien nie, want die HERE God, die Almagtige, is Sy tempel, en die Lam.*

*En die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die heerlikheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp"* (Openb. 21: 22+23).

Die groot skare, wat niemand kon tel nie, bestaan uit verloste gelowiges, wie wel gered is deur die bloed van die Lam en wie deur genade wit klere gegee word, maar hulle behoort egter nie tot die weggeraapte eerstelingskare nie. Die verdrukking het hulle nie rein gemaak of saligheid gebring nie — hulle was reeds voorheen gered, maar was egter nie gereed vir die Wegraping nie. **Die Verlossing is vir almal wat met God versoen word, ongeag aan watter groepering hulle behoort, en is slegs**

**moontlik deur die bloed van die Lam van God.** Goeie werke en verdrukkinge het nog niemand salig gemaak of die ewige lewe gegee nie. In Jesus Christus alleen het God die nuwe verbond geskenk, deur die bloed wat aan die kruis op Gólgota gestort is. Wie daarin glo, ervaar die versoening met God persoonlik en ontvang die ewige lewe.

# HOOFSTUK 8

## 7$^{de}$ seël

## Die stilte in die Hemel

## Die genadetroon word die oordeelstroon

## Inleiding tot die sewe basuinoordele

## Die eerste vier basuine

*"En toe die Lam die sewende seël oopgemaak het, kom daar stilte in die hemel omtrent 'n halfuur lank"* (vers 1).

Die eerste ses verse gee 'n presiese weergawe van wat in die sewende seël vervat is en gebeur. In die eerste vers word, deur die skielike stilte in die lug, die oorweldiging oor die ongekende, asemrowende gebeure uitgespreek.

Jesaja getuig van die hemelse leërskare, wat onophoudelik uitroep: *"Heilig, heilig, heilig is die HERE van die leërskare"* (hoofstuk 6, vers 3). Johannes berig dat ook die vier lewende wesens, sonder om op te hou, dag en nag uitgeroep het: *"Heilig, heilig, heilig is die HERE God, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom!"* (Openb. 4:8).

By die oopmaak van die sewende seël, is dit plotselings heeltemal stil in die Hemel. Dit is die oomblik van grootste verrassing; die hele hemelse leërskare swyg vir 'n halfuur lank. Dit gebeur op die tydstip wanneer die genadetroon die oordeelstroon word en die toorn van God losbreek. Vir die ganse Hemel is die voleinding van God se in-ewigheid-verwerkte verlossingsplan, 'n groot verrassing.

Soos dit met die vorige seëls was, dat die hele teks van wat daartoe behoort, in dieselfde beskouiing gelees en ingesluit moet word, moet dit dieselfde wees met die laaste seël. Eers vanaf vers 2 word ons vertel wat die sewende behels en wat dan gebeur: *"En ek het die sewe engele gesien wat voor God staan, en sewe basuine is aan hulle gegee.*

*En 'n ander engel het gekom en met 'n goue wierookbak by die altaar gaan staan, en baie reukwerk is aan hom gegee, vir die gebede van al die heiliges op die goue altaar voor die troon van God;*

*en die rook van die wierook het vir die gebede van die heiliges uit die hand van die engel opgegaan voor God.*

*En die engel het die wierookbak geneem en dit met vuur van die altaar volgemaak en dit op die aarde gegooi; en daar het stemme gekom en donderslae en weerligte en aardbewing"*

Dit is duidelik dat dit op daardie tydstip eintlik oor Israel gaan. Gedurende die tyd van die nuwe-testamentiese Gemeente is Jesus Christus die Middelaar en Voorspraakmaker voor die troon, waarop Hy sy bloed as Hoëpriester aangebied het (Heb. 9: 11-14). Sy hoëpriesterlike bediening word met die Wegraping voltooi, sodra Hy die begenadigdes, vir wie Hy ingetree het, opneem na Homself. Nadat die Bruidgemeente weggeneem is, gaan dit oor Israel. Die gebede van die gelowig-gewordenes uit die twaalf stamme van Israel word nie deur Christus as Middelaar en Hoëpriester, voor die genadetroon van barmhartigheid gebring nie; op daardie stadium vier Hy, as Bruidegom, die bruilofsmaal saam met Sy geliefde Bruid in die Hemel. Die gebede van die wat dan verseël sal word styg op en

word deur die engel as wierookwerk versamel en op die goue altaar aangebied.

Sodra die sewe engele wat voor God staan, hul basuine ontvang, word die laaste gebede van gelowig-gewordene Jode in die wierookbak op die goue altaar voor die troon van God gebring. Daarna word die genadetroon verander in die troon van oordeel: die toorn van God breek deur. Dit gaan aangedui word deur die vurige kole wat op die aarde neergewerp word. Op daardie oomblik doen God afstand van aanbidding, want Hy kan nie lofprysing aanvaar en terselfdertyd uiting gee aan Sy uiteindelike toorn nie. Daarom is daar stilte in die hemel.

Wanneer die wierookbak sy goddelike bestemming bereik het, word dit met gloeiende kole vanaf die altaar gevul, wat dan op die aarde neergewerp sal word om aan te dui dat die toorn van God losgebreek het en oor die aarde kom. *"En die sewe engele met die sewe basuine het hulle gereed gemaak om te blaas"* (vers 6). Die genadewerk met die nasies en met Israel is dan voltooi.

Van al die seëls, word dit wat in die sewende bevat is, die duidelikste beskryf; ook bevat dit geen verborge simbole soos die ander nie. 'n 'Spesiale' openbaring oor die sewende seël is dus glad nie 'n nodig nie. Die verbindinge is vollig duidelik en omvattend. Nadat die genade-troon die oordeelstroon geword het, begin die engele op die basuine blaas. So word dit duidelik in die bybelteks uitgedruk. Ons moet onthou dat die basuin-oordele eers kan kom, nadat die verseëling van die 144,000 plaasgevind het (hoofstuk 7).

*"En die **eerste engel** het geblaas, en daar het hael en vuur gekom met bloed gemeng, en dit is op die aarde gegooi. En 'n derde van die bome het verbrand, en al die groen gras het verbrand.*

*En die **tweede engel** het geblaas, en iets soos 'n groot berg wat brand met vuur, is in die see gegooi. En 'n derde van die see het bloed geword,*

*en 'n derde van die lewende skepsele in die see het gesterwe, en 'n derde van die skepe het vergaan.*

*En die **derde engel** het geblaas, en 'n groot ster wat soos 'n fakkel brand, het uit die hemel geval, en dit het geval op 'n derde van die riviere en op die waterfonteine.*

*En die naam van die ster word genoem Alsem; en 'n derde van die waters het als geword, en baie mense wat die water geniet het, het gesterwe, omdat dit bitter geword het.*

*En die **vierde engel** het geblaas, en 'n derde van die son is getref en 'n derde van die maan en 'n derde van die sterre, sodat 'n derde van hulle donker sou word en die dag vir sy derde deel nie lig sou gee nie, en die nag net so".*

Die eerste vier trompette is teen die natuur gerig. Dit gaan oor gebeure wat presies beskryf word. Nadat die vier engele hul basuine geblaas het, skryf Johannes: *"En ek het gesien en gehoor 'n arend wat in die middel van die hemel vlieg, wat met 'n groot stem sê: Wee, wee, wee hulle wat op die aarde woon, **vanweë die orige geluide van die basuin van die drie engele wat nog sal blaas!**"* (vers 13).

# HOOFSTUK 9

## Die ondenkbare pyn

## Die vyfde basuin — die eerste wee

*"En toe die* ***vyfde engel*** *blaas, sien ek 'n ster wat uit die hemel op die aarde geval het, en aan hom is die sleutel van die bek van die afgrond gegee.*

*En hy het die bek van die afgrond oopgemaak, en daar het rook opgekom uit die put soos rook van 'n groot oond, en die son en die lug is deur die rook van die put verduister.*

*En uit die rook het daar sprinkane uitgekom op die aarde, en aan hulle is mag gegee soos die skerpioene van die aarde mag het"* (vv. 1-3).

Die aankondiging aan die einde van die 8ste hoofstuk is geregverdig, want met die vyfde basuin word die grusame angs uitgebeeld wat mense sal tref wat **nie** die seël van God dra nie. Soos reeds gesê, het die 144,000 op daardie oomblik reeds die seël van God en bly dus bewaar tydens die basuin-oordele. Volgens die onfeilbare getuienis van die Heilige Skrif, kan die basuin-oordele net plaasvind na die voltooiing van die drie-en-'n-half-jaar bediening van die twee profete. Nog meer: die verseeldes is in Israel wanneer die vyfde basuin geblaas word, naamlik gedurende die vyf maande van helse angs, en bly ongeskonde. Jesaja 26, vers 20:

*"Kom, my volk, gaan in jou binnekamers en sluit jou deur agter jou toe, verberg jou vir 'n klein oomblik, totdat die grimmigheid verbygaan"*

*"En aan hulle is opdrag gegee dat hulle nie die gras van die aarde of enige groenigheid of enige boom moet beskadig nie, maar net alleen die mense* ***wat die seël van God nie*** *op hulle voorhoofde het nie"* (Openb. 9:4 — vergelyk Openb. 7: 1-8).

Hierdie eienaardige wesens word die krag gegee wat die skerpioene gewoonlik besit. Dit is wesens wat direk uit die hel opstyg; die pyn wat hulle veroorsaak is ondenkbaar. Hierdie pyn is beperk tot vyf maande.

*"En dit is aan hulle gegee, nie om hulle dood te maak nie, maar dat hulle* ***vyf maande lank*** *gepynig sou word; en hulle pyniging was soos die pyniging van 'n skerpioen wanneer hy 'n mens steek.*

*En in dié dae sal die mense die dood soek en dit nie vind nie; en hulle sal verlang om te sterwe, en die dood sal vir hulle wegvlug"* (verse 5-6).

Hierdie grusame wesens, wat uit die afgrond uit opstyg, word vanaf vers 7 tot 10 beskrywe:

*"En die voorkoms van die sprinkane was soos dié van perde wat vir die oorlog toegerus is,*

*en op hulle koppe was iets soos krone wat net soos goud gelyk het, en hulle gesigte was soos die gesigte van mense.*

*En hulle het hare gehad soos vrouehare, en hulle tande was soos dié van leeus.*

*En hulle borsharnasse was soos van yster, en die gedruis van hulle vlerke was soos die gedruis van baie strydwaens met perde wat opruk na die oorlog.*

*En hulle het sterte gehad soos dié van skerpioene, en daar was angels in hulle sterte, en hulle mag was om die mense vyf maande lank skade aan te doen".*

*"En hulle het as koning oor hulle die engel van die afgrond; sy naam in Hebreeus is Abáddon. In Grieks het hy die naam van Apóllion"* (v. 11).

Hierdie verskriklike beproewing wat op die goddelose mensdom val, word beskryf as die eerste "wee".

Soos die plae oor Egipte gekom het met Israel se uittog, so word ons in die eerste vier basuin-oordele die plae voor oë gewys wat in daardie tyd oor die *natuur* sal kom.

In die vyfde en sesde basuine leer ons van die pyniging wat die goddelose mensdom dan sal verduur. In die vyfde sal mense die dood soek, maar nie sterf nie; hulle sal hierdie ondenkbare pyn verduur. In die sesde basuin begin die groot sterwing.

Die ses basuin-oordele val chronologies op mekaar en gebeur gedurende die sesde seël. Die enigste uitsondering is die sewende basuin, wat nie 'n oordeel bevat nie, maar die proklamasie van die Koninklike Heerskappy is.

## Die sesde basuin — die tweede wee

*"En die **sesde engel** het geblaas, en ek het 'n stem gehoor uit die vier horings van die goue altaar wat voor God is,*

*en dié het aan die sesde engel met die basuin gesê: Maak die vier engele los wat gebind is by die groot rivier, die **Eufraat**.*

*Toe is die vier engele losgemaak wat gereed gehou was vir die **uur** en **dag** en **maand** en **jaar**, om 'n derde van die mense dood te maak"* (verse 13-15).

Die Eufraat, waar die vier engele tot op die bestemde oomblik gebind word, vloei deur die hedendaagse Irak. Van daar af, die bakermat van die mensdom, waar die paradys en baie bekende stede geleë was soos Babilon, Haran, Ur in Chaldea, Ninevé, o.a., gaan hierdie groot onaardse leër vanuit die afgrond verrys, en 'n derde deel van die mensdom doodmaak. Aangesien dit 'n wêreldwye aksie is, word die vier engele in hoofstuk 7 aan die vier uithoeke van die aarde getoon. Hier word ons na die presiese geografies ligging heengewys, waarvandaan hierdie grusame verderf oor die mensdom sal begin. Op die groot dag van God sal die aardse leër ook daarvandaan optrek (Openb. 16: 12–16, o.a.).

Die vier engele word in hoofstuk 7 verbied om enige skade aan te rig, totdat die verseëling voltooi is. Hulle word gedurende die sesde basuin vrygelaat, en onder hulle bevel word 'n derde deel van die mensdom dood gemaak. God het die jaar, maand, dag en uur, ja, alles bestem, soos dit in die bybelteks gesê word.

*"En die getal van die leërs van perderuiters was twee maal tienduisend maal tienduisend; en ek het hulle getal gehoor.*

*En só het ek in hierdie gesig die perde gesien en die wat op hulle sit, met vuurrooi en blou en swawelgeel borsharnasse. En die koppe van die perde was soos leeukoppe, en uit hulle bekke het vuur en rook en swawel uitgegaan.*

*Deur hierdie drie plae is 'n derde van die mense gedood, deur die vuur en deur die rook en deur die swawel wat uit hulle bekke uitgegaan het;*

*want hulle mag is in hulle bekke en in hulle sterte; want hulle sterte is soos slange en het koppe, en daarmee rig hulle onheil aan"* (verse 16-19).

Die taak van die demoniese wesens is om 'n derde van die voorheen-geteisterde mensdom dood te maak. Omdat daar op daardie tydstip geen genade meer is nie, kan die mensdom hulle nie meer bekeer tot God nie. Deur hulle eie vrye keuse moet hulle die noodlot verduur, selfs die dood.

*"En die orige mense wat deur hierdie plae nie gedood is nie, het hulle nie bekeer van die werke van hul hande ..."* (vers 20).

Soos in die eerste vier basuin-oordele, word daar elke keer 'n derde in die oordeel geraak — een derde van die aarde, die bome, die gras; 'n derde van die see en die geskape wesens daarin; een derde van die waters; 'n derde van die son, die maan en die sterre — dan word dit in die sesde basuin een derde van die mensdom.

Dit is nie toelaatbaar om hierdie bybelgedeelte as 'n vervolging van die Jode te interpreteer nie, en des te minder omdat die reeds verseëlde Jode, soos dit duidelik in die vyfde basuin-oordeel gesê word, glad nie kan aangeraak word nie. Elke woord van God moet so geglo en gelaat word soos dit is. In die teks oor die sesde basuin gaan dit regtig oor 'n derde van die mense op aarde; dit is op die huidige vlak van ses miljard, net twee miljard. Soos reeds gesê, val dit ook in die laaste oordeelstyd, ná die Wegraping van die Bruidgemeente en selfs nadat die 144,000 verseël is. So getuig die Woord van God.

# HOOFSTUK 10

## 'n Tussengesig: die geopende boek
## Die HERE as die Engel van die verbond

Hoofstuk 10 lê tussen die sesde en die sewende basuine, soos hoofstuk 7 voorheen tussen die sesde en sewende seëls getoon was. Ons sal die tiende hoofstuk indringend bespreek. Dit is belangrik dat die tydsberekening van die verloop van gebeure korrek georden word. Die 'sleutelwoord-begrippe', waarvandaan die eintlike feite, naamlik die geskrewe gebeurtenis na vore kom, is altyd van belang.

*"En ek het 'n ander sterk engel uit die hemel sien neerdaal, bekleed met 'n wolk, met 'n reënboog oor sy hoof; sy aangesig was soos die son, en sy voete soos pilare van vuur"* (vers 1).

In die oorspronklike teks is daar net een stamwoord vir 'n engel sowel as vir 'n boodskapper (ΑΓΓΕΛΩ). Wanneer die HERE as 'n Engel verskyn of getoon word, dan is dit altyd in verband met 'n boodskap — 'n aankondiging, 'n kennisgewing. So word ook die diensknegte wat deur Hom gestuur word, wat 'n spesiale boodskap moet bring, net soos na Hom, in die Heilige Skrif verwys as 'n engel of boodskapper (Hag. 1:13; Mal. 3:1; Luk. 7:27; Heb. 13:2; Openbaring 2 + 3, en andere). In die tweede deel van vers 1 van Maleági 3, word die koms van die HERE van die leërskare aangekondig as *Engel van die verbond* wat *na Sy tempel kom*. Net so word Sy wegbereider 'Sy engel' genoem. Wanneer Hy omring word deur die reënboog, dan is dit in verband met die Verbond. Die reënboog is die teken van die verbond van God met die mensdom (Gen. 9: 8-17).

Die sigbare vorm van die HERE God is sedert die Tuin van Eden bekend. Op die berg Sinai het Hy in hierdie vorm gekom om die verbond te sluit met Israel. Sedertdien word Hy ook beskou as **Engel van Verbond** of **Engel van Sy aangesig** (Jes. 63:9). Van Moses word berig:

*"En toe veertig jaar verby was, het 'n* ***Engel*** *van die* H*ERE aan hom verskyn in die woestyn van die berg Sinai, in die vuurvlam van 'n doringbos.*

*En Moses het dit gesien en hom oor die gesig verwonder; en toe hy daarheen gaan om dit te besien, het* ***die stem van die HERE*** *tot hom gekom:*

***Ek is die God van jou vaders, die God van Abraham en die God van Isak en die God van Jakob ..."*** (Hand. 7: 30-32).

*"Dit is hy wat in die vergadering in die woestyn was saam met* ***die Engel*** *wat met hom op die berg Sinai gespreek het, en saam met ons vaders; hy het die lewende woorde ontvang om aan ons te gee"* (vers 38).

In die laaste boek van die Ou Testament, in Maleági 3, vers 1, word ons vertel: *"Kyk, Ek stuur my boodskapper wat die weg voor My uit sal baan; dan sal skielik na sy tempel kom die HERE na wie julle soek, naamlik die* ***Engel van die verbond****, na wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die HERE van die leërskare".* Die eerste deel van hierdie bybelgedeelte word vervul deur die bediening van Johannes die Doper; dit is hoe dit bevestig word in die Nuwe Testament (Matt. 11:10; Mark. 1:2; 7:27). Die tweede deel, met die *Engel van die verbond,* sal vervul word met Israel, soos duidelik blyk uit die betragting.

Dit is bemerkenswaardig dat die HERE op geen stadium in verband met die nuwe-testamentiese Gemeente as 'n **Engel van die verbond** aangewys word nie, maar slegs met die volk Israel, met die verbondsluiting wat op Sinai plaasgevind het.

Die HERE God het nie die oprigting van die verbond met die Nuwe Testament Gemeente laat plaasvind in die vorm van 'n engel nie, maar in die mensgewordene Godsopenbaring as Seun. Toe Hy die Nuwe Verbond in Sy bloed met Sy volk sluit (Matt 26: 26-28, o.a.), het Sy gesig **nie** soos die son geskyn nie. Toe Hy die sondes van die wêreld gedra het, was Hy die man van smarte en het Hy nie 'n gestalte of skoonheid gehad dat 'n mens dit sou

begeer nie (Jes. 53). Die reënboog was nie oor Hom op Golgota nie; maar op Sy hoof was 'n doringkroon.

Die korrekte kennis oor hoofstuk 10 is van groot belang. Die HERE word hier, nie as Seun van God of Seun van Dawid nie, maar as 'n sterk Engel, verhul in 'n wolk en omring deur 'n reënboog, die verbondboog wat uit die hemel neerdaal. Sy gesig skyn soos die son (Matt.17:2; Openb. 1:16). Dit is opvallend dat die HERE hier nie vergesel word van engele of van die verloste menigte nie. Hy verskyn in hierdie geval heeltemal alleen, en laat Sy alles-deurdringende leeu-geroep weerklink. Soos Josef sy broers hom die tweede keer laat herken, toe niemand anders teenwoordig was nie (Gen. 45; Hand. 7:13), sal die HERE Sy Bruid op hierdie oomblik by die Bruilofsmaal in die Hemel teruglaat, alleen neerdaal en by die tweede keer aan Sy broers, die Jode, openbaar.

Op daardie tydstip is die geheimenisvolle boek, verseël bly tot die eindtye (Dan. 12:4; Openb. 5), reeds geopen in Sy hand. Dit beteken dat hierdie gebeurtenis in hoofstuk 10 eers kan plaasvind nadat die seëls en die geheimenisvolle boek geopen is.

*"... en in Sy hand het hy 'n geopende boekie gehad, en hy het sy regtervoet op die **see** gesit en sy linkervoet op die **land**".* Die HERE is die oorspronklike eienaar van alles wat Hy geskep het. Daar word ook na Hom verwys as die Erfheer oor die nasies (Ps. 82:8). Hier kom Hy en proklameer die oprigting van die koninkryk wat aan Hom behoort. Ons kan alreeds met Joshua die simboliese betekenis nalees: *"Elke plek waar julle voetsool op sal trap, dit gee Ek aan julle, soos Ek met Moses gespreek het"* (Jos. 1:3).

Die oorspronklike wil van God was om die heerskappy op aarde aan die mensdom te gee. Deur die bose bedrieëry van Satan, bemiddeld deur die slang, is die eerste mense van hierdie hoogste waardigheid beroof en het hulle met die aarde geval en onder die heerskappy van Satan beland. Toe Christus op aarde was, het Satan Hom geneem en al die koninkryke van die wêreld aangebied. Hy het dit egter geweier, want die mens en die ganse skepping moes eers deur Hom teruggekoop word. Daarom was die bloed ter verlossing en versoening op hierdie aarde vergiet.

So word ons as erfgename van God en mede-erfgename met Jesus Christus tot ons oorspronklike bestemming teruggeplaas.

Die HERE, aan wie **land** en **see** behoort, plaas dus Sy voete daarop om te wys dat Hy die heerskappy daarvan oorneem.

*"... en Hy het met 'n groot stem uitgeroep soos 'n leeu wat brul, en toe Hy uitgeroep het, het die sewe donderslae hulle stemme laat hoor"* (v. 3).

Die sewe donderslae weerklink nie soos sommige dink nie maar slegs in die konteks, soos dit hier beskryf word. Nóg hul openbaring nóg hul uitinge het iets met die Bruidgemeente te doen. Dit wat die sewe donderslae uiter, sal nie openbaar gemaak word nie, maar sal deur God verwesenlik word. Dit kan onmoontlik na een van die komste, óf die Wederkoms van Jesus Christus verwys. Niemand sal die presiese tydstip, uur en dag weet nie, maar die wat tot die Bruidgemeente behoort, word opgeneem om die Bruidegom te ontmoet. Alle prediking en besprekinge oor die sewe donderslae is nie van God af nie.

Die term "leeu" wat hier op die HERE aangewend word, word ook nie één keer gebruik met betrekking tot die nuwe-testamentiese Gemeente nie. Eers by die opening van die geheimenisvolle boek verskyn Hy as die Leeu van die stam van Juda, wat alles oorwin het (Openb. 5:5). Die verskillende dele van die profetiese woord met die sleutelwoord "brul", soos hier in Openbaring 10, werp 'n helder lig op hierdie gebeurtenis wat in verbinding met Israel staan:

*"Die HERE sal **brul** uit die hoogte en sy stem verhef uit sy heilige woning! Geweldig sal Hy **brul** oor Sy weiveld; soos druiwetrappers sal Hy 'n vreugdegeroep aanhef teen al die inwoners van die aarde ..."* (Jer. 25:30b).

*"Hulle sal agter die HERE aan trek; Hy sal **brul** soos 'n leeu. Want Hy sal **brul**, en die kinders van Israel sal met siddering van die seekant aankom"* (Hos. 11:10).

*"... En die HERE* ***brul*** *uit Sion, en uit Jerusalem verhef Hy Sy stem, sodat hemel en aarde bewe. Maar die HERE sal 'n toevlug wees vir Sy volk en 'n skuilplek vir die kinders van Israel"* (Joël 3:16).

*"Die HERE* ***brul*** *uit Sion en verhef Sy stem uit Jerusalem, sodat die weivelde van die herders treur en die top van Karmel verdor"* (Amos 1:2).

Wanneer die HERE na voltooiing van die bediening van die twee profete, Sy voete op land en see plaas en Sy stem laat weerklink, dan is die 144,000 verseëldes op die Berg van Sion (Openb. 14:1).

Eers sodra die HERE soos 'n leeu **gebrul** het, sal die sewe donderslae — nie sewe predikers nie — hulle stemme laat weerklink.

*"En toe die sewe donderslae hulle stemme laat hoor het, wou ek skrywe; maar ek het 'n stem uit die hemel vir my hoor sê:* ***Verseël wat die sewe donderslae gespreek het, en skryf dit nie ...****"* (Openb. 10:4).

Wat die sewe donderslae gesê het, was nie in die Boek van profesie opgeneem nie — nie neergeskryf nie, dus is dit nie deel van die Heilige Skrif, die Woord van God, dit wat gelees, gepreek, gehoor en geglo moet word nie (Openb. 1:3). Amen. Die verkondigers is net verplig tot die Woord van God (IITim. 4: 1-5). Ook hou die openbaring van alle verborgenhede slegs verband met die geskrewe Woord. Die 'ongeskrewe' bly 'n verborgenheid van God, wie op die bestemde tyd dit sal doen wat Hy besluit en gepraat het (Deut. 29:29). In die wetgewing in Exodus 20, sowel as in Job, in die Psalms, in Johannes 12 en in Openbaring, word die stem van God soos die slag van donder beskryf.

Diegene wat enigiets by die voltooide getuienis van die Skrif, selfs by die boek van Openbaring toevoeg, staan in bedreiging om die groot Verdrukking deur te gaan en die plae wat daarmee gepaard gaan te verduur (Openb. 22: 18-19). Enige spekulasie — ook oor die sewe donderslae — bly net dit, naamlik 'n vergissing.

Alles wat daaroor gepreek en geskryf word, is nutteloos en kom uit diegene wat dit doen se eie verbeelding. In werklikheid weet niemand wat die sewe donderslae behels nie. In Sy alwetendheid het die HERE God dit so beskik en hierdie geleentheid gereserveer. Ook in hierdie geval, sal God Sy eie uitlegger wees: Hy sal alles doen dienooreenkomstig dit wat Hy georden het.

Die afgelegde **eed** is nog 'n sleutelwoord in hierdie groot gebeurtenis.

*"En die engel wat ek op die see en op die land sien staan het, het sy hand na die hemel opgehef,*

*en hy het **gesweer** by Hom wat tot in alle ewigheid lewe, wat die hemel geskape het en wat daarin is, en die aarde en wat daarin is, en die see en wat daarin is, dat daar geen vertraging meer sal wees nie;*

*maar in die dae van die stem van die sewende engel, wanneer hy met die **basuin** sal blaas, dan is die verborgenheid van God volbring, soos Hy die blye tyding verkondig het aan sy diensknegte, die profete"*

Die eerste ses engele blaas hul basuine al in hoofstukke 8 en 9. Die uitstaande basuin, die van die sewende engel, word op 'n spesiale manier aangekondig, want dan gebeur daar iets buitengewoons. Die ou-testamentiese formulering *"soos Hy aan Sy diensknegte, die profete verkondig het ...",* wys aan ons eweneens ook daarop dat dit oor Israel gaan en nie oor die nuwe-testamentiese Gemeente nie, die bewoording sou dan anders lui: *"Sy apostels en profete"* (Efé. 3:5, en andere).

Die profeet Daniël kon ook die einde van die eindtye sien en die engel wat die **eed aflê,** en het gevra: *"Hoe lank sal die einde van die wonderbaarlike dinge uitbly?*

*Toe hoor ek die man, met linne bekleed, wat bo-oor die water van die rivier was, en hy het sy regterhand en sy linkerhand na die hemel opgehef en **gesweer** by die Ewig-Lewende**: 'n Tyd, tye en 'n halwe tyd**, en as hulle die mag van die vernietiger van die heilige volk geheel beindig het, sal al hierdie dinge vervul word"* (Dan. 12: 6+7).

Die ooreenkomste van hierdie twee skrifdele kan nie oor die hoof gesien word nie en moet nie geïgnoreer word nie. In Daniël se tyd het die engel albei hande opgehef — omdat die geopende boekie nog nie in Sy hand was nie — en **gesweer** by die Ewig-lewende. In Openbaring word berig dat Hy net Sy regter hand na die hemel gelig het, omdat die geheimenisvolle boek in Sy ander hand sal wees, en dan sal **sweer** by die Ewig-lewende. Dit is aan die profeet Daniël geopenbaar dat dit **vanaf die** tyd van genoemde **swering** tot met die direkte einde, waartydens die mag van die vernietiger van die heilige volk dan tot 'n einde sal kom, nog drie-en-'n-half jaar sal wees. Aan Johannes was daar gesê *"dat daar geen vertraging meer sal wees nie".* Albei is korrek. Van daardie oomblik af begin die 'countdown' — na die einde van hierdie beskawing toe.

Die HERE daal neer as die Engel van die Verbond en **brul** soos 'n leeu, maar daarna openbaar Hy Homself aan die 144,000 as die Lam, wat hulle verlossing aandui. Ook by die opening van die Boek sien ons Hom as Leeu en ook as Lam (hoofstuk 5: 5+6). Die uitverkorenes uit Israel sal Hom dan sien vir wie hulle deurboor het (Sag. 12:10). Na die voltooiing van die bediening van die twee profete sal hulle voltallig op die berg Sion wees. Op dieselfde tyd wanneer Israel die Messias herken, sien hulle deur die oënskynlike mag van die antichris, en die verbond tussen hom en Israel sal verbreek word (Dan. 9:27).

Daarna is daar nog die laaste drie-en-'n-half jaar van die groot verdrukking, tot aan die einde van ons huidige tydsbestek. Volgens Openbaring 11, vers 15, bevat die basuin van die sewende engel, wat in hoofstuk 10 uitgewys word, die aankondiging van die Koninklike Heerskappy, daarom word daar in die konteks van dié sewende engel van die "stem" gepraat. Die eerste ses bevat net oordele — daar is nie 'n aankondiging nie, ook geen stem nie.

So seker soos al die verborgenhede deur 'die stem' van die sewende Gemeente-engel aan die Bruid bekend gemaak en dan tot voleinding gebring word, ná die middernagtelike oproep:

"Kyk, die Bruidegom kom, gaan uit, Hom tegemoet!", so seker volg die aankondiging van die koninklike Heerskappy met die geklank van die sewende basuin.

Die sewende Gemeente-engel bring volgens Openbaring 3, verse 11-22, die laaste boodskap van die wederoprigting. Deur sy bediening was al die **verborgenhede** van die Ou en Nuwe Testamente, vanaf die boeke van Moses, tot met die boek Openbaring, geopenbaar. In Openbaring 10 is daar egter niks van die *baie **verborgenhede*** van die Woord, wat aan die einde geopenbaar moet word *"... wanneer hy met die basuin sal blaas ..."* nie, maar die **een "verborgenheid van God",** wat dan tot 'n voleinde kom, wat Christus is (Kol. 2: $2^b$-3), waarin die volledige verwesenliking van die Verlossingsraadsbesluite van God dan voltrekking vind. So het Hy dit vertroulik aan Sy diensknegte, die profete van die Ou Verbond, en ook aan Sy apostels en diensknegte in die Nuwe Testament meegedeel.

Hierdie **verborgenheid van God** is van die begin af bekend gemaak aan die Gemeente, soos Paulus daarop wys: *"En, onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot: God is geopenbaar in die vlees ..."* (ITim. 3:16, onder andere). Net Israel kon dit nie sien nie. Maar dan sal dit gebeur dat hulle die ondeurgrondelike verborgenheid van God in Christus, hulle Messias, erken. Slegs op daardie oomblik sal dit aan hulle geopenbaar word, en die sluier wat oor hulle harte lê (IIKor. 3: 15-16), sal weggeneem word. Wanneer die sewende engel, soos aangekondig in hoofstuk 10, sy basuin in hoofstuk 11 blaas, sal dit gebeur. Dan word die koninklike Heerskappy uitgeroep, en **die verborgenheid van God** word voleindig.

## Johannes verteer die bittersoet boek

*"En die stem wat ek uit die hemel gehoor het, het 'n tweede keer tot my gespreek en gesê: Gaan, neem die geopende boekie in die hand van die engel wat op die see en op die land staan.*

*En ek het na die engel gegaan en aan hom gesê: Gee my die boekie. Toe sê hy vir my: Neem en eet dit op, en dit sal jou maag bitter maak, maar in jou mond sal dit soet wees soos heuning.*

*Toe neem ek die boekie uit die hand van die engel en eet dit op, en in my mond was dit soet soos heuning; maar toe ek dit ingesluk het, het my maag bitter geword.*

*En hy het vir my gesê: **Jy moet weer profeteer oor baie volke en nasies en tale en konings**"* (verse 8-11).

Uit die konteks is dit duidelik wat die relevansie van die eet van die boek is. 'n Soortgelyke ervaring word deur die profeet Eségiël gerapporteer (hfst. 2:8, tot hfst. 3:3). Albei kere word daar simbolies getoon dat manne van God die boekrol, die Woord, moet eet en absorbeer, om dit dan deur te kan gee. Daarna, in opdrag van God, profeteer die siener dan oor die nasies en konings. Let op: hier is nie sprake van die verkondiging van die evangelie nie, maar van profesieë oor die nasies. Daar is 'n groot verskil. Die twee profete in Openbaring 11 sal nie vir die nasies preek nie — hulle sal vir Israel preek, maar profeteer oor die nasies. Die ewige Evangelie word nóú tot 'n getuienis verkondig aan die nasies (Matt. 24:14). Tydens hulle bediening, gaan die SO SPREEK DIE HERE uit aan die nasies van die aarde, wat met swaar plae geteister word.

# HOOFSTUK 11

## Die tweede tussengesig:

## Die meting van die tempel en die bediening van die twee getuies

In die 11de hoofstuk word ons eerstens 'n baie belangrike idee gegee van wat die laaste drie-en-'n-half jaar sal gebeur wanneer die tempel herbou sal word. Geldige internasionale reg beskerm plekke van aanbidding in die algemeen maar nie die omliggende terrein nie. Daarom sal slegs die voorhof gedurende die drie-en-'n-half jaar van verdrukking aan die heidene prysgegee word.

*"En 'n riet soos 'n stok is aan my gegee, en die engel het gestaan en gesê: Staan op en meet die* ***tempel van God*** *en die altaar en die wat daarin aanbid.*

*Maar die voorhof* ***buitekant die tempel*** *moet jy uitlaat en dit nie meet nie, want dit is aan die heidene gegee; en hulle sal die heilige stad* ***twee-en-veertig maande*** *vertrap"* (verse 1-2).

Dit is die tyd van die groot verdrukking en vervolging ná die eerste drie-en-'n-half jaar waarin die twee profete hul bediening verrig en die tempel herbou word. Dit is 'n perfekte tydsberekening en beskrywing van die saak. Die brandoffer-altaar is selfs gemeet. Dit herinner ons aan Daniël 9, vers 27, waar die brand- en spysoffers in die middel van die laaste jaarweek afgeskaf word.

Die profeet Eségiël het in die hoofstukke 40-47 die tempel en al die besonderhede daarin gesien. Die beskrywing maak dit duidelik dat ook die toekomstige tempel soos die eerste gebou sal word. Die derde tempel, die Huis van God in Jerusalem, sal weer herstel word na sy oorspronklike staat en in die duisendjarige Koninkryk wees. Dit getuig verskeie skrifdele (Jes. 2: 2-3; 56:7; Esé. 47; Hag. 2:9; Sag. 14: 20-21; Openb. 7:15, o.a.).

Die Tempelberg is deel van Sion, daarom sal die 144,000 op die berg Sion gewys word.

Die tydsindeling en die beskrywing van die samehangende omstandighede rondom die verskillende gebeurtenisse is so duidelik, dat dit vir almal ook duidelik en maklik moet wees. Wat die bediening van die twee getuies betref, hulle tyd word ook as drie-en-'n-half jaar aangegee: *"En Ek sal aan my twee getuies gee dat hulle, met sakke bekleed, duisend-tweehonderd-en-sestig dae lank sal profeteer"* (vers 3).

Of die konsep van tyd in die Heilige Skrif **twee-en-veertig maande** of **een-duisend-twee-honderd-en-sestig dae** of **'n tyd, tye en 'n halwe tyd** is, en of **'n jaar en twee jaar en 'n half jaar** gebruik word — dit bly altyd die helfte van Daniel se sewentigste jaarweek. 'n Mens moet net aandag gee aan die voorspelde gebeure, dat hulle in die regte helfte geplaas word.

As geesgesalfdes, word die twee profete ook 'olyfbome' genoem. Die profeet Sagaria het hulle in hoofstuk 4, verse 11-14, regs en links van die kandelaar gesien. Die feit dat hulle langs die kandelaar staan, beteken dat hulle bediening nie binne die tyd van die Gemeente val nie. Hulle tree op ná die wegraping van die nuwe-testamentiese Bruid-gemeente, want dan eers sal Israel gered word (Hand. 15: 14+16; Rom. 11:25, en andere).

Enigiemand wie na hulle bediening kyk, sal onvermydelik dink aan Moses en Elia wie op die volmagtigde Woord van God gehandel het, sodat deur Moses se bediening verskriklike plae (Exodus 7-12) oor Egipte gekom het, met water wat in bloed verander het. In die bediening van Elia was die hemele gesluit vir drie-en-'n-half jaar en vuur het uit die hemel geval (IIKon. 1). Albei se bediening word herhaal deur die twee getuies. Die lewe van Henog dui niks aan van wat in die bediening van die twee getuies sal gebeur nie. Hy was die sewende na Adam (Gen. 5: 19-24; Jud. 14; Heb. 11: 5-6) en 'n perfekte beeld van die sewende, die laaste gemeentelike era van ware gelowiges, wat nie sal doodgaan nie, maar verander en opgeneem word (IKor. 15: 51-57; IThes. 4: 13-17, en andere).

Ook het Moses en Elia op die Berg van Verheerliking afgekom en met die HERE gepraat (Matthéüs 17, o.a.). Hulle word albei in die laaste drie verse van die Ou Testament, in die profeet Maleagi genoem. Moses, wat die vyf boeke van die Torah geskryf het, is vir die Jode die grootste profeet, en Elia die belangrikste profeet vir hulle, wie beide volgens die skriftelike Joodse geloof, voor die verskyning van die Messias sal kom.

Die profeet Jesaja beskryf hulle as helde, as boodskappers wat vra vir vrede. Reg in die volgende vers is die verbreking van die verbond: *"Kyk, die helde van God skreeu daarbuite, die boodskappers van vrede ween bitterlik.*

*Die grootpaaie is verlate; die wat padlangs trek, bly weg.* ***Hy het die verbond verbreek****, die stede gering geag, mense nie gereken nie"* (Jes. 33: 7-8).

*"Nou sal Ek opstaan, sê die HERE; nou sal Ek My verhef, nou sal Ek My oprig ... Die sondaars in Sion bewe, siddering het die roekelose aangegryp. Hulle sê: Wie van ons kan woon by 'n verterende vuur, wie van ons kan woon by 'n ewige gloed? ...*

*Jou oë sal die Koning in sy skoonheid aanskou, dit sal 'n wyd uitgestrekte land sien"* (Jes. 33: 10+14+17).

*"... oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smekinge en sal opsien na My vir wie hulle deurboor het, en hulle sal oor Hom rouklaag soos 'n mens rouklaag oor 'n enigste seun en bitterlik oor Hom ween soos 'n mens bitterlik ween oor 'n eersgebore kind"* (Sag. 12:10).

Die godgesalfdes is die "leeus van God"; hulle het absolute goddelike volmag. Wat hulle sê in die naam van HERE, dit gebeur. Hul taak is nie net om die 144,000 uit te wys nie, maar ook om oordele uit te spreek oor die nasies en om te profeteer, soos aangedui aan die einde van die 10de hoofstuk.

Nadat hulle hul sending uitgevoer het, word hulle doodgemaak. *"Die bewoners van die aarde sal bly en verheug wees oor hulle en sal vir mekaar geskenke stuur omdat dié twee profete die bewoners van die aarde gepynig het"* (vers 10).

Mense uit alle nasies en tale sal hulle liggame sien. Tot nog onlangs het bybelkritici spesifiek oor hierdie vers die kop geskud en gewonder hoe dit moontlik sal wees. Vandag is dit eintlik deur televisie-uitsending moontlik dat die hele wêreld hul lyke sal sien, en so is die Bybel ook op hierdie punt reg, tot aan die einde, ja, tot in die ewigheid.

*"En ná die drie en 'n halwe dag het 'n gees van die lewe uit God in hulle ingegaan, en hulle het op hul voete gaan staan, en 'n groot vrees het geval op die wat hulle aanskou het.*

*En hulle het 'n groot stem uit die hemel vir hulle hoor sê: Kom op hierheen! En hulle het opgevaar na die hemel in die wolk, en hul vyande het hulle aanskou.*

*En in dié uur het daar 'n groot aardbewing gekom, en 'n tiende van die stad het geval, en seweduisend mense het in die aardbewing omgekom, en die ander het bevrees geword en aan die God van die hemel heerlikheid toegebring"* (verse 11-13).

## Die sewende basuin – oorwinningsgejuig in die Hemel

## Proklamasie van die Koninklike Heerskappy op aarde

Nadat Johannes gewys word wat alles in die bediening van die twee getuies sal geskied, sien hy die einde van die tydvak en weergee hy dit wat gebeur ten tye van die basuin van die sewende engel:

*"En die* ***sewende*** *engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse HERE geword en van Sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid.*

*En die vier-en-twintig ouderlinge wat voor God op hulle trone sit, het op hulle aangesig geval en God aanbid en gesê:*

*Ons dank U, HERE God, Almagtige, wat is en wat was en wat kom, dat U u groot mag aangeneem en as koning geheers het"* (verse 15-17).

Soos aangekondig in Openbaring 10, sal die verborgenheid van God in Christus voltooi word en Hy sal Sy Koninklike Heerskappy inneem. Hy sal dan 'n voorlopige oordeel oor die nasies spreek en ook die dode oordeel wat voor die Millenium opgewek sal word. Hy sal Sy diensknegte, die profete, en al die heiliges beloon, diegene wat Sy Naam vrees en deur die verdrukking tot die dood getrou gebly het.

*"En die nasies was vertoornd, en u toorn het gekom en die **tyd van die dode om geoordeel te word en om die loon te gee aan u diensknegte, die profete, en aan die heiliges en aan die wat u Naam vrees, klein en groot, en om die verderwers van die aarde te verderf**"* (vers 18). Daar is bybeltekste oor die onderwerp van die verskillende oordele vóór die begin van die Koninklike Heerskappy: Jesaja 2: 2-4; Miga 4: 1-5; Matthéüs 25, vanaf vers 31; Daniël 7: 9-14; Openbaring 20: 4-6, en andere.

Die oordele voor en ná die Koninklike Heerskappy, word in detail aan ons beskryf. In die eerste plek sal almal wat die Wegraping mee maak, voor die regterstoel van Christus verskyn. Selfs al is hulle bestem om die bruilofsmaal te vier en dan saam met die HERE die wêreld te oordeel en te regeer, moet Hulle geoordeel word. Paulus skryf: *"... ons sal almal voor die regterstoel van Christus gestel word ... so sal elkeen van ons dan vir homself aan God rekenskap gee"* (Rom. 14: 10-12).

Voorts sê hy: *"... ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad"* (IIKor. 5:10).

*"En daar is geen skepsel onsigbaar voor Hom nie, maar alles is oop en bloot voor die oë van Hom aan wie ons rekenskap moet gee"* (Heb. 4:13).

Paulus was seker van sy saak by God, maar hy het ook die HERE as sy Regter gesien, wat by elke gerig 'n oordeel sal uitspreek. Hy getuig so, voor sy heengaan: *"Verder is vir my weggelê die oorwinnaarskroon van die geregtigheid wat die HERE,*

*die **regverdige Regter**, my in dié dag sal gee; en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat sy **verskyning** liefgehad het"* (IITim. 4:8).

Voordat 'n koning die troon bestyg om te regeer, word hy gekroon. Wanneer die HERE vanaf die Bruilofsmaal afkom om die finale stryd te beslis en die Koninklike Heerskappy in te neem, het **Hy baie koninklike krone op Sy hoof** (Openb. 19:12). Almal wie saam met Hom sal regeer en tot Sy koninkryk bestem is, word ook gekroon voordat hulle met Hom op Sy troon sit.

As alle gelowiges daarvan bewus was dat hulle voor die Regterstoel van Christus moet verskyn, sou dit heel anders daaruit gesien het in die Bruid-gemeente. Daar sou vrees vir God en ordentlikheid in hul gesprekke en in hul lewe wees. *"Maar Ek sê vir julle dat van elke ydele woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag.*

*Want uit jou woorde sal jy geregverdig word, en uit jou woorde sal jy veroordeel word"* (Matt. 12: 36-37). *"Die HERE sal Sy volk oordeel"* (Heb. 10:30). In die voorafgaande verse word ons vertel wie hierdie gelowiges is en wat hulle gedoen het.

Niks bly onverklaard, geen vraag onbeantwoord en geen probleem onopgelos gelaat nie. *"Daarom moet julle nie voor die tyd oordeel, voordat die HERE kom nie, wat die verborge dinge van die duisternis in die lig sal bring en die bedoelinge van die harte openbaar sal maak; en dan sal elkeen lof van God ontvang wat hom toekom"* (IKor. 4:5).

Die apostel het hierdie verskillende oordele heeltemal korrek en tydig, apart van mekaar, geklassifiseer. Aan sy mede-arbeider, Timótheüs, skryf Paulus: *"Ek besweer jou dan voor God en die HERE Jesus Christus, wat **die lewende en die dode sal oordeel, by Sy verskyning en Sy koninkryk**"* (IITim. 4:1).

Paulus het verwys na die verskyning van Christus toe hy gesê het dat die regverdige Regter hom die kroon van oorwinning sal toeken, nie net vir hom nie, maar ook aan almal wat **Sy verskyning** lief het. Daarby is die hele Bruidgemeente ingesluit.

Hy verwys ook na die beoordeling van die lewendes en dooies met **Sy Koninklike Heerskappy**, ook vóór die begin van die duisend-jarige Koninkryk.

Op daardie dag sal ook die werk van elke gelowige en die werk binne die Koninkryk van God op die proef gestel word. *"... elkeen se werk sal aan die lig kom, want die oordeelsdag sal dit aanwys, omdat dit deur vuur openbaar gemaak word; en die vuur sal elkeen se werk op die proef stel, hoedanig dit is"* (IKor. 3:13).

Op daardie tydstip — ná die bruilofsmaal en vóór die begin die Koninklike Heerskappy — sal die HERE die twee dele van II Thessalonicense 1, verse 7-10 vervul, dit wat betrekking het op beide die ongelowiges en die gelowiges: *"... en aan julle wat verdruk word, verligting te gee saam met ons in die openbaring van die HERE Jesus uit die hemel met sy magtige engele*

*in vuur en vlam, wanneer Hy wraak uitoefen op die wat God nie ken nie en op die wat aan die evangelie van onse HERE Jesus nie gehoorsaam is nie.*

*Hulle sal as straf ondergaan 'n ewige verderf, weg van die aangesig van die HERE en van die heerlikheid van sy sterkte,*

*wanneer Hy kom om verheerlik te word in sy heiliges en bewondering te vind* ***by almal wat glo, in daardie dag; want ons getuienis het by julle geloof gevind****".*

Deur valse leringe, met verwysing na Johannes 5, vers 24 en soortgelyke stellings, lewe baie gelowiges onder die indruk dat hulle nie voor 'n oordeelstroon hoef te verskyn nie en daarom kan doen en maak net wat en soos hulle wil. Die uitspraak van ons HERE verwys hier duidelik na die finale oordeel, waarin diegene wat aan die eerste opstanding deel neem, nie sal verskyn nie. Vers 24: *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie My woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe ...",* moet ook gesien word saam met vers 29. Met hierdie oordeel word die Laaste en finale Oordeel bedoel".

*"Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte rus, sy stem sal hoor*

*en sal uitgaan, die wat goed gedoen het,* ***tot die opstanding van die lewe****, en die wat kwaad gedoen het,* ***tot die opstanding van die veroordeling****"* (5: 28-29). Die eerste opstanding word deur onse HERE beskryf as die "Opstanding van die lewendes", die tweede, die "Opstanding tot die oordeel". Die eerstelingskare verskyn natuurlik nie voor die Laaste Oordeelstroon nie.

Die profeet Jesaja het ook in die Gees gesien, wat voor die begin die heerlikheid van die Koning, met die leërskare in die lug, wat saam met Satan neergewerp is, sal gebeur. *"In dié dag sal die HERE besoeking doen oor die leërskare van die hoogte in die hoogte en oor die konings van die aarde op die aarde;*

*en hulle sal opgesluit word soos gevangenes opgesluit word in 'n kuil en bewaar word in 'n kerker; maar* ***eers ná 'n lang tyd*** *sal hulle beoordeel word.*

*En die maan sal rooi word van skaamte, en die son sal skaam wees; want die HERE van die leërskare sal as* ***koninklike regeer*** *op die berg Sion en in Jerusalem, en in die aangesig van Sy oudstes sal daar heerlikheid wees"* (Jes. 24: 21-23).

God se gevalle engele en diegene wat van God afvallig geword het, mense wat op 'n besondere manier teen Hom gerebelleer het, word skuldig bevind en saam in hierdie voorlopige strafgerig gebind, soos geskrywe is, en sal ***"eers na 'n lang tyd beoordeel word",*** naamlik ná die duisend jaar, met die laaste Oordeel aan die einde. Satan sal ook vir hierdie periode van 'n duisend jaar lank in die afgrond vasgeketting wees (Openb. 20: 1-2).

Die profeet het met verwysing na die martelaars gevra, wie ook deelneem aan die eerste opstanding: *"Sal U dode herlewe, my lyke opstaan? Waak op en jubel, julle wat in die stof rus!* (sien ook Daniël 12:2) *... Want kyk, die HERE sal uit Sy plek uitgaan om die ongeregtigheid van die bewoners van die aarde oor hulle te besoek; en die aarde sal die bloed openbaar maak wat deur hom gedrink is, en die wat op hom gedood is, nie langer toedek nie"* (Jes. 26: 19 en 21). Daar moet ag geslaan word daarop dat dit selfs hier gaan oor die wat in die verlede en so ook in die toekoms deur vervolging die dood ly (Openb. 6: 9-11; 13:15; 18:24; 20:4).

Dit gaan nie oor mense wat natuurlik dood en begrawe is nie — hier is geen grafte nie. Dit is nie die algemene opstanding van die dode nie, maar soos gesien kan word in die konteks, is dit die martelaars wat hul geloof met hul lewens verseël het en hulle is dikwels net êrens begrawe. Enigiemand wat daaraan deelgeneem het en daaraan skuldig is, sal voor die HERE rekenskap moet doen. Uit die vraag: *"Sal U dode herlewe, my lyke opstaan?*, kom die duidelike antwoord dat hierdie mense God se eiendom is. Daar word aan siele in die vyfde seël gesê dat hulle nog geduldig moet wag totdat hulle broeders en medediensknegte ook soos hulle gemartel is.

Ook het die profeet Eségiël in hoofstuk 37, verse 1-10, daarvan geprofeteer: *"... sodat julle weer lewendig kan word; en julle sal weet dat Ek die HERE is ... Kom aan uit die vier windstreke, o gees, en blaas in hierdie* ***gesneuweldes****, dat hulle weer lewendig kan word"* (vv. 6b+9b). Dit is nog steeds in die toekoms en gaan oor diegene wat gedurende vervolging in die laagte uitgemoor word.

Die tweede deel (verse 11-14) is alreeds in die verlede. Daar word telkens gepraat van die opening van die grafte. *"So spreek die Here HERE: Kyk, Ek sal* ***julle grafte*** *oopmaak en* ***julle uit jul grafte laat opkom****, o my volk! En Ek sal julle terugbring in die land van Israel ...*

*En EK sal my Gees in julle gee, dat julle lewendig kan word; en Ek sal julle weer vestig in jul land* (Israel)*; en julle sal weet dat Ek, die HERE, belowe het en dit ook tot uitvoering bring! — so spreek die HERE"* (verse 12+14).

Dit het by die Opstanding van onse HERE plaasgevind, volgens Matthéüs 27, verse 51-56, en het alle uitverkore heiliges uit die tydvak van die Ou Testament geraak: *"... die* ***grafte*** *het oopgegaan en* ***baie*** *liggame van die ontslape heiliges het opgestaan.*

*En ná sy opstanding het hulle uit die* ***grafte*** *uitgegaan en in die heilige stad ingekom en aan baie verskyn"*

Volgens Openbaring 20, vers 4, is die martelaars van die groot verdrukking **die onthoofdes** wat nie uit die grafte kom nie, maar herleef en dan aan die duisendjarige koninkryk deelneem.

Aan die einde van hierdie hoofstuk vind ons weereens die beklemtoning van die verbondsluiting met Israel. In die 10de hoofstuk daal die Engel van die Verbond neer en hier is die Ark van die Verbond sigbaar uit die Hemel:

*"En die tempel van God het in die hemel oopgegaan, en Sy verbondsark is in Sy tempel gesien, en daar was weerligte en stemme en donderslae en aardbewing en groot hael"* (11:19).

# HOOFSTUK 12

## Die vrou met die son geklee

## Christus en die wat Syne is

## Satan — die vuurrooi draak en sy aanhang

Hoofstuk 12 word baie anders deur bybelleraars vertolk. Die menings oor die 'vrou' wat daarin beskryf word, wissel vanaf Israel na Maria, tot die Gemeente.

Ook hier is dit noodsaaklik dat ons alle besonderhede sorgvuldig betraag. As ons nie elke detail moeiteloos in die geheelbeeld saamvoeg nie, gaan alles nie ooreenstem nie. Al die interpretasies het tot dusvêr nie die saak geregverdig nie. In die inleiding word vertel:

*En 'n groot teken het in die hemel verskyn: 'n vrou wat met die son bekleed was, en die maan was onder haar voete, en op haar hoof 'n kroon van twaalf sterre;*

*en sy was swanger en het uitgeroep in haar geboortepyn en barensnood* (verse 1-2).

Enigiemand wat dink dat dit hier oor Maria en Jesus gaan, moet besef dat Johannes op die eiland Patmos in die toekoms gesien het en nie in die verlede nie. Ook die ander genoemde gebeure was ook nie vervul in die tyd van Maria en Jesus nie. Maria het na geen woestyn gevlug nie, en Jesus is nie weggeraap ná Sy geboorte nie, maar het eers na die hemel opgevaar ná die volbringing van die verlossing en Sy opstanding. Nie 'n enkele keer is daar by Hom gepraat van "weggeraap" of "weggeneem", soos met Henog en Elia nie, maar van 'n "hemelvaart"; vandaar die term "Christus se hemelvaart".

In die Ou Testament word Israel, as die verbondsvolk, herhaaldelik na verwys in die vroulike (Jer. 3: 6+11; Hos. 2:4, o.a.). Ook hier is God se voorbeelde natuurlik en verstaanbaar. Hy praat van verlowing en van getrouheid (Hos. 2:19), van die getroudes en die vrou (Jes. 62:4). In Jesaja 54, verse 5-10, sê die HERE met verwysing na Israel:

*"Want jou Maker is jou Man; HERE van die leërskare is sy Naam; en die Heilige van Israel is jou Verlosser. Hy sal 'die God van die hele aarde' genoem word.*

*Want soos 'n verlate vrou en 'n diep besorgde van hart het die HERE jou teruggeroep, en soos 'n vrou uit die jeugtyd as sy versmaad was, sê jou God ..."*

Die Nuwe Testament praat van die Bruid en Bruidegom (Joh. 3:29, o.a.) en die bruilofsfees (Matthéüs 25, o.a.). Die *vrou*, wat Johannes hier gesien het, kan net die nuwe-testamentiese Gemeente wees, wat natuurlik met Israel in Jerusalem op Joodse bodem begin het. Die verhouding van God tot Sy volk wat 'vrou' genoem word, dui Sy liefde aan in die vereniging met Sy Gemeente (Efé. 5: 29-32). Jesus plaas die saad van Sy Woord in die baarmoeder van Sy Gemeente, om sodoende, deur die wedergeboorte, seuns en dogters van God voort te bring.

Die *son*, waarmee die Gemeente bekleed is, dui op die Verlosser self, wat die Son van Geregtigheid is en haar omhul in lig en warmte gedurende die tyd van die Nuwe Verbond.

Die *maan* onder hulle voete is 'n simbool dat die Gemeente rotsvas op die goddelike Woord van die Ou Verbond gestig is. Soos die maan die lig van die son weerkaats, so weerspieël die Ou Testament die profetiese Woord waarop die Gemeente staan in die sonlig van die nuwe-testamentiese vervulling (Efé. 2: 20-22).

Die *kroon* met die twaalf sterre beteken dat die nuwe-testamentiese Gemeente bekroon word met die leringe van die Twaalf Apostels. Die sewe sterre in die hand van die opgestane HERE was die sewe engele van die sewe Gemeentes (Openb. 1:20). Die twaalf sterre in haar kroon toon dat die Gemeente waardig is om die koninklik-goddelike opdrag, deur die leer van die twaalf apostels, uit te dra (Hand. 2:42). Volgens die skriftelike getuienis, sal die Gemeente van Christus uiteindelik terugkeer na die oorspronklike leringe en praktyke van die apostels en sal dit daarin gevind word by Sy Wederkoms.

Daar word van die vrou gesê dat sy in goeie hoop was en dat sy geboortepyne ervaar het. Ook hierdie heel natuurlike prentjie van 'n vrou wat die saad opgeneem het om nuwe lewe te gee, het 'n geestelike betekenis. Maria was as maagd gekies om die goddelike saad te ontvang en die vlees-geworde Woord, die Seun van God, te baar. In Genesis 3, vers 15 en in Johannes 2, vers 4, word sy ook "vrou" genoem. Net so het die Gemeente, as 'n suiwer maagd (IIKor. 11:2), 'n vrou geword deur die goddelike saad van die Woord in haar. Uit haar word die manlike kind — die oorwinningsskare — gebore. Manlik beteken om geestelik volwasse te wees, groot te wees. Die plan van God met die Gemeente kom tot voleinding, maar loop in die laaste fase parallel met Israel. Toe Israel (uit Egipte) geroep was, het God hulle "eersgebore seun" genoem: *"So spreek die HERE: My eersgebore seun is Israel. Daarom beveel Ek jou: Laat my seun trek, dat hy My kan dien"* (Ex. 4: 22-23a).

In Jesaja 66, verse 7-9, vind ons die beskrywing van 'n tweeledige proses: *"Voordat sy geboortepyn gekry het, het sy moeder geword; voordat smart oor haar gekom het, is sy van 'n seuntjie verlos".*

In hierdie vers handel dit oor die manlike seun en in die volgende vers oor die geestelike geboorte van Israel: *"Wie het so iets gehoor? Wie het sulke dinge gesien? Word 'n land op een enkele dag gebore? Of word 'n nasie met een slag gebaar? Want Sion het weë gekry, meteens haar kinders gebaar".*

In hierdie teks gaan die geboortepyn en smart oor beide die geboorte van die manlike kind én dat 'n land in een dag gebore sal word (verse 7-8). Die versameling van die Jode strek oor dekades, die uitroeping van die 144,000 vind plaas oor jare, die openbaar-making van Messias op 'n enkele dag. Op dieselfde plek en terselfdertyd, sal hulle kyk na die een vir wie hulle deurboor het en sodoende die lewe van God ontvang (Hos. 6: 1-3).

Sodra die manlike seun, vóór die Wegraping, *"tot die mate van die volle grootte van Christus"* (Efé. 4:13) herbore word, sal die draak met sewe koppe voor die Gemeente wees, *"sodat hy haar kind sou verslind sodra sy gebaar het"* (Openb. 12:4). Satan, die ou draak, is uit die hemel verdryf (Joh. 12:31; Luk. 10:18) en het sy troon, sy hoofkwartier, hier op aarde gevestig (Openb. 13: 1-2). Dit gaan hier oor die 'stoel' van die teëstander van God, die aardsvyand van Israel en van die Gemeente van Jesus Christus.

Met verwysing na die vrou, word daar gesê: *"En sy het 'n manlike kind gebaar, **wat al die nasies met 'n ystersepter sou regeer**; en haar kind is weggeruk na God en sy troon"* (hoofstuk 12, vers 5). Israel sal nie weggevoer word nie, haar bekering tot Christus, die Messias, gebeur eers ná die Wegraping.

Dit is oorweldigend om te sien met watter akkuraatheid die Heilige Gees die Woord bepaal het. Eerstens word die manlike kind, wat bestem is daartoe om die nasies te regeer, weggeraap. Die presiese volgorde is: eers kom die Wegraping en die Bruilofsfees in die hemel en dan die regering saam met Christus op aarde. Daar moet onthou word dat die belofte om *die nasies te regeer,* aan die oorwinnaars gegee word. Dit is nie net van toepassing op die Verlosser nie, maar ook op die verlostes wat bestem is om saam met Hom te regeer.

*"En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en **hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf** "* (Openb. 2: 26-27).

Die sleutel tot die regte begrip van die belofte in hoofstuk 12, lê in die pas-aangehaalde woord. Ná die Wegraping van die manlike kind, vlug die vrou — die Gemeente — die woestyn in, en vir die periode van presies drie-en-'n-half jaar:

*"En die vrou het na die woestyn gevlug waar sy 'n plek het wat deur God gereed gemaak is, dat hulle haar daar sou onderhou **duisend-tweehonderd-en-sestig dae** lank"* (Openb. 12:6).

Soos die gelykenisse van die HERE in die Evangelies gegee word, in Sy profetiese bediening as 'Seun van die mens', vind ons deur die hele boek van Openbaring die betekenis, die uitlegging, van dit wat in die gelykenisse verborge is. Volgens die wens van die Meester word dit nie aan almal nie, maar slegs aan diegene toegedeel vir wie dit bestem is. Die HERE het na Sy dissipels gedraai en gesê: *"Omdat dit aan julle gegee is om die verborgenhede van die koninkryk van die hemele te ken, maar aan hulle is dit nie gegee nie"* (Matt. 13:11).

*"Al hierdie dinge het Jesus deur gelykenisse vir die skare gesê, en sonder gelykenis het Hy vir hulle niks gesê nie;*

*sodat vervul sou word die woord wat gespreek is deur die profeet: Ek sal my mond open deur gelykenisse; Ek sal uitspreek dinge wat verborge was van die grondlegging van die wêreld af"* (Matt. 13: 34-35).

## Die uiteindelike neerwerping van die draak uit die hemel na die aarde

## Sy stryd teen Mígael en sy nederlaag

Die oomblik wanneer die Wegraping plaasvind, neem Christus as Verlosser die eerstelingskare, Sy verlostes wat die voleinding ervaar, die hemelse heerlikheid in. Satan, die aanklaer van die broeders, wat tot op daardie oomblik nog toegang tot die hemelse reik het, sal dan uiteindelik met sy hele volgelinge op die aarde neergewerp word:

*"En daar het oorlog in die hemel gekom: Mígael en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer; en hulle kon nie oorwin nie, en hulle plek was in die hemel nie meer te vinde nie.*

*En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is op die aarde neergewerp, en sy engele is saam met hom neergewerp"* (verse 7-9).

Dit is opmerklik hier dat die engelprins Mígael, verenig met die engele van God, teen Satan en sy volgelinge veg. Jesus Christus het hom eens en vir altyd op Golgota verslaan (Kol. 2:15) en sal hom nie 'n tweede keer weer hanteer nie. Hy tel Sy eerstelingskare op, hulle wat in Sy beeld verander word, ontmoet hulle in die lug en neem hulle na die bruilofsmaal van die Lam. As hulle dan opgaan, kom die laaste opstand van Satan, die aanklaer van die broeders. Dan gryp Mígael, die engelprins, die verslane vyand en werp hom neer met al sy volgelinge.

Daar is geen ander plek in die heilige geskrifte, waarin dié aansluitings op so 'n duidelike, omvattende en presiese manier beskryf word nie. Alhoewel die koninklike Heerskappy op hierdie oomblik nog nie begin het nie, en soos in ander kontekste eers ná die maaltyd begin, word dit met groot vreugde aangekondig:

*"Toe hoor ek 'n groot stem in die hemel sê: Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus; want die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag" (vers 9)*

Van die oorwinnaarsskare was eers in die enkelvoud, as die "manlike kind" gepraat, daarna staan dit in die meervoud: *"**En hulle het** hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van **hulle getuienis**, en hulle het tot die dood toe **hulle lewe** nie liefgehad nie"* (vers 11). Die lewende geloof wat in Christus geanker is, is op sigself die volledige oorwinning vir diegene wat dit regtig besit, selfs tot die dood (IJohannes 5). Daar sal mense op aarde wees wat die Woord van onse HERE reg sal verstaan en ervaar. Die ware gelowiges het saam met Christus gesterwe; hulle lewe is saam met Hom in God verborge (Kol. 3:3). Wie sy lewe wil bewaar, sal dit verloor; maar wie dit verloor ter wille van Hom, sal dit vind. Daarom is een van die beloftes wat aan die oorwinnaars gegee is: *"Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee"* (Openb. 2:10).

Die oomblik wanneer die oorwinningsskare opgaan en hul wonings in die hemel in neem, sal die Heilige Gees in die manlike kind, wat die 'wettelose' nou terughou, uit die weg geneem word. Eers dan kan die 'seun van die verderf' openlik optree (IIThes. 2). *"Daarom, wees verheug, o hemele en die wat daarin woon; wee die bewoners van die **aarde** en die **see**, want die duiwel het na julle neergedaal met groot woede, omdat hy weet dat hy min tyd het"* (Openb. 12:12).

In daardie fase, wat in tyd beperk is, word die woede van Satan, deur sy anti-christelike wêreldinstelling, teen die vrou gerig, nadat die manlike kind gebore is en *"aan God en aan Sy troon"* opgeneem is. Die term "manlike" wys daarop dat hierdie groep die volheid van die omvang van Christus ingegroei het (Efé. 4:13). Die oorwinningsskare word as die Bruid uit die hele Gemeente, wat as vrou die goddelike saad opgeneem het, weergebore en daarna weggeraap na die hemelse Bruilofsmaal.

Daar is slegs een Wegraping van die voltooide regverdiges, wat as Bruid die Bruidegom ontmoet en saam met Hom aan die Bruilofsmaal gaan deelneem. Net soos "die Bruid" nie verwys na 'n enkele persoon nie, so ook nie "die manlike kind" nie; hulle bestaan uit al die uitverkorenes. Hulle vorm "die liggaam van die HERE", wat uit baie lede bestaan (IKor. 12: 12-30).

Die woede van Satan ná sy finale neerwerping uit die hemelse plekke, sal geweldig wees, *"omdat hy weet dat hy min tyd het".* Dit praat van die vasgestelde tydsduur tussen die Wegraping en die oprigting van die duisendjarige Koninkryk. Die eerste aanval was op die manlike kind, die tweede nou teen die vrou: *"En toe die draak sien dat hy neergewerp is op die aarde, het hy die vrou vervolg wat die seuntjie gebaar het".*

*"... maar die twee vlerke van die groot arend is aan die vrou gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek, kon vlieg, waar sy uit die gesig van die slang gevoed word, **'n tyd en tye en 'n halwe tyd**"* (vers 14). Die geheelbeeld is betekenisvol: die Gemeente, waaruit die Bruid gebore is, word bewaar en gevoed in die eerste drie-en-'n-half jaar ná die Wegraping.

Die term "woestyn" en die fisiese "voorsiening" in verband daarmee uit die dae van Moses, met Israel se uittog uit Egipte, is aan alle bybellesers bekend. In Nehemía 9, vers 21, lees ons: *"...veertig jaar lank het U hulle onderhou in die woestyn; hulle het nie gebrek gehad nie; hulle klere het nie verslyt en hulle voete nie geswel nie".*

Van Israel het die HERE verder gesê: *"Ek het Israel gevind soos druiwe in die woestyn; Ek het julle vaders gesien soos voorvye aan die **vyeboom** in sy eerste groei ..."* (Hos. 9:10; Jer. 2: 1-3). *"En leer van die **vyeboom** hierdie gelykenis ..."* (Matt. 24:32). Hy het ook gepraat met verwysing na Israel, wat toe in die woestynsituasie geroep word: *"Daarom, kyk, Ek sal haar lok en haar in die woestyn lei en na haar hart spreek"* (Hos. 2:13).

By God is alle dinge moontlik. Hy wat 'n hele volk, 600,000 mans, uitgesluit die vroue en kinders (Ex. 12:37), uit Egipte gelei

het en veertig jaar lank **versorg** het, is steeds dieselfde en sal, soos dit geskrywe is, die agterblywende Gemeente vir drie-en-'n-half jaar voed. Die vleuels van die groot arend wys op God self, wie hulle dra. Met verwysing na Israel word daar van Hom geskryf: *"Soos 'n arend sy nes opwek, oor sy kleintjies sweef, sy vlerke uitsprei, hulle opneem, hulle dra op sy vleuels — die HERE alleen het Sy volk gelei, en daar was geen vreemde god by hom nie.*

*Hy het hulle laat ry op die hoogtes van die aarde, en hy het die opbrings van die veld geëet; en Hy het hulle heuning uit die rots laat suig en olie uit die klipharde rots;*

*dikmelk van beeste en melk van kleinvee, met die vet van lammers en ramme ..."* (Deut. 32: 11-14).

Die psalmis noem ook die vlerke: *"... want by U soek my siel toevlug, en in die skaduwee van u vleuels sal ek skuil totdat die onheil verbygegaan het"* (Ps. 57:2). *"Hy sal jou dek met sy vlerke, en onder sy vleuels sal jy skuil ..."* (Ps. 91:4). Die HERE roep self tot Sy eie: *"Maar vir julle wat my Naam vrees, sal die son van geregtigheid opgaan, en daar sal genesing onder sy vleuels wees…"* (Mal. 4:2).

Natuurlik woed Satan steeds teen die vrou en haar saad: *"En die slang het uit sy bek water soos 'n rivier agter die vrou aan uitgegooi, om haar te laat wegvoer deur die rivier.*

*En die aarde het die vrou te hulp gekom, en die aarde het sy mond oopgemaak en die rivier opgesluk, wat die draak uit sy bek uitgegooi het"* (Openb. 12: 15-16). Die aardse regering sal volgens hierdie woord ingryp en aan die stroom van vervolginge teen die Gemeente, wat van die godsdienstige kant af kom, 'n einde maak.

Daarna draai die ou draak woedend teen die volk Israel, wat deur die bediening van die twee getuies in die drie-en-'n-half jaar gelowig en verseël word. Hulle hoort aan dieselfde goddelike saad en bekom dan ook die getuienis van Jesus. *"En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar orige nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou"* (v. 17).

Dat hierdie derde groep, *"haar orige nakomelinge",* nie uit die nasies is nie, is duidelik uit die beskrywing, *"... wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou".* Slegs die volk van Israel staan in verbinding met die gebooie en die wet van God. Die Gemeente uit die nasies is in Christus en kom deur die geloof tot geregtigheid (Rom. 10:4). Die wetgewer het nie gekom om die wet weg te neem nie, maar het die geldige vereiste in die gesig gestaar, het alle wetsoortredinge op Hom geneem en die dood gely, wat die loon van die sonde is (Rom. 6:23). Soos reeds gesê, is daar in die Verlossingsplan slegs hierdie drie groepe: die manlike kind, die vrou en Israel, teen wie Satan een vir een woed.

# HOOFSTUK 13

## Terugblik op Daniel se visioene en hul verband met die boek Openbaring

Vanaf die 13[de] tot die 19[de] hoofstuk vind ons simbole wat reeds in die boek van Daniel genoem word en op die profetiese tydsverloop van toepassing is. Om 'n beter begrip te kry van wat hy getoon het, sal ons eers kortliks daaroor gaan.

Hy het vier opeenvolgende wêreldryke gesien, wat deur vier verskillende metale verteenwoordig was, in die vorm van 'n groot standbeeld (Daniël 2). Hy het ook die interpretasie van die beeld wat hy gesien het, gekry. Selfs vandag is dit so dat die alwetende God die geheimenisse aan Sy diensknegte en profete openbaar. *"Die geheim waarna die koning vra, kan die wyse manne, die besweerders, die geleerdes, die waarsêers nie aan die koning te kenne gee nie.*

*Maar daar is 'n God in die hemel wat geheime openbaar ..."* (Dan. 2: 27-28).

In hoofstuk 7 het die profeet Daniël die ontwikkeling van die wêreldryke tot aan die einde van die huidige beskawing gesien, geïllustreer deur simbole van diere. Hy het gesien hoe die vier winde van die hemele die groot see onstuimig maak, waaruit die vier diere opgestyg het. Die profetiese simboolspraak gaan oor die seë van volkere en nasies, wat vanuit alle hemel-rigtings beweeg sal word en waaruit hierdie vier verskillende opeenvolgende wêreldryke sal verskyn. Lande gebruik tekens van verskillende diere as wapenskild, soos dit aan die profeet gewys was.

*"Hierdie groot diere wat vier is — vier konings sal uit die aarde opstaan ...*

*... Die vierde dier — die vierde koninkryk sal op die aarde wees, wat verskil van al die koninkryke ..."* (Dan. 7: 17+23).

Die wêreldryke soos beskryf word in hoofstuk 2, verse 31-43 en ook in hoofstuk 7, verse 1-7, van die boek Daniél, is identies. Die historiese verwikkelinge wat op daardie tydstip vooruitgespreek was, word daaruit duidelik getoon. Die eerste wêreldryk word, vreemd genoeg, deur 'n leeu geïllustreer met twee vlerke soos 'n arend. Die betekenis daarvan: die geweldige krag van hierdie ryk het van die aarde af verrys en alle ander ryke verslaan. Die twee vleuels stel die verenigde koninkryke Assirië-Babilonië voor: elke ryk word deur sy leier beheer daarom staan hierdie dier op twee voete soos 'n mens. Daardie eerste 'diereryk' uit hoofstuk 7, vers 4, stem ooreen met die hoof van goud uit hoofstuk 2, vers 38.

Die tweede ryk word versinnebeeld deur 'n kragtige bytende beer (Dan. 7:5). Dit was die Medo-Persiese Ryk, wat die Assiries-Babiloniërs vernietig het. Die destydse heerser is met drie ribbes tussen sy tande gewys: hy het drie van die belangrikste lande van daardie tyd, Babilon, Lydia en Egipte oorwin. Hierdie tweede ryk stem ooreen met die silwer bors van die standbeeld van hoofstuk 2, vers 39[a].

Die derde dier, 'n luiperd met vier vlerke en vier koppe, het Alexander die Grote simbolies voorgestel en dit het die Medo-Persiese Ryk vernietig en sy heerskappy versprei in al vier rigtings onder die hemele. Die vier koppe dui daarop dat uit hierdie Griekse ryk, vier ryke daaruit na vore sou kom. Die derde Ryk van Daniël 7, vers 6, is in ooreenstemming met die koper van die standbeeld van hoofstuk 2, vers 39[b].

Ons sal die vierde ryk, wat tot die einde toe sal duur, van nader bekyk.

*"Daarna het ek in die naggesigte gesien, en kyk, daar was 'n vierde dier, vreeslik en skrikwekkend en buitengewoon sterk, en dit het groot ystertande gehad; dit het verslind en vermorsel en die oorskot met sy pote vertrap; en dit was verskillend van al die diere wat voor hom gewees het, en dit het tien horings gehad"* (Dan. 7:7).

Hierdie teks stem ooreen met die yster en die klei van die standbeeld uit hoofstuk 2, verse 40-43. In hoofstuk 7, vers 8, skiet daar eers 'n onopvallende horinkie uit wat drie horings laat afbreek uit die kop: dit het die oë van 'n mens en het groot gepraat. Hierdie horing sal God laster, en die heiliges van die Allerhoogste mishandel totdat die HERE oordeel oor hom bring (hfst. 7: 20-25).

Die vier opeenvolgende wêreldryke word simbolies in die standbeeld aangedui deur die metale goud, silwer, koper en yster. Die twee bene is deel van die hele liggaam en dui in die eindfase na Oos en Wes. Die tien tone is deel van albei voete, dus sal Oos- en Wes-Europa uiteindelik saamgevoeg wees onder 'n verenigde Europa. Die "laaste fase", die voete en tone, bestaan uit 'n ongelyke mengsel, naamlik gedeeltelik van yster en gedeeltelik van klei. Aan die einde van hierdie tydvak vind die eenwording van heeltemal verskillende stelsels plaas.

Die profeet het die *yster*-krag van die westerse industriële lande getoon en het ook die *klei*-verkrummeling van die Oos-Europese state getoon. Nietemin word hulle in vervolgens die eindtydvisioen bymekaar gehou, maar sonder dat hulle met mekaar meng, en vorm so dan die noodlottige eenheid wat in profesie voorspel word. Die laaste politieke konstellasie is nie een soliede stuk nie, maar 'n vermenging wat uit verskillend-saamgestelde agtergronde tot stand kom deur ooreenkomste.

Hierdie laaste wêreldmag sal volgens die goddelike raadsbesluit uit die bloute sy einde vind omdat dit in die groot stryd teen Israel betrokke sal wees. Daniel beskryf dit so: *"U het gekyk totdat daar sonder toedoen van mensehande 'n klip losraak wat die beeld getref het aan sy voete van yster en van klei en dit fyngestamp het ... maar die klip wat die beeld getref het, het 'n groot rots geword wat die hele aarde gevul het"* (2: 34-35).

Daardie klip is Christus; So is daar in baie bybelgedeeltes van Hom gesê (Jes. 8:14; Sag. 3:9; Ps. 118:22; Matt. 21:42; IPet. 2:4, onder andere).

*"Daarom staan dit ook in die Skrif: Kyk, Ek lê in Sion 'n uitverkore en kosbare hoeksteen, en die wat in Hom glo, sal nooit beskaam word nie"* (IPet. 2:6).

*"Elkeen wat op dié steen val, sal verpletter word; maar elkeen op wie hy val, dié sal hy vermorsel"* (Luk. 20:18).

Volgens Sagaría 3, vers 9, word sewe oë op hierdie lewende Steen gerig. Die nommer sewe betuig Sy volkome godheid. In die profeet Daniël sien ons Hom glad nie as die Hoeksteen van die Gemeente nie, maar as die Steen wat losraak om die laaste wêreldryk en die vyande van Israel te vernietig.

Die berg waaruit die klip gebreek het, toon aan die onbereikbare Godheid, waaruit die Seun uitgekom het en waarna Hy sal terugkeer, ná die voltooiing van die werk van verlossing, sodat die heerlikheid van die HERE die hele aarde sal vul en God weer alles in almal sal wees. Die psalmis het uitgeroep: *"Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom?"* (Ps. 121:1). Dit is Hy wat in die laaste geveg as Oorwinnaar teen almal sal veg wat teen Israel en dus teen God, en sal opstaan.

Soos in die profetiese woord aangekondig, begin die koninkryk van God teen daardie tyd op aarde. *"Maar in die dae van dié konings sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan"* (Dan. 2:44).

## Die dier met sewe koppe uit die see van nasies

In die 13de hoofstuk van Openbaring word die eerste drie koninkryke, wat Daniel gesien het, nie genoem nie, omdat hulle toe alreeds aan die verlede behoort. Aan die einde van die dag gaan dit oor die laaste wêreldmag, die Romeinse Ryk, wat as 'n dier met sewe koppe en tien horings beskryf word. Dit is opmerklik dat hierdie dier soos Satan lyk, die vurige draak met die sewe koppe en die tien horings in hoofstuk 12, vers 3. Die prins van hierdie wêreld oefen sy 'supermag' op aarde uit, deur die persoon van die antichris. *"... en die draak het hom sy krag gegee en sy 'stoel' en groot mag"* (Openb. 13:2). Dit gaan dus om die wêreldwye mag wat voortspruit uit 'n bepaalde "stoel", soos vooruitgespreek.

As daar sewe koppe en tien horings is, dan meen baie bybelleraars dat dit net gaan om sewe of tien state. Hulle dink nie verder nie, naamlik dat 'n dier nie net uit 'n kop of horings bestaan nie. Of dit nou sewe, tien, twaalf, twintig of vyf-en-dertig state is, maak nie saak nie; belangrik is dat daar binne die "Verenigde State van Europa" sewe leidende koppe en tien deurborende horings sal wees.

Dit is opmerklik dat die ander ses koppe in verband met die besondere magsuitoefening van daardie "stoel", nie genoem word oor die wond toediening of die genesing daarvan nie. Dit gaan dus daarom dat die een wat 'n doodswond toegedien word, 'n toonaangewende land is, die uitstaande kop, en aan die Romeinse Ryk behoort. *"... En ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was, en sy dodelike wond is genees"* (vers 3). Daar word van slegs een kop gepraat, wat gewond word, maar waarvan die doodswond weer genees was. Dit moet in gedagte gehou word dat daar net een nasie in die geskiedenis is, wat die eretitel (soos vertaal), "Heilige Romeinse Ryk van die Duitse Nasie" gehad het. Uit die geskiedenis word dit bevestig dat daar Duits-Romeinse keisers en Duits-Romeinse pouse was. Duitsland se leidende rol in die Verenigde Europa, was so vooruitbestem.

Dit is die ekonomies sterkste en bevolkingsrykste land in die hele Europese Unie. Dit verduidelik waarom die ontwikkeling, tot implemetering van die Romeinse verdrae, ná die Duitse eenwording, wat 'n baie spesiale rol speel, terug na die hart van Europa, gekonsentreerd was. Die huidige wêreldmag, die Verenigde State van Amerika beklemtoon veral hierdie voorkeur, wat in ooreenstemming is met profetiese vereistes. Duitsland het die meeste bure, is die mees sentraalste, grens aan die Oos-Europese lande en is geografies en polities daartoe bestem om as 'n koppellaar vir die hele Europa te dien.

Die term *"Swaardwond"* (vers 14), is baie onthullend in hierdie konteks. Dit het met die swaard van die Gees gebeur, naamlik met God se Woord (Efé. 6:17), wat skerper is as enige twee-snydende swaard (Heb. 4:12). Ons word vertel dat die hele wêreld verbaas sal wees oor die genesing van die *doodswond*. In die dae van die Reformasie, was die swaard van die Gees geswaai, naamlik die Woord van God wat gepreek was. As gevolg hiervan, kry die dominante staatskerk van die land toe byna 'n doodslag. Die godsdienstige verdeling het as gevolg van die Reformasie gebeur. Met die Tweede Wêreldoorlog het dieselfde land 'n tweede, naamlik 'n politieke verdeling beleef. Soos dit vroeër in Protestante en Katolieke verdeel was, was die Europese vasteland toe in Oos en Wes verdeel.

Wie sou dit gewaag het om te glo of ernstig te verwag wat die Amerikaanse president, Ronald Reagan, sou gesê het met sy besoek aan Berlyn in Junie 1987? Voor die toegemesselde Brandenburgspoort, wat toe die werklike verdeling van Oos- en Wes verteenwoordig het, het hy gestaan en gesê: "Meneer Gorbatsjof, maak hierdie poort oop! Meneer Gorbatsjof, breek hierdie muur af!". 'n Goeie twee jaar later het die val van die muur en die opening van die Brandenburgpoort as historiese gebeure plaasgevind. Dit is ook waar, wat Willy Brandt gesê het: "Dit wat saam groei, hoort saam" en dit het betrekking op sowel Duitsland asook die hele Europa.

Die hereniging van Duitsland en in verband daarmee ook die eenwording van Europa, is die vervulling van bybelse profesieë in die eindtyd. Die verdeling is verby, die dodelike wond is genees, polities en godsdienstig groei alles weer saam. Wat aan die Romeinse Ryk behoort, word bymekaar gevoeg, en so verrys dus 'n nuwe wêreldmag voor ons oë, as die 'Europese Unie'. Die hele aarde kon sien hoe verbasend vinnig, so te sê "oornag", alles verander het en hoe vinnig die politieke en godsdienstige eenwording aan die gang gekom het. Met die oorwinning van die eeu, van 'wêreldkatolisisme' oor die 'wêreldkommunisme' in 1989, was bybelse profesieë voor ons oë vervul. Dit alles het gebeur sodat Rome haar geestelike wêreldmag kon inneem om die laaste politieke wêreldmag te oorheers.

Met hierdie besondere *dieremag* gaan dit nie net om 'n algemene mag nie, maar ook om die persoon wat daardie mag beliggaam en verteenwoordig (Dan. 7:17, ens.). Die onderskeie presidente van die verenigde Europa het beperkte mag, soos ander presidente, kanseliers, eerste ministers en staatshoofde — hulle is vervangbaar, soos bv in 'n verkiesing. Die godsdienstige leier, daarenteen, is terselfdetyd staatshoof en kan hoegenaamd nie afgehaal of in 'n verkiesing vervang word nie; hy besit wêreld-wye mag. In bybelse profesieë word ons duidelik vertel dat beide — godsdiens en politiek — met mekaar verenig sal word waarvan die godsdienstige mag die oorhand sal kry (sien Openbaring 17). Van al die kerke het slegs die Rooms-Katolieke Kerk 'n staatskarakter. Die wêreldstate het die gebruiklike uitruil van ambassadeurs met die Vatikaan — 'n onafhanklike staat binne 'n ander staat. Dit behoort dus aan die sewe, maar is die agtste (Openb. 17:11).

Die politieke Europa sal heeltemal onder die invloed van die godsdienstige leierskap staan, en die oorblywende Christendom onderdanig maak deur die ekumenisme en wat ook deur alle ander godsdienste erken sal word. Die veelbesproke nuwe wêreldorde, is meer gevorderd as wat algemeen bekend is. Europese reg het alreeds voorrang oor dié van individuele state.

Strasburg se besluite, word deur Brussels aan alle lidlande van die EU deurgegee. Sommige van die protestantse lande was huiwerig om aan te sluit, omdat hulle geweet het wat aangaan en wie agter die politiek sit. Maar soos geskrywe is, voeg hulle hulself ook daarby. Wie nie wil nie, sal dit voel, want *"Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer? En 'n bek is aan* ***hom*** *gegee wat groot woorde en godslasteringe uitspreek, en aan* ***hom*** *is volmag gegee om dit* ***twee-en-veertig maande*** *lank te doen"* (verse 4b-5).

Wie is hierdie ***'hom'***, aan wie volmag gegee sal word en as 'n dier beskryf word, wat sy bek wyd oopmaak? *"En hy het sy bek oopgemaak om te laster teen God, om sy Naam en sy tabernakel en die wat in die hemel woon, te laster"* (vers 6). Uit hierdie teks is dit duidelik waaroor dit gaan. Die HERE het in Johannes 14 die belofte aan Sy eie gegee om 'n woning voor te gaan berei en terug te keer om hulle daarheen te neem. Vanaf die oomblik van die Wegraping tot aan die begin van die duisendjarige Ryk, sal die oorwinnaars in die hemel woon.

Hierdie eintlike "wêrelddiktator", wat godsdienstige en wêreldmag verenig, ken in sy magsbeheptheid geen perke nie. Mense sal na hom opkyk as 'n god in menslike vorm, en alle godsdienstige en politieke magte sal onder hom geskik wees. Die profeet Daniël sê van hom: *"En hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer om tye en wet te verander, en hulle sal in sy hand oorgegee word gedurende* ***'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd****"* (hfst. 7:25). Soos Johannes, gee ook die profeet Daniël die tyd van die Groot Verdrukking en vervolging as presies drie-en-'n-half jaar aan. Vir die druk wat egter op die bybelse gelowiges uitgeoefen sal word **net voor** die Wegraping, word daar nie 'n vasgestelde tyd aangegee nie.

Wanneer daar van so 'n vervolging gepraat word, dan skud die meeste van ons tydgenote net hul koppe in ongeloof. Daar is selfs diegene wat dit nie kan glo dat die Roomse Kerk in ongeveer 'n duisend jaar van alleenheerskappy deurgans die middeleeue,

miljoene mense na 'n marteldood gestuur het nie. Dink net aan die sogenaamde ketterprosesse en aan die brandstapels, die Inkwisisies, tot by die Bartholomeusnag. Vir baie is dit ook onbegryplik, hoe ses miljoen Jode en honderd-duisende ander, met die wete en soms selfs in samewerking met die Kerk, gedurende die Derde Ryk in ons eeu, op wrede maniere om die lewe gebring was.

*"Dit is ook aan **hom** gegee om oorlog te voer teen die heiliges en hulle te **oorwin**, en aan **hom** is mag gegee oor elke stam en taal en nasie"* (Openb. 13:7). In hierdie verband word daar 'n ernstige vermaning in vers 10 gerig: *"As iemand krygsgevangenes maak, gaan hy in krygsgevangenskap; as iemand met die swaard doodmaak, moet hy met die swaard doodgemaak word".* Maar dan: *"Hier is die lydsaamheid en die geloof van die heiliges".*

Hierdie godsdienstige hoof van die eindtyd word erken deur die feit dat hy die mense toelaat om eer aan hom te betoon en hom te aanbid as God:

*"En al die bewoners van die aarde sal **hom** aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie"* (Openb. 13:8).

'n Ander kenmerk van "hom" is selibaatskap; dit is hoe ons dit genoem vind deur die profeet Daniël: *"... en **op vroueliefde** en op enige god sal hy **geen ag gee nie**; want hy sal homself bo alles groot hou. Maar in plaas daarvan sal hy die god van die vestings vereer ..."* (Dan. 11: 37-38[a]), naamlik, hy sal sy kruistogte en algemene oorloë deurvoer. Selibaatskap is teen die aanvanklike goddelike orde wat van die begin af neergelê is en word deur Paulus as 'n demoniese leer beskryf (ITim. 4: 1-4). Dit is slegs die ware kinders van God wat hierdie grootste godsdienstige bedrog en die bedriëer sal weerstaan — beide die groep vóór die Wegraping, asook die een daarna.

Die hele wêreld — alle politici van reputasie, rang en naam, alle godsdienstige persoonlikhede, alle denominasies — soos geskrywe is, al die inwoners van die aarde sal hom aanbid,

behalwe diegene wie se name in die Boek van die Lewe van die geslagte Lam geskrywe staan. Bybelleraars, veral Dr. Martin Luther, het selfs voor maar veral sedert die dae van die Reformasie, altyd daarop gewys dat dié persoonlikheid in die pousdom gesoek en gevind moet word (sien Luther se voorwoord aangaande die profeet Daniël).

In die teenreformasie, het die Jesuïete hierdie gedagte verwerp en toe die misleidende bewering gemaak dat die antichris 'n Jood moet wees. Dit word in ons tyd selfs geglo deur die Protestantse vriende van Israel, sedert radio evangeliste en predikers oorgeneem het. Anders soek na hom in Islam. Dit is 'n geweldige leuen van die gees van misleiding, wat die wyses geloofwaardig probeer maak het. Waar staan dit in die Bybel? Volgens IIThessalonicense2, waar hierdie man beskryf word, het God sulke mense oorgegee om nie die waarheid van die Woord te glo nie, om liewer die leuen te glo en so dan in die goddelike oordeel te val.

Soos Christus baie benaminge het met betrekking tot Sy onderskeie take, so het Sy teenstander ook baie benaminge. In teenstelling met Christus, wie die Seun van God is, is hy die *seun van die verderf*. Christus word die ware vooraf-beloofde profeet genoem, maar hy die vooraf-aangekondigde *valse profeet,* ens. Die apostel Paulus het hom getitel as *die man van wetteloosheid*, as *teëstander* wat homself verhef bo alles wat God of goddelik is, wat selfs in die tempel van God sit en homself laat eien as God. Omdat hy homself as plaasvervanger van die Seun van God stel, is die logiese gevolg dan hoe hy vereer word. Hy laat ook homself genoem word met die naam wat slegs aan God toegestaan is, "Heilige Vader" — en dit *teen* die Heilige Skrif: *"En julle moet niemand op die aarde julle vader noem nie ..."* (Matt. 23:9). Ten opsigte van die proklamasie, maak hy aanspraak op die onfeilbaarheid van 'sy stoel', soos God self op Sy troon. Hy stel Homself voor as Christus se verteenwoordiger, alhoewel Christus Sy eie verteenwoordig, maar self egter deur niemand anders verteenwoordig word nie.

Die apostel Johannes beskryf hierdie misterieuse man herhaaldelik as "antichrist" of as "teenchristus", wat beteken dat hierdie man, wat homself op God en Christus beroep, in werklikheid eenvoudig teen God en Christus is. Hy bou sy eie kerk met wêreldse mag, langs die Gemeente van Christus en het geen deel in die God-bewerkte verlossing in Christus nie. Hy hou homself selfs voor as die vergewer van sondes. Hy het sy eie leerstellinge en praktyke, in die vorm van dogmas en tradisies, langs en teenoor die Woord van Christus geplaas. In Openbaring word hierdie man, wat in teenstelling met alle ware profete staan, beskryf as 'n *'leuen-profeet'* (hfst. 19:20).

## Die dier vanuit die aarde

Die tweede deel van die 13de hoofstuk van Openbaring is nog meer geheimenisvol as die eerste. *"En uit die aarde het ek 'n ander dier sien opkom, en hy het twee horings gehad net soos 'n lam en het gepraat soos 'n draak.*

*En hy oefen al die mag van die eerste dier uit voor sy oë, en hy maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid, waarvan die dodelike wond genees is"* (verse 11-12).

Hierdie tweede mag kom vanuit die aarde, nie vanuit die see van nasies nie. In bybelse profesieë word die talle nasies van Europa vergelyk met die waters van die see (hoofstuk 17, vers 15). Met hierdie tweede dier handel dit om 'n mag op 'n kontinent waarop daar nie oorspronklik baie nasies en tale was nie. Die Lam simboliseer hier die christelike land, wat volledige godsdiensvryheid geniet het, wat uniek op aarde was. Die twee horings wys op wêreldse *en* godsdienstige mag. Dit is die tweede wêreldmag, die Verenigde State van Amerika, teenoor die "Verenigde State van Europa". Soos ons vertel word, kom die tyd wanneer dié tweede, protestants-georiënteerde dieremag, die taal van die Romeinse draak sal praat en die mag van die eerste dier sal uitoefen.

Die tweede dieremag sorg daarvoor dat die eerste dier, waarvan die doodswond genees het, hulde en erkenning van die inwoners van die aarde ontvang. Dit word veral gekenmerk deur die ontwikkeling van tegniese vooruitgang. *"Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense.*

*En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het"* (verse 13-14).

Wat die godsdienstige sfeer betref, skryf Paulus van die "mag van die wettelose" — in teenstelling met die ware wonders en tekens soos dit in die bedieninge van onse HERE en die apostels gebeur het en vandag nog ter bevestiging van die Woord gebeur — dat dit gepaard gaan met bedrieglike wonders en tekens: *"... **hy** wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen*

*en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie".* (IIThes. 2: 9-10).

Hierdie tweede wêreldmag was oorspronklik suiwer protestants. Mense het uit die lande van Europa voor godsdienstige onderdrukking en vervolging gevlug en daar 'n nuwe tuiste gevind. Die protestantse samesmelting in die Wêreldraad van Kerke is die ewebeeld van die Romeinse wêreldkerk. Hy ontvang lewe (vers 15), dit wil sê, hy kry die bestaansreg en 'n volledige sê. Die Wêreldraad van Kerke het 'n geruime tyd reeds sy stem verhef, byvoorbeeld tydens die vergadering in Februarie, 1991 in Canberra, Australië, met betrekking tot die Golfoorlog. Dit word min of meer van die pous en sy biskoppe verwag, maar nou het die Wêreldraad van Kerke ook 'n sê: *"En dit is **hom** gegee om 'n gees aan die dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie".*

Die vervolging sal dienooreenkomstig teen die waarlik gelowiges, die wat uit oortuiging nie aan die Rooms-Katolieke wêreldkerk of aan die protestantse Wêreldraad van Kerke behoort nie, gerig word.

In die profeet Daniël is dit duidelik wat bedoel word met die aanbidding van die beeld van die dier, soos Openbaring 13 dit beskryf. Die standbeeld ten tye van Daniel was die beeld van 'n man (hoofstuk 2: 32-33). Daardie standbeeld was in die provinsie Babel opgestel net soos die profeet dit gesien en beskryf het, nl sestig el hoog (hoofstuk 3:1). Destyds was dit Babilon in Mesopotamië, aan die Eufraat, vandag se Irak. Met die laaste Babilon kyk ons na die wêreldsentrum op die rivier Tiber. So word dit duidelik getoon in die profetiese Woord.

Destyds was 'n sigbare beeld van die presies beskryfde dieremag opgerig en alle volke, stamme en tale van hoogste aansien, was gevra om die feestelik toegewyde standbeeld te huldig en dit in aanbidding te eerbiedig. *"En 'n uitroeper het hardop geroep: Julle word aangesê, o volke, nasies en tale, sodra julle die geluid hoor ... moet julle neerval en die goue beeld aanbid wat koning Nebukadnésar opgerig het.*

*En hy wat nie neerval en aanbid nie, sal op die daad binne-in die brandende vuuroond gegooi word!"* (Dan. 3: 4-6).

Die geskiedenis van die drie manne in die brandende vuuroond, is welbekend. Hulle kon nie die bevel om voor hierdie opgerigte beeld te buig, eerbiedig nie. Die vervolging was gebring teen diegene wat nie voor die beeld op hul knieë wou val nie, maar hulle aanbidding aan die alleen-enige God gebied het, wie dit toekom.

Die getroue aanbidders het die moed gehad om aan die heerser te sê: *"As onse God wat ons dien, in staat is om ons te verlos, dan sal Hy ons uit die brandende vuuroond en uit u hand, o koning, verlos;*

*maar so nie, laat dit u dan bekend wees, o koning, dat ons u gode nie sal dien nie en die goue beeld wat u opgerig het, nie sal aanbid nie!"* (Dan. 3: 17-18).

Hierdie geskiedenis was in die algemeen neergeskryf tot bemoediging van all die gelowiges, wat direk hier aan die einde, in 'n soortgelyke posisie geplaas word. Die HERE is met Sy mense en verlaat hulle nie en hulle bly getrou tot die dood toe.

Die sesvoudige beskrywing wat volgende vervat word, onthul die geheimsinnige en die misterieuse nommer 666. Wie aandui dat die beeld soos in die Bybel beskryf word — wat kan praat — die televisie is, het geen begrip daarvan nie. Die televisie is 'n dooie voorwerp wat nie vanself kan praat nie, maar is slegs beeld en klank, wat op een plek opgeneem word en op 'n ander plek weergee word:

1) Dit is baie belangrik om te weet dat dit nie oor 'n beeld of 'n foto in die algemeen gaan nie, maar om die *beeld van die dier* (Openb. 13:15).
2) Dit is ook nie net 'n getal wat deur sommige mense willekeurig as 'n gekodeerde formule en as die totale oorheersing deur die 'wêreldrekenaar' geïnterpreteer word nie, maar dit is die *getal van die dier* (13:18).
3) Dit is ook nie net enige naam nie, maar die *naam van die dier* (13:17)
4) en ook nie net die getal van enige naam nie, maar die *getal van sy naam* (15:2)
5) Eweneens is dit ook nie net enige merk nie, maar die *merk van die dier* (16:2)
6) en die *merk van sy naam* (14:11).

Uit hierdie sesvoudige kombinasie, wat telkens **"DIE DIER"** as **verwysingspunt** het, word die toepaslike individuele– en korrekte betekenis verkry. Slegs diegene wat kan begryp dat dit altyd oor dieselfde **verwysingspunt** gaan, sal dwarsdeur die selfgemaakte en verkeerdelike interpretasies sien.

Die woordkonsep 'beeld' kom ons tee in die verskillende kontekste uit die eerste hoofstuk van die Bybel, bv.: *"En God het die mens geskape na Sy beeld ..."*. Die beeld van God was die gestalte waarin die onsigbare op sigbare wyse tot verskyning gekom het. Christus is die beeld van God — die afdruksel van God

(IIKor. 4:4; Heb. 1:3). Aan die ander kant is die antichris, as 'seun van die verderf' (IIThes. 2:3), die aardse beeld van die gevalle seun van die dageraad — Jesaja 14, vers 12. Lucifer, die teëstander, het as die seun van die dageraad in die hemel in opstand gekom en wou gelyk aan God wees; hierdie man op aarde doen dieselfde. Die 'beeld van die dier' is nie net 'n illustrasie nie, maar moet as 'n werklik-bestaande lewende wese gesien word.

## Die geheimsinnige merk van die dier

Ons wil nou die merk van die dier behandel: *"En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word"* (vers 16).

Dit is beslis nie 'n uiterlike kenteken nie, soos dit wat die Jode op verskillende tye sigbaar moes dra nie. Die seël van God, waarmee die HERE Sy eie identifiseer, is nie sigbaar nie. Ook die 144,000 wat uit die twaalf stamme van Israel kom, sal die seël van God op hul voorhoofde dra, wat onsigbaar is. Net so is die seël van God ook nie 'n spesifieke dag wat waargeneem en gevier moet word, soos sommige dit leer nie. In Exodus 31 het God Israel tot die sewende dag verplig, nie as 'n seël nie, maar as teken van die verbond (verse 12-17). Diegene wat tot die Gemeente behoort, ontvang, net soos Abraham, die seël van God deur die Christus-geregverdige geloof (Rom. 4:11, IIKor. 1:22). Hulle word met die Heilige Gees verseël tot die dag van hul liggaamlike verlossing (Efé. 4:30), nie tot 'n sekere dag van die week nie.

In die verdrukking sal mense gedwing word om die godsdiens-stelsels aan te neem en daaronder te buig, anders sal hulle nie kan koop of verkoop nie. Die *voorkop* wys dat die besluit met die kop, dws, met die verstand te doen het. Die *hand* praat van die daad — die 'daad' wat volg na die besluit geneem is.

Lidmaatskap word gewoonweg bevestig deur ‘n vrywillige inskrywings-handtekening. Die bybelse gelowiges sal egter blootgestel en onderwerp word aan ernstige diskriminasie en vervolging, van godsdienstige kant af. As iemand byvoorbeeld by 'n werkaansoek hul godsdiens moet vermeld, kan daar onmiddellik besluit word of so ‘n persoon die werk kry of nie.

Die merk is geestelik en hou verband met die 'lering'. Soos die ware leer van God enersyds deur Sy eie ontvang, gedra en gedoen word, gebeur dit andersyds met diegene wat die valse leerstelling van die teëstander volg. Lering, geloof en oortuiging is nie sigbaar op die voorkop óf op die hand nie, maar word in die hart gedra en dadelik beoefen. **Die verseëling met die Gees gebeur ná ontvangs van die Woord van die waarheid** (Efé. 1:13); **die merk van die dier, ná aanvaarding van die vervalste woord**.

Die volgende teks gee definitiewe uitsluitsel daaroor, dat dit nie oor 'n eksterne merk gaan nie, maar onthul die belangrike feit dat hierdie merk **die naam van die dier** en **die getal van sy naam** bevat: *"... sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die* ***merk*** *of* ***die naam van die dier*** *of* ***die getal van sy naam*** *het. Hier kom die wysheid te pas. Wie die verstand het, laat hom die* ***getal van die dier*** *bereken, want dit is die* ***getal van 'n mens****; en* ***sy getal*** *is seshonderd-ses-en-sestig"* (verse 17-18). Dit is die volledige onthulling van die raaiselagtige merk, waarin **die drie-voudige kombinasie** gevind word, wat die **dier** elke keer **as verwysingspunt** het. Dit word saamgevat in die numeriese waarde 666, wat ooreenstem met die betiteling van hierdie een persoon:

VERTEENWOORDIGER VAN DIE SEUN VAN GOD

**V I C** A R **I U** S   F **I L I I**   **D** E **I**

5+1+100+.+.+1+5+.   .+1+50+1+1 + 500+.+1 = 666

'n Kenteken kan 'n aardse, maar ook 'n geestelike teken wees, 'n kenmerk. Niemand verwag om iemand te sien met die naam en nommer van die dier, om as 'n sigbare merk te dra nie. Paulus het gesê: *"... ek dra die littekens van die HERE Jesus in my liggaam"* (Gal. 6:17). Met sekerheid het hy nie die littekens van die Gekruisigde uiterlik gedra nie, dit sou beslis 'n bespotting gewees het, maar tog wel die geestelike tekens. Wat is dan die kenmerk, die eintlike identiteit van hierdie godsdienstige instelling? Om dit te ervaar, sal ons na die begin teruggaan, na die skepping daarvan terug gaan.

**As ons weet wat die vervolging destyds veroorsaak het, ná die ontstaan van die Romeinse staatskerk in die 4de eeu, sal ons ook weet wat dit nou sal veroorsaak**.

Die *geloof in die drie-eenheid* is die deur-haar-uitgevonde kenmerk van die moederkerk, wat veronderstel dat God vanaf ewigheid drie onafhanklike, ewige, alwetende en gelyke almagtiges is. So het hierdie drie-eenheidsgeloof 'n staats-geborgde en –afgedwonge middel van druk geword en die grusame, duisendjarige vervolging van die Jode, Christene en Moslems veroorsaak, van almal wie anders geglo het. Die volgende aanhalings spreek boekdele:

"**Oos-Rome 28.2.380. DRIE-EENHEIDSGELOOF STAATS-GODSDIENS.** Theodosius I, die Grote, wie die Wes-Romeinse keiser, Gratianus, ná die dood van Valens, in die jaar 379, verhef het tot keiser van die Ooste, skryf aan al sy onderdanige nasies die 'christelike drie-eenheidsgeloof' voor, in die formaat soos deur die Raad van Nicaea in 325 goedgekeur was".

"**Konstantinopel 1.5.381. DRIE-EENHEIDSGELOOF VIR DIE CHRISTENE VERPLIGTEND.** By die Tweede Ekumeniese Raad het die biskoppe die edik wat deur keiser Theodosius I in Februarie, 380, uitgereik was, goedgekeur, waarin hy al die Romeinse onderdane aangespoor het tot die aanvaarding van die 'christelike drie-eenheidsgeloof', soos dit in die jaar 325 op die Raad van Nicaea geformuleer was. Daarmee was die drie-eenheidsgeloof, wat die 'drie-enigheid van God die Vader, Seun en Heilige Gees' bevat,

vir alle christene die geldige geloofsbelydenis en tot staatsgeborgde godsdiens bevorder" —B. Harenberg, CHRONIK DER MENSCHHEITSGESCHICHTE (Kroniek van die Geskiedenis van die Mensdom), bl. 212.

Met die merkteken gaan dit eintlik hoofsaaklik oor die lering van die drie-eenheid. Ook die tradisionele protestantse kerke het dit, soos geen ander aspek, in hulle geloofbelydenis opgeneem en veg selfs vir die behoud daarvan. In die Katolieke Kerk — en nou ook met protestante — het dit daartoe gekom dat die regterhand gebruik word om die 'teken van die kruis' te maak. Dit was die veeltallige moordenaar, Keiser Konstantyn, wat beweer het dat hy 'n kruis in die lug gesien het. Later het sy staatskerk die teken van die kruis vir almal verpligtend gemaak. Onder hierdie trinitariese kruisteken, waaronder uitgespreek moes word: "In die naam van die Vader, en van die Seun en die heilige Gees", het die Roomse Kerk al sy wrede kruistogte en pogromme deurgevoer. Die Jode en anders-gelowiges was gedwing om die kruisbeeldjie te soen of om te sterf.

Volgens die kerkgeskiedenisskrywes, was daar blykbaar voor Konstantyn geen christelike drie-eenheidsleer nie, slegs die heidense drie-eenheid; ook geen kruisteken-makery nie. Daar was net die christologiese debatte. Ook het die bybelse gelowiges geen kruis-beeldjies gedra nie, nog minder het hulle tekens van die kruis gemaak. Hulle glo in die goddelike daad van verlossing wat in Christus aan die kruis op Golgota gebeur het. Hulle was oortuig daarvan dat, deur die versoeningsdood aan die kruis, het God in Christus die wêreld met Homself versoen. Hulle getuig nes Paulus en die oorspronklike Christene: *"Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my"* (Gal. 2:20).

Dit is ook uit die kerkgeskiedenis bekend dat daar in die eerste eeue nC, glad nie 'n Rooms-Katolieke, ook nie 'n Grieks-Ortodokse, of enige ander kerk as organisasie bestaan het nie. Daar was net die verskillende christelike rigtings wat dan sedert Konstantyn, in sy "Imperium Romanum", tot 'n verenigde kerk

gekom het. By die Raad van Nicaea (325) was daar geen pouse, ook geen kardinale nie, ens. Ook was hulle nie op die rade in Konstantinopel (381), of in Éfese (431) nie. Die geskiedenis van die pouse het begin met Leo I in 441 nC. In Nicaea het die verteenwoordigers van die verskillende christelike rigtings vergader en daar het heftigte besprekings gevolg. Met die staat se hulp het die eerste formele christelike denominasie in die $4^{de}$–$5^{de}$ eeu as staatskerk tot stand gekom. Dit is inderdaad nie deur Christus gestig nie en het daarom niks met Hom in gemeen nie, ook nie in die onderrig of in praktyke nie.

Die kenmerk van hierdie wêreldinstelling, waaruit al die vervolging spruit, was verteenwoordig in sy hoof as die hoogste leringsoutoriteit van die instelling. Dus as iemand teen die allerheiligste dogma van die Roomse Kerk, naamlik, teen die drie-eenheid, oortree, was dit 'n belediging tot die dood en was so iemand in hul oë 'n ketter, 'n kind des doods. Kyk na die volgende aanhaling uit die moderne tyd: "As die Tweede Vatikaanse Raad in die edik oor die ekumenisme (Nr. 20) slegs gedink het aan die Christene wat in die drie-eenheid van God glo, moet daar ondersoek gemaak word in watter mate ander gemeenskappe, wat die verwerping van die drie-eenheid-oortuiging voorstaan, steeds christelik is" —Herder-Verlag, LEXIKON DER SEKTEN ('Ensiklopedie van Sektes'), bl. 151. Vir dialoog was hier geen ruimte nie. Die besluit was dus finaal.

Soos met die oorsprong daarvan, sal hierdie uitgevinde *drie-eenheid dogma* ook nou by die eenwording van Katolieke en Protestantse denominasies 'n absolute verpligting vir alle Christene wees. Terselfdertyd sal die verenigde protestante alle evangeliese groepe dwing om *die merk* te aanvaar, waardeur die staat die kerk sal help: *"En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word; sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het ..."* (verse 16-17).

Die Wêreldraad van Kerke gaan baie ontevrede wees oor die feit dat daar nog steeds protestantse groepe gaan wees wat weier om by die samesmelting aan te sluit. Dit is diegene wat glo aan die een, ware, ewige God wat Homself geopenbaar het tot ons redding en tot ons verlossing in Jesus Christus. Hulle sal die antichris verwerp omdat hulle Christus as hul enigste hoof erken.

Hierdie dogma identifiseer die struktuur met die valse kennis van God en van Christus. Daarom het hierdie instelling, soos geen ander instansie in die verlede, alreeds bloed vergiet met die vervolging van gelowiges en andersdenkendes. Net so, sal diegene wat die merkteken van die moederkerk nie aanvaar nie, blootgestel wees aan vervolging. Wie aan die ander kant, die drie-eenheid dogma glo en trinitaries gedoop word, dra die merkteken outomaties. Soos bekend is, dring die Roomse Kerk aan met die bewering dat in haar alleen verlossing is en dat redding slegs deur haar en haar sakramente kan geskied. Die predikante in die amptelike kerk lei mense in godsdienstige handelinge vanaf geboorte tot die dood — met die gevolg dat hul toegewyde lede, met al hul sakramente, in 'n fiktiewe 'vagevuur' beland. Is dit verlossing? Die Heilige Skrif sê anders (Hand. 4: 10-12).

Die pouslike kerk stel haar denkbeeldige offer teenoor die eenmalige, voor-God-alleen-geldige offer van Christus. Na bewering word 'n baksel brood in die ware Christus verander, rondgedra, aanbid en geëet. Almal diegene wat so 'n teen-Christus-en-God-gerigte lering nie kon aanvaar nie, was deur raadsbesluite vervloek. SO SPREEK DIE HERE in Sy Woord van die Verlosser en van die reddingsdaad wat deur Hom volbring is: *"... Deur hierdie wil is ons geheilig deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, **eens en vir altyd** ... maar Hy het, nadat Hy **'n enkele offer** vir die sondes gebring het, vir altyd gaan sit aan die regterhand van God ... **Want deur een offer het Hy vir altyd die wat geheilig word tot hul doel gebring**"* (Heb. 10: 10+12+14).

In die geskiedenis van verlossing is God die alleen-werkende deur Jesus Christus, onse HERE. Die Heilige Gees werk volgens die heilsverkondiging die Woord van waarheid. Daarteenoor tree die kerk op in sy eie naam in die formule "In die naam van God die Vader, die Seun en die Heilige Gees" — die Gemeente van Christus daarinteen tree namens God op in die nuwe-testamentiese verbondsnaam van die **HERE Jesus Christus**, waarin alleen die verlossing van God vir die mensdom is.

Met die oog op alle formele en onafhanklike kerke wat verenig is met die moederkerk, word in die uitdrukking in die 17de hoofstuk gebruik: *"... die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde"*. Dit is ook so geskryf gevind op haar voorhoof: *"En op haar voorhoof was 'n naam geskrywe, 'n verborgenheid: die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde"*

*"Ek het die vrou gesien, dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus; en ek het my uitermate verwonder toe ek haar sien"* (verse 5-6).

Die protestantse dogterkerke, wat gekenmerk word deur dieselfde drie-eenheid, keer terug na hulle moederskoot. So sal dit weer die 'Groot-Babilon' wees wat dronk is van die bloed van die martelaars. Johannes het dit gesien soos dit is en was verbaas. Almal wat die leerstelling van die drie-eenheid glo, en lede in die ooreenstemmende denominasies is, dra alreeds die merk. Diegene wat nie onderdanig kan wees aan hierdie dogma nie, as gevolg van bybelse oortuiging, sal blootgestel word aan die vervolging. **Op dieselfde wyse en met dieselfde eienskappe waarmee hierdie kerk haar eerste vervolging afgedwing het, sal sy ook haar laaste doen.**

Die dodelike ding is dat dit wat verkeerd is, verwarrend aangesien word as die regte, sodat, sou dit moontlik wees, selfs die uitverkorenes verlei kon word (Matt. 24:24). In Matthéüs 7, verse 21-23, verwys die HERE na sulke mense wat praat van magtige dinge, soos dit vandag deur trinitariese televisie-evangeliste en charismatiese byeenkomste gedoen word.

Alhoewel hierdie mense probeer het om hulself te regverdig, het die HERE hulle verwerp en hulle werkers van ongeregtigheid genoem, wie Hy nooit geken het nie. Waaragtige geesteswerkinge stem altyd ooreen met die ware leringe van die Woord van God.

Daar moet gevra kan word:

Waarom het God Homself nog nooit van 'drie-enigheid' of 'drie-voudigheid' gepraat nie"?

Waarom het geen profeet ooit 'n 'drie-enige God' genoem nie?

Waarom was daar nooit 'n apostel wat van "drie persone binne die Godheid" gepraat het nie?

Waarom is die terme "God die Seun" en "God die Heilige Gees" nêrens in die Bybel nie?

Waarom was daar in die Judaïsme en die apostoliese era nie 'n enkele een wat gedebatteer het oor die Godheid nie?

Waarom was daar in die apostels se tyd en in die post-apostoliese era nie 'n enkele keer gedoop in 'n trinitariese formule nie?

Waarom het al die apostels — wetende van Matthéüs 28, vers 19 — uitsluitlik deur onderdompeling in die naam van die **HERE Jesus Christus** gedoop (Hand. 2:38; 8:16; 10:48; 19:5; Rom. 6:3)? Omdat dit deur direkte instruksie was van die Opgestane Een en hulle deur die openbaring van die Gees geweet het dat Jesus van Nasaret "Immanuel, God met ons" is. Hulle het geweet dat die verbondsnaam in die Nuwe Testament, **'Jahshua'** is wat **'Jahweh-Redder'** beteken, net soos *"Immanuel", God met ons* beteken. Hulle het ook geweet dat die enigste ware God Homself openbaar het as Vader, Seun en Heilige Gees. En dit gebeur tot ons saligheid in die nuwe-testamentiese verbondsnaam waarin al die seuns en dogters van God in die tyd van die nuwe verbond gedoop word.

Of dit nou in woorde, dade of doop is — alles wat van God af kom, gebeur en geskied volgens Sy wil in Sy Gemeente en sal nie plaasvind in 'n naamlose, magiese formule nie en nie in die herhaling van titels of benamings nie, maar in die naam van **HERE Jesus Christus** (Kol. 3:17). Nie in titels en formules sal alle knieë buig nie, maar in die heilige **verbondsnaam** van die **HERE Jesus Christus** (Fil. 2: 9-11).

Reeds in die Ou Testament het God met betrekking tot Sy naam op die berg Sinai belowe: *"Op elke plek waar Ek my Naam sal laat gedenk, sal Ek na jou toe kom en jou seën"* (Ex. 20:24).

In die aankondiging van die geboorte van die Verlosser was dit duidelik gestel: *"... en jy moet Hom Jesus noem* (Hebreeus: Jahshua)*, want dit is Hy wat Sy volk van hulle sondes sal verlos.*

*En dit het alles gebeur, sodat die woord vervul sou word wat die HERE deur die profeet gespreek het:*

*Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar, en hulle sal Hom Emmánuel noem, dit is ...: God met ons"* (Matt. 1: 21-23).

Al die bedieninge wat van God in die nuwe-testamentiese Gemeente van Christus geplaas is, is onder leiding van die Heilige Gees, en op grond van die gesag van die Woord van God, in die naam van HERE Jesus Christus. Maar alle kerksampsdraers voer egter elke handeling uit met die formule: "in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees", sonder om die eintlike naam te noem waaroor die doopopdrag gaan. Nie een keer het 'n profeet of apostel enige sodanige formule blindelings herhaal nie. Dit is dus nie verbasend dat hierdie formule ook deur die hele okkultisme en spiritisme in die 'Christelike' beskawing beoefen word nie.

Luister tog, u wat uself as deel van die volk van God reken, maar in trinitariese kerke en ander kerke is: Dit is die uur van Waarheid, die uur van besluit, die openbaring van Christus en die ontmaskering van die antichris, die skeiding van lig en duisternis! Die boodskap van God word aan sy verstrooide mense gestuur met hierdie laaste oproep:

*"Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die HERE; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem;*

*en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die HERE, die Almagtige"* (IIKor. 6: 17-18; Openb. 18:4).

Die SO SPREEK DIE HERE in hierdie skrifgedeeltes is duidelik. Slegs diegene wat uit die babilonies-trinitariese bereik uitkom, kan die liggaam van Christus waarlik ingaan, en deur die Heilige Gees gedoop en verseël word (IKorinthiërs 12). Christus en die antichris kanselleer mekaar uit. 'n Vermenging tussen hierdie twee kampe kan glad nie gebeur nie. Niemand kan neutraal bly nie. Die een kant word verseël met die Heilige Gees, en ander word gemerk met die valse godsdienstige stelsel.

Wie die basuin van die ewige evangelie hoor, moet die goddelike oproep gehoorsaam. Die besluit moet nou gemaak word, of ons aan Christus óf aan die antichris wil behoort, of ons nou saam met die Heilige Gees verseël wil word in die goddelike waarheid van die Woord, óf wil ons die merk van die dier aanvaar en in fout bly. Die verkeerde lering oor 'n 'drie-enige' God was onbekend aan die profete en die apostels het nie die verkeerde 'drie-enige' doop geken nie. Hierdie vollig-verkeerde godsdiensstelsel word heeltemal deur God verwerp.

Die hele aangeleentheid word opgesom in 'n man deur wie dit beliggaam word. Die beskrywing en die numeriese waarde van die naam van hierdie man het ons alreeds in die Heilige Skrif aangebied. Sedert die Reformasie het alle bekende bybelleraars dit so gesien. Daar is geen ander manier waarop al die besonderhede korrek uitgelê kan word nie.

# HOOFSTUK 14

## Die Lam en die 144.000 verseëldes

*"En ek het gesien, en kyk, die Lam staan op die berg Sion, en saam met Hom honderd-vier-en-veertigduisend met sy Naam en die Naam van sy Vader op hulle voorhoofde geskrywe"* (vers 1).

Die voorhoof word weereens genoem in verband met die dra van 'n naam. In hoofstuk 7, is die aankondiging gemaak dat 144,000 van al 12 stamme van Israel 'n seël op hul voorhoofde sou hê. Hier vind ons die toevoeging van die Naam. In hoofstuk 14 sien ons die 144,000 verseël op die Berg Sion. Hulle word met die Lam aangedui, wat hulle verlossing illustreer. Hierdie groep het die verlossing aangeneem, wat aan die kruis op Golgota bewerk is deur die Lam van God. Die Jode sal die naam *Immanuel–Jahshua* dra*. Immanuel = God by ons* (Jes. 7:14), *Jahshua = Jahweh-Verlosser*. Dan word Jesaja 25, vers 9 vervul: *"En hulle sal in dié dag sê: Kyk, dit is onse **God** op wie ons gewag het, dat Hy ons kan verlos; dit is die **HERE** op wie ons gewag het: laat ons juig en bly wees oor sy hulp".* Op daardie spesifieke tydstip sal die berg Sion weer 'n besonderse betekenis het (Jesaja 2 en 4).

*"En ek het 'n geluid uit die hemel gehoor soos die geluid van baie waters en soos die geluid van 'n harde donderslag, en ek het die geluid gehoor van siterspelers wat speel op hulle siters.*

*En hulle het 'n nuwe lied gesing voor die troon en voor die vier lewende wesens en die ouderlinge; en niemand kon die lied leer nie,* ***behalwe die honderd-vier-en-veertigduisend*** *wat van die aarde vrygekoop is"* (Openb. 14: 2-3).

Alvorens die hemelse en aardse Jerusalem verenig word, leer die uitverkore Jode die nuwe lied, wat dan gesing sal word deur almal wat aan die eerste opstanding deelneem. Die eersteling-skare uit die nasies is die Bruid. Sy sal by die bruilofsmaal in die hemel sing; op die aarde sal die lied weerklink en kan slegs deur die 144,000, wie *die eerstelingvrugte* van Israel is, gehoor, geleer,

en saamgesing word. Die Bruid is die uitverkorenes vanuit alle volke, tale en nasies — die 144,000, die eerstelingvrugte vanuit die twaalf stamme van die volk Israel.

Van die 144,000 word gesê: *"Dit is hulle wat hulself met vroue nie besoedel het nie, want hulle is maagdelik rein; dit is hulle wat die Lam volg waar Hy ook heengaan; dit is hulle wat gekoop is uit die mense as eerstelinge vir God en die Lam.*

*En in hulle mond is daar geen bedrog gevind nie"* (Openb. 14: 4-5).

Soos alreeds in hoofstuk 12 gesê, word die Gemeente simbolies as 'n vrou voorgestel. Hierdie 144,000 is maagdelik rein, en gevolglik word hulle deur geen kerk bedrieg nie en pleeg ook self geen geestelike bedrog nie. Hulle behoort aan geen gemeente nie; hulle is ook nie Katolieke of Protestante, nie Metodiste, nog minder Baptiste of dies meer nie. Hulle het nie die nodigheid om by 'n gemeente aan te sluit nie want hulle word deur die bediening van die twee getuies direk na Christus gelei en met die Seël van God op hul voorhoofde verseël. Onaangeraak ontmoet hulle die Lam wat hulle gekoop het en vir wie hulle dan volg.

Met verwysing na hierdie skare uit Israel het die HERE in die Ou Testament gespreek: *"En Ek sal tussen jou in laat oorbly 'n ellendige en geringe volk wat by die Naam van die HERE skuiling soek.*

*Die oorblyfsel van Israel sal geen onreg doen en geen leuentaal spreek nie, en in hulle mond sal geen bedrieglike tong gevind word nie; maar hulle sal wei en neerlê, en niemand sal hulle verskrik nie.*

*Jubel, o dogter van Sion, juig, o Israel! Verheug jou en jubel van ganser harte, o dogter van Jerusalem!*

*Die HERE het jou oordele opgehef, jou vyand weggeveeg; die koning van Israel, die HERE is by jou, jy sal geen kwaad meer vrees nie"* (Sef. 3: 12-15).

## Die ewige Evangelie en die drie engel-aankondigings

In Openbaring 14, verse 6-11, word daar op 'n besondere wyse, naamlik vanuit die hemel, op drie dinge heengewys: eerstens, dat die ewige evangelie betroubaar aan alle volke en tale verkondig word. In hierdie verband klink die oproep: *"Vrees God en gee Hom heerlikheid want die uur van sy* ***oordeel*** *het gekom; en aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het!"*

Tweedens, die aankondiging van die val van die grote Babilon: *"Geval, geval het Babilon, die groot stad, omdat sy al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery!"*

Derdens, die belangrikste waarskuwing aan die mensdom, om nie **die dier** en **sy beeld,** te aanbid nie en om nie **die merk van die dier** op die voorhoof en die hand te aanvaar nie, want, *"as iemand die dier en sy beeld aanbid en 'n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang,*

*sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam"* (verse 9-10). God reageer op niks anders met sulke woede soos met die aanvaarding van dié antichristelike stelsel nie. Vir hulle wie op daardie tydstip deel daarvan sal wees — ook lede van 'n trinitariese gemeente wat behoort tot ekumenisme en die Wêreldraad van Kerke— sal geen genade vind nie, net die woede van God; vuur en swael wag op hulle.

Dit wys ons hoe belangrik dit is om te weet en korrek te wees, oor wat met 'die dier', 'die beeld van die dier' en 'die merk' verstaan moet word. Dit is wat ons neem uit hierdie onvergelykbare bedreiging. Wie ookal vir hierdie wanbeelde val, wat so 'christelik', so vroom-godsdienstig aangebied word, neem die merk op en sal die gevolge daarvan moet dra.

God is genadig, barmhartig en van grote goedheid; Hy gee vergifnis van alle sondes aan diegene wie Hom vra, en vergeef alle skulde. Maar wie hulself op hierdie belangrike uur van die geskiedenis van die mensdom plaas aan die kant van die antichris, maak daarmee 'n bespotting van Christus en verwerp Hom. Hy sal nie mense vergewe wat opkyk na die antichris, wat slegs vrede en vergifnis praat, maar dit nie kan gee nie, in plaas daarvan om na Hom, die Verlosser te wend, wie alleen vrede en vergifnis kan skenk. Mense moet dié godsdienstig-versierde ding mooi deurkyk en herken, en die onherstelbare gevolge wat dit vir almal inhou, wat daaraan verwant is en daaraan behoort.

Die profetiese betekenis en openbaring van die simbole wat aan ons nagelaat is, kon eers noudat dit nodig geword het, geopenbaar word deur 'n ware profetiese bediening. Geen evangelis, geen bybelleraar, het tot op daardie stadium so 'n onbeperkte toegang tot die profesies van die Bybel gehad nie. God werk alles op Sy manier en ordineer Sy diensknegte tot hul paslike opdragte — evangeliste, bybelleraars, herders, ens. Die profetiese gedeelte waarmee ons besig is, moet aan 'n profeet oorgelaat word, *"want die Here HERE doen niks tensy Hy Sy raadsbesluit aan Sy knegte, die profete, geopenbaar het nie"* (Amos 3:7). Die geopenbaarde Woord het altyd tot die profete en diensknegte van God gekom, ook tot die apostels en diensknegte van Christus. Interpretasies, daarinteen, het nog altyd vanaf die skrifgeleerdes en teoloë gekom. In die nuwe-testamentiese Gemeente het God ook leraars, profetiese en apostoliese bedienings geplaas (IKor. 12:28; Efé. 4:11, o.a.).

Die verskriklike lot van die misleides word soos volg aan ons verder beskryf: *"... En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie — hulle wat* ***die dier*** *en* ***sy beeld*** *aanbid, en elkeen wat* ***die merk van sy naam*** *ontvang!"* (14:11).

Direk daarna is die aanduiding van wat voorlê, vir diegene wat getrou bly aan die HERE in die uur van hulle beproewing:

*"Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar.*

*En ek het 'n stem uit die hemel aan my hoor sê: Skryf — salig is van nou af die dode wat in die HERE sterwe. Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hul arbeid, want hulle werke volg hulle"* (verse 12-13). Hier word vervul wat in die tweede deel van die 5de seël, in hoofstuk 6, vers 11, aangekondig word.

## Die groot koringoes aan die einde van die tyd van genade

In die tweede helfte van hierdie hoofstuk word daar twee verskillende oeste beskryf. Die eerste, in verse 14-16, handel oor die saliges in Christus: *"En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit wolk en een soos 'n Menseseun wat op die wolk sit, met 'n goue kroon op sy hoof en in sy hand 'n skerp sekel.*

*En 'n ander engel het uit die tempel gekom en met 'n groot stem geroep na hom wat op die wolk sit: Slaan u sekel in en maai, want die uur het vir U gekom om te maai, omdat die oes van die aarde oorryp geword het.*

*En Hy wat op die wolk sit, het sy sekel oor die aarde laat gaan, en die aarde is afgemaai".*

Die Seun van die mens op die wit wolk is die HERE Jesus Christus. Johannes die Doper het oor die oes gesê: *"... Sy skop is in sy hand, en Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak en sy koring in die skuur saambring, maar die kaf sal Hy met onuitbluslike vuur verbrand"* (Matt. 3:12; Luk. 3:17). Aan die einde van die wêreld sal Hy **Sy** koring in **Sy** skuur versamel. In 'n gelykenis het die Seun van die mens van Homself gepraat as die koringkorrel wat in die grond moes val en sterf, om op hierdie manier veelvuldig vrugte van dieselfde saad voort te bring. *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit ryke vrugte"* (Joh. 12:24).

Die goddelike saad ervaar sy groei en bereik uiteindelik volle rypheid. *"Want vanself bring die aarde vrug voort, eers 'n halm, dan 'n aar, dan die volle koring in die aar.*

*En wanneer die vrug dit toelaat, steek hy die sekel dadelik in, omdat die oes daar is"* (Mark. 4: 28-29).

Die Seun van die mens het hierdie goeie saad gesaai. *"Hy wat die goeie saad saai, is die Seun van die mens,*

*en die saailand is die wêreld. Die goeie saad — dit is die kinders van die koninkryk, en die onkruid is die kinders van die Bose"* (Matt. 13: 37-38).

Dit is HY wat saam met die engele (Matt. 13:39) die sekel insteek, om die oes in te bring en Sy eie te neem. HY word toegeroep: *"Slaan u sekel in en maai, want die uur het vir U gekom om te maai, omdat die oes van die aarde oorryp geword het"* (Openb. 14:15[b]). By die eerste opstanding word dit duidelik dat die uitverkore eerstelingskare inderdaad volledig is en heeltemal in die wese en beeld van die Seun van God verander is (IJoh. 3:2).

## Die oes op die wingerdstok van die aarde — Uitvoering van die toorn van God

In verse 17-20 word daar aan ons van 'n heel ander oes berig wat op die wingerdstok van die aarde sal gebeur. *"En 'n ander engel het uitgekom uit die tempel wat in die hemel is, en hy het ook 'n skerp sekel gehad;*

*en 'n ander engel wat mag oor die vuur gehad het, het uit die altaar uitgekom en met 'n groot stem geroep na hom wat die skerp sekel het, en gesê: Slaan jou skerp sekel in en samel die trosse van die wingerdstok van die aarde in, want sy druiwe het ryp geword.*

*En die engel het sy sekel oor die aarde laat gaan en die wingerdstok van die aarde afgeoes en dit gegooi in die groot parskuip van die* ***grimmigheid*** *van God.*

*En die **parskuip** is buitekant die stad getrap, en bloed het uit die parskuip gekom tot aan die tooms van die perde, tweehonderd myl ver".*

Enigiemand wat die parallelle gedeeltes lees, sal vind dat hierdie gebeurtenis wat hier beskryf word, die gevolg van God se toorn sal wees en sal as hoogtepunt uitloop op die laaste stryd teen die vyandelike magte van Israel. Die profete van die Ou Testament en die apostels van die Nuwe het daaroor gepraat. Die sleutelwoorde met hierdie oes is **"parskuip"** en **"wraak".**

Die HERE is nie gelukkig met hierdie oes nie. Dit gaan oor die mensdom wat van God afvallig geword het en teen Hom in opstand gekom het. Die vergelyking met ander skrifte maak dit duidelik dat God dan met die vyandige mense sal afreken voordat die duisendjarige Vrederyk opgerig word. Soos druiwe in 'n parskuip gegiet en gepars word, so word die mensdom dan in die **parskuip** (oftewel wynpers) van God se **toorn** gewerp. Die God van liefde, genade en verlossing sal dan die God van toorn en oordeel wees, wat sê: *"My kom die wraak toe en die vergelding ..."* (Deut. 32:35[a]).

In Jesaja 63, vers 2, word Hy gevra: *"Waarom is u gewaad so rooi, en u klere soos dié van een wat die **wynpers** trap?*

*Ek het die **pers** alleen getrap, en van die volke was niemand by My nie; en Ek het hulle getrap in my toorn en hulle vertrap in my grimmigheid, sodat hulle lewensap op my klere gespat en Ek my hele gewaad bevlek het.*

*Want die dag van **wraak** was in my hart, en die jaar van my verlossing het gekom.*

*En Ek het uitgekyk, maar daar was geen helper nie; en Ek het My verbaas, maar daar was niemand wat ondersteun nie. Toe het my arm My gehelp en my grimmigheid het My ondersteun. En Ek het volke vertrap in my toorn en hulle dronk gemaak in my grimmigheid en Ek het hulle lewensap op die aarde laat afloop"* (verse 2-6).

*"Die HERE sal brul uit die hoogte en sy stem verhef uit sy heilige woning! Geweldig sal Hy brul oor sy woonplek; soos **druiwe-trappers** sal Hy 'n vreugdegeroep aanhef teen al die inwoners van die aarde.*

*Die oorlogsrumoer het gekom tot by die einde van die aarde, want die HERE het 'n twis met die nasies, Hy hou gerig oor alle vlees. Die goddelose — aan die swaard het Hy hulle oorgegee!"* (Jer. 25: 30-31).

In die profeet Joël lees ons ook van hierdie dag van afrekening van God met die goddelose mensdom. *"Die nasies moet hulle klaarmaak en optrek na die dal van Jósafat; want daar sal Ek sit om gerig te hou oor al die nasies rondom.*

*Steek die sekel in, want die oes is ryp! Kom trap, want die **parskuip** is vol, die kuipe loop oor! Want hulle boosheid is groot!"* (Joël 3: 12-13).

In die verskillende Skrifte lees ons van die dinge wat op die dag van wraak sal gebeur, wat alreeds deur die profeet Jesaja in hoofstuk 61, vers 2, in dieselfde asem as die jaar van genade van die HERE aangekondig is. God wou die mensdom, wat deur Hom geskape is, in Sy plan insluit en laat deelneem daaraan. Aangesien Hy self ewig is, moes Sy plan regoor tyd, vir die ewigheid wees. Enigiemand wat doelbewus met verklaarde innerlike rebellie, teen God die Skepper en die HERE, ons Verlosser, gekant is, sal nie meer 'n plek hê in die volmaaktheid waarin die volle harmonie tussen God en die mensdom herstel sal word nie. God se versoening met die mensdom in Christus is dus 'n noodsaaklike, persoonlik-ervare vereiste, om die ewigheid met Hom deur te bring.

# HOOFSTUK 15

## Bedreiging van die sewe-skaal grimmigheid
## Die skare op die see van glas

*"En ek het 'n ander teken in die hemel gesien, groot en wonderlik: sewe engele met die sewe laaste plae, want daarmee is die grimmigheid van God voleindig"* (vers 1). Uit hierdie bedreiging is dit duidelik dat deur hierdie plae die toorn van God tot 'n einde kom. Dit sal aan die einde van die groot verdrukking en ellende wees.

Dan vind daar 'n merkwaardige onderwerpverandering plaas. In vers 2 word die oorwinningsskare getoon wat in die groot verdrukking sal oorwin: *"En ek het gesien iets soos 'n see van glas, gemeng met vuur. En die* ***oorwinnaars oor die dier*** *en oor* ***sy beeld*** *en oor sy teken, oor* ***die getal van sy naam****, het ek by die see van glas sien staan, met siters van God.*

*En hulle het die lied gesing van Moses, die dienskneg van God, en die lied van die Lam, en gesê: Groot en wonderlik is u werke, HERE God, Almagtige; regverdig en waaragtig is u weë, o Koning van die nasies!"* (verse 2-3).

Soos reeds in Openbaring 4 gesien, is die see van glas soos kristal, voor die troon van God. Die Bruid is **op** die troon (3:21), en die wat uit die verdrukking kom, **voor** die troon (7:9). Op hierdie tydstip verskyn die dwase maagde en die gelowige Jode saam voor die troon. Dan sal die troon van God nie net in die hemel wees nie, maar ook selfs op aarde wees (Matt. 25:31). Die teks getuig daarvan dat hierdie skare op die kristalsee die dier, sy beeld en die getal van sy naam oorwin het en dat hulle uit twee verskillende groepe bestaan. Dieselfde verdrukking, wat die ware gelowiges sonder marteling voor die Wegraping sal ondervind, word later op massiewe skaal op die dwase maagde met bloedvergieting gebring, én oor Israel, nadat Satan na die aarde gewerp word. Hier word die oorblywende getroues in hul geheel getoon, en Openbaring 20 noem die gestorwe martelaars.

Die lied waarvan hier gepraat word, sien ons in die 5de hoofstuk reeds gesing deur die hemelse leërskare. Hier is dit die gelowiges van die Jode en die nasies uit die verdrukking. Dit kom neer daarop dat albei liedere gesing word: die lied van Moses, die dienskneg van God, en die lied van die Lam. Die teks word hier na dieselfde gemene deler gebring, omdat dit dieselfde God is wat by die volk Israel is en die nasies in Sy verlossingsraad ingesluit het. Die HERE word as die almagtige God geroem en Sy werke as wonderlik geprys. Waarheid en geregtigheid word op al sy maniere bevestig. Hy is die Koning van die volke.

Omdat dit, ná die afsluiting van die laaste oordele, tyd word vir die oorgang na die duisendjarige Koninkryk, word gesê ten opsigte van alle volke: *"Wie sal U nie vrees nie, HERE, en u Naam nie verheerlik nie? Want U alleen is heilig;* ***want al die nasies sal kom en voor U aanbid****, omdat u regverdige dade openbaar geword het"* (vers 4).

Met verwysing na die Koninklike Heerskappy, spreek die ou-testamentiese profeet: *"En elke maand op die nuwemaan en elke week op die sabbat sal alle vlees kom om te aanbid voor my aangesig, sê die HERE"* (Jes. 66:23).

Die vernietigende strafgerig sal oor die mense kom wat teen Jerusalem sal veg. Maar selfs van hulle sal daar nog mense oorbly: *"En dit sal die plaag wees waarmee die HERE al die volke sal tref wat opgetrek het om teen Jerusalem te veg: Hy sal hulle vlees laat wegteer, terwyl hulle nog op hul voete staan; en hulle oë sal wegteer in hulle holtes, en hulle tong wegteer in hulle mond ...*

*En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërskare, en om die huttefees te vier"* (Sag. 14: 12+16). Die wye mening dat alle mense in die geregtelike en die reinigingsproses voor die duisendjarige Koninkryk vergaan, stem dus nie ooreen met die getuienis van die Heilige Skrif nie.

*"En aan die einde van die dae sal die tempelberg van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom.*

*En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem"* (Jes. 2: 2-3).

*"**So sê die HERE van die leërskare**: Nog sal volke aankom en die inwoners van baie stede. En die inwoners van die een stad sal gaan na die ander en sê: Kom, laat ons heengaan om die aangesig van die HERE om genade te smeek en die HERE van die leërskare te soek. Ek wil ook gaan!*

*So sal dan baie volke en magtige nasies kom om die HERE van die leërskare in Jerusalem te soek en die aangesig van die HERE om genade te smeek.*

*So sê die HERE van die leërskare: In dié dae sal tien man uit al die tale van die nasies die slip van 'n Joodse man gryp en dit vashou en sê: Ons wil met julle saamgaan, want ons het gehoor dat God met julle is"* (Sag. 8: 20-23).

Voordat dit egter gebeur, berig die siener Johannes wat hy gesien het: *"... en kyk, die tempel van die tent van die getuienis in die hemel is geopen.*

*En die sewe engele met die sewe plae het uit die tempel uitgekom, bekleed met rein, blink linne, en om die bors omgord met goue gordels.*

*En een van die vier lewende wesens het aan die sewe engele sewe goue skale gegee, vol van die grimmigheid van God wat leef tot in alle ewigheid.*

*En die tempel het vol rook geword uit die heerlikheid van God en uit sy krag, en niemand kon ingaan in die tempel voordat die sewe plae van die sewe engele voleindig was nie"* (Openb. 15: 5-8).

# HOOFSTUK 16

## Die sewe grimmighede:
## Voltooiing van die toornoordeel van God

Die verwerkliking van die toornoordele wat in hoofstuk 15 aangekondig word, kan gevind word in hoofstuk 16. *"En ek het 'n groot stem uit die tempel aan die sewe engele hoor sê: Gaan gooi die skale van die grimmigheid van God op die aarde uit"* (16:1). Deur die Evangelie van Jesus Christus sal die mensdom aan die einde van die tyd van genade, nog 'n laaste keer die geskenkte liefde van God aangebied word, die volledige vergewing van alle skuld en sonde, en die volle saligheid tot die terugplasing as seuns en dogters van God in die eerste opstanding. Diegene wie die genade-aanbod van God verwerp, moet die regverdige toorn van God verduur.

Die eerste oordele kom op diegene wat die merk van die dier aanvaar en hulde aan sy beeld bring. *"Toe gaan die eerste een weg en gooi sy skaal op die aarde uit, en kwaai en bose swere het aan die mense gekom wat* ***die merk van die dier*** *gehad het en* ***sy beeld aanbid*** *het.*

*En die* ***tweede*** *engel het sy skaal op die see uitgegooi, en dit het bloed geword soos van 'n dooie, en al die lewende wesens in die see het gesterwe.*

*En die* ***derde*** *engel het sy skaal uitgegooi op die riviere en op die waterfonteine, en dit het bloed geword.*

*En ek het die engel van die waters hoor sê: Regverdig, HERE, is U wat is en wat was, U, die Heilige, omdat U hierdie oordeel uitgevoer het;*

*want hulle het die bloed van heiliges en profete vergiet, en U het aan hulle bloed gegee om te drink, want hulle het dit verdien.*

*En ek het 'n ander een uit die altaar hoor sê: Ja, HERE God, Almagtige, waaragtig en regverdig is u oordele.*

*En die **vierde** engel het sy skaal op die son uitgegooi, en daaraan is dit gegee om die mense met vuur te skroei.*

*En die mense is geskroei met 'n groot hitte, en hulle het die Naam van God gelaster wat mag het oor hierdie plae, en hulle het hul nie bekeer om Hom heerlikheid te gee nie.*

*En die **vyfde** engel het sy skaal uitgegooi op die troon van die dier, en sy koninkryk is verduister, en hulle het hul tonge gebyt van die smartvolle pyn;*

*en hulle het die God van die hemel gelaster oor hulle pyne en oor hulle swere, en het hulle nie bekeer van hul werke nie"* (2-11).

In die eerste vyf oordeelsskale van grimmigheid sal verskriklike dinge gebeur op aarde. Die gety draai: dit is dan nie Satan wat die gelowiges vervolg en martel nie, maar dit is oordeelsengele wat die toorn op diegene uitstort wat Satan gedien het en hulself tot sy beskikking gestel het. Soos uit die beskrywing getoon word, kom dit aan almal toe wie hulde bring aan die godsdienstige stelsel en wie eer bring aan die beeld. Hierdie plae is so ondenkbaar dat geeneen daarop kommentaar sal kan lewer nie. Nou, terwyl daar nog tyd van genade is, roep ons uit met mens– en engeletale aan almal: *"Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is"* (Jes. 55:6).

Maar dan sal dit egter vir altyd te laat wees, en soos ons dit in die bybelteks lees, sal bekering na die HERE onmoontlik wees. Die tyd van genade sal verby wees, en dan sal dit nie meer moontlik wees om gered en verlos te word nie. Dan sal vertwyfeling en hopeloosheid die mensdom oorweldig en elkeen sal homself dan bevind waar hy wou wees. Daardie besluit word reeds nou, deur elkeen se eie keuse gemaak.

*"En die **sesde** engel het sy skaal uitgegooi op die groot rivier, die Eufraat, en sy water het opgedroog, sodat die pad van die konings wat van die ooste af kom, reggemaak kon word.*

*En ek het uit die bek van die draak en uit die bek van die dier en uit die mond van die valse profeet drie onreine geeste soos paddas sien kom…*

*— dit is geeste van duiwels wat wondertekens doen — wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God ...*

*En hulle het hul versamel op die plek wat in Hebreeus genoem word Armagéddon"* (verse 12-16).

Die sleutelwoord in hierdie teks is "**strydgeveg**". Hierdie is nie net 'n geveg wat beskryf kan word as 'n konflik tussen nasies onder mekaar nie, maar dit is die laaste groot stryd voor die totstandkoming van die duisendjarige Koninkryk. Dit word duidelik beskrywe; die leërs van die Ooste kom dan in beweging. Die droë Eufraat dui aan uit watter rigting daar beweeg sal word. Uit ander bybelgedeeltes sien ons, dat hulle sal verenig met die oorlogsmassas vanuit Israel se noorde.

*"So spreek die Here HERE: Kyk, Ek het dit teen jou, o Gog, vors van Ros, Meseg en Tubal!*

*En Ek sal jou weglok en hake in jou kakebene sit en jou laat uittrek en jou hele leër, perde en ruiters, almal volkome toegerus, 'n groot menigte met die groot en die klein skild, wat almal die swaard hanteer; Persië, Ethiopiërs en Libiërs saam met hulle, almal met skild en helm; Gomer en al sy leërs, die huis van Togárma, in die uithoeke van die Noorde, en al sy leërs — baie volke met jou ...*

*ja, dit is uit die volke uitgebring, en hulle woon almal in veiligheid. Dan sal jy kom uit jou woonplek, uit die agterhoeke van die Noorde, jy en baie volke saam met jou wat almal op perde ry, 'n groot menigte en 'n magtige leër;*

*en jy sal optrek teen my volk Israel soos 'n wolk om die land te oordek. Aan die einde van die dae sal dit wees ..."* (Esé. 38: 3-16).

*"En Ek sal jou weglok en jou lei en jou laat optrek uit die agterhoeke van die Noorde en laat kom op die berge van Israel.*

*Maar Ek sal jou boog uit jou linkerhand slaan en jou pyle uit jou regterhand laat val.*

*Op die berge van Israel sal jy val, jy en al jou leërs en die volke wat saam met jou is; aan die roofvoëls van allerlei vere en aan die wilde diere van die veld het Ek jou as voedsel gegee"* (Esé. 39: 2-4).

*"Soos die môreskemering, uitgesprei oor die berge, kom 'n talryke en magtige volk, wat van oudsher sy gelyke nie gehad het nie en dit hierna ook nie sal hê tot in die jare van die verste geslagte nie"* (Joël 2:2).

Die 'heilige oorlog' wat in die Islamitiese wêreld keer op keer opgeroep word, vind dan regtig plaas. *"Roep dit uit onder die nasies,* ***heilig 'n oorlog****! Wek die helde op, en laat al die krygsmanne nader kom, opruk! Die nasies moet hulle klaarmaak en optrek na die dal van Jósafat; want daar sal Ek sit om gerig te hou oor al die nasies rondom"* (Joël 4: 9+12).

*"Ek self het my geheiligdes ontbied; ook het Ek my helde tot my toorn geroep, my manne wat jubel in trotsheid.*

*Hoor, 'n gedruis op die berge soos van baie mense! Hoor, 'n rumoer van die koninkryke, van versamelde nasies! Die HERE van die leërskare hou wapenskouing oor 'n oorlogsleër.*

*Hulle kom uit 'n ver land, van die einde van die hemel af, die HERE en die werktuie van sy grimmigheid, om die hele aarde te verwoes!"* (Jes. 13: 3-5).

*"... Want die HERE hou 'n dag van wraak, 'n jaar van vergelding in die regsaak van Sion"* (Jes. 34:8).

## Sataniese drie-eenheid: draak, dier, valse profeet

Die sataniese drie-eenheid, wat in Openbaring 16, vers 13 genoem word, beoefen dan op daardie tydstip hul invloed uit op die hele aarde. Satan, wie dan nog steeds die prins van hierdie wêreld is, sal sy voorlaaste poging aanwend om verskriklike onheil aan te rig, deur met die hele magte op die volk Israel te gekonsentreerd (Sag. 14:2). Satan, die draak, beoefen dan beide politieke sowel as godsdienstigte mag uit en hy neem dan besit van die ganse mensdom wie hulself aan hom beskikbaar gestel het.

Uit hierdie duiwelse drie-eenheid — draak/satan, dier/politieke heerser, valse profeet/godsdienstige leier — kom die drie duiwelsgeeste na vore en doen selfs allerlei wondertekens — van leuens en misleiding — en mislei tot die konings vanoor die hele wêreld. Op daardie tydstip sal al die staatshoofde en al die verantwoordelike ampsdraers, swig voor die direkte invloed van Satan. Daar sal geen uitsonderings wees nie. Ongeag die verskillende volkere se ingesteldheid met betrekking tot Israel, sal al die regerings saam optree omdat hulle ondergeskik is aan die VN.

In die 16$^{de}$ hoofstuk, in verse 17-21, word aan ons, onder andere, die oordeel oor die groot stad Babilon beskryf. Hier praat dit glad nie die voormalige stad Babel aan die Eufraat, wat later, ná die verwarring van die tale, hernoem was tot "Babilon", wat "verwarring" beteken nie. Dit bestaan nie meer nie. Hierdie is die simboliese stad Babilon. Dit word in detail in verskeie van die hoofstukke van die boek Openbaring beskryf.

*"En die **sewende** engel het sy skaal uitgegooi in die lug, en 'n groot stem het uit die tempel van die hemel gekom, van die troon af, wat gesê het: Dit is verby!*

*En daar het stemme gekom en donderslae en bliksemstrale, en daar het 'n groot aardbewing gekom soos daar nog nie gewees het vandat die mense op die aarde was nie — so 'n geweldige groot aardbewing.*

*En die groot stad is in drie dele verdeel, en die stede van die nasies het geval. En die groot Babilon is in gedagtenis gebring voor God, om haar te gee die beker met die wyn van die grimmigheid van Sy toorn.*

*En alle eilande het gevlug, en berge is daar nie gevind nie; en groot hael, omtrent 'n talent swaar, het uit die hemel op die mense geval; en die mense het God gelaster oor die plaag van die hael, omdat Sy plaag ontsettend groot was".*

Soos uit die algehele beskrywing gesien kan word, sal teen daardie tyd nie net die groot militêre konfrontasie plaasvind nie. Die hele aarde, land en see sal geraak word. Die eilande en berge sal beweeg word. 'n Groot aardbewing, soos nog nooit op aarde was nie, sal die stede van die wêreld in puin lê, en die groot Babilon, in as. Vanaf alle kante, op alle vlakke sal die geregtelike- en reinigingsproses plaasvind. Dit sal vir niemand raadsaam wees om op aarde te wees nie, eerder dat almal die Woord van God moet glo, en dan moet bid, om waardig te wees om te ontsnap en voor die Seun van die mens te verskyn: *"Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan"* (Luk. 21:36).

# HOOFSTUK 17

## Die vrou wat op die dier ry

Hoofstuk 17 is net so geheimenisvol soos hoofstuk 13. Afgesien van die bekende simbole wat ons alreeds teëgekom het in die reeds-behandelde deel van Openbaring, vind ons hier ook 'n paar heel misterieuse simbole. Ons het dan hier regtig openbaring van God nodig, om die dinge wat in die simboliese beskrywing verborge is, korrek te herken en te verstaan. Weereens gaan dit oor die 'sleutelwoorde' wat lei tot die ontsluiting van die simbole.

Diegene wie byvoorbeeld vers 1 lees, sal die regte antwoord in vers 15 vind. Selfs dit wat 'n vrou in bybelse profesie voorstel, is uiteengesit in die vorige hoofstukke. Die dier met die sewe koppe en die tien horings waarop hierdie vrou sit word ook genoegsaam uit die Skrif verlig.

Die oorgrote meerderheid bybelleraars is dit eens dat met die 'groot hoer', die Kerk van Rome op sewe heuwels, bedoel word. Van die vele kerke is slegs die Kerk van Rome 'n aardse staat met 'n eie grondgebied, 'n onafhanklike land met ambassades en die uitruiling van ambassadeurs, soos dit algemeen die gebruik is onder die nasies. Dit is hoe die Vatikaanstaat toegang tot diplomatieke kanale met die regerings van die wêreld het. Die pous is dus ook 'n 'staatshoof' en word daarom tydens sy staatsbesoeke met militêre eerbewyse ontvang. Alle ander kerke is min of meer net in hul lande of streke van belang; die Katolieke kerk is, in een of ander vorm, oral in die wêreld aanwesig. Dit word aan ons deur die siener in verse 1 en 2 geskrywe:

*"En een van die sewe engele met die sewe skale het gekom en met my gespreek en vir my gesê: Kom hierheen, ek sal jou toon die oordeel van die groot hoer wat op die baie waters sit, met wie die konings van die aarde gehoereer het, en die bewoners van die aarde het dronk geword van die wyn van haar hoerery".*

Daar is geen ander kerklike instelling op aarde wat so veg vir die guns van konings en heersers, soos hierdie een nie. Met die oog op die Wêreldbevolkingskonferensie wat in September 1994 in Kaïro sou plaasvind, het die Pous homself in Augustus na die 184 regerings gewend om steun te werf vir die posisie van die Vatikaan en veral vanaf die extremistiese Islamitiese lande.

Johannes het hierdie instelling gesien soos dit is: *"En hy het my in die gees weggevoer na 'n woestyn, en ek het 'n vrou sien sit op 'n skarlakenrooi dier, vol godslasterlike name, met sewe koppe en tien horings"* (Openb. 17:3). In hoofstuk 12 word die getroue vrou aan ons getoon, wat die goddelike saad ontvang het en dienooreenkomstig geboorte gegee het. Hier sien ons die ontroue vrou wat vreemde sade ingeneem het. Alhoewel sy 'n vrou genoem word, dit wil sê, van buite is dit 'n kerk en die naam van God is in haar mond, is die hele stelsel besaai met godslasterlike name.

Die simbool van die vrou wat op die dier ry, stel dit duidelik: godsdienstige mag het die oorhand oor wêreldse mag. Die ontroue vrou hou die leisels in haar hande en dirigeer die wêreldse magte waarop sy ry. Hierdie dieremag het ons in die eerste deel van hoofstuk 13 reeds in detail bespreek. Die volgende vers dien ook tot beter begrip: *"En die vrou was bekleed met purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en pêrels, en sy het in haar hand 'n goue beker gehad, vol gruwels en die onreinheid van haar hoerery".* Wie ookal die skatkamers van die Vatikaan besoek het, weet waarvan hier gepraat word. Deur die profeet Eségiël het God hierdie stelsel lank vooruit beskryf en veral van diegene wat dink dat hulle bo ander mense is: *"So spreek die Here HERE: Omdat jou hart hoogmoedig was en jy gesê het: Ek is 'n god, ek bewoon 'n godewoning in die hart van die seë — terwyl jy tog 'n mens is en geen god nie — en jou hart gemaak het soos die hart van 'n god ...* (sien ook IIThes. 2)

*Deur jou wysheid en deur jou verstand het jy vir jou* ***rykdom verkry****, ja, jy het* ***goud en silwer in jou skatkamers verwerf;***

*deur die grootheid van jou wysheid in jou koophandel het jy jou rykdom vermeerder, en jou hart het hoogmoedig geword deur jou rykdom ..."* (Eségiël 28: 2, 4-6). Elke "insider" weet dat daar in die skatkamers van die Vatikaan onskatbare rykdom is en dat die Vatikaan oral waar dit die moeite werd is, finansieel betrokke is: by banke, versekeringsmaatskappye en regdeur die ekonomie.

Dit sê verder in Openbaring 17: *"... en op haar voorhoof was 'n naam geskrywe: Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde"* (vers 5). Ook hierdie inskripsie word natuurlik nie sigbaar gedra nie. As daar die onbegryplike, onuitspreeklike verborgenheid van God in Christus met die Gemeente is, is daar in teenstelling die verborgenheid van Satan in die afvallige kerk, wat ook onbegryplik en onverklaarbaar is. Satan self is 'n van-God-afgevalle wese, maar hy ontken God glad nie; dieselfde geld vir die afvallige kerk.

Die profeet Jeremia het die geestelike toestand van hierdie groot instansie reeds op sy dag al ontbloot. Hy skryf: *"Babel was in die hand van die HERE 'n goue beker wat die hele aarde dronk gemaak het; die nasies het van sy wyn gedrink; daarom het die nasies rasend geword"* (51:7). Ten spyte van hul omvangreike kennis in die algemeen, word die mensdom geestelik dronk gemaak; 'n duidelike en nugtere geestelike oordeel is nie meer vir hulle moontlik nie. Al die verkeerde leringe het geestelike begrip bemoeilik, soos 'n oormaat wyn 'n mens verdoof. Slegs wanneer sulke mense uit daardie stelsel uitkom, kan hulle dan 'n bybelse oriëntasie verkry. Jeremia gaan voort: *"Skielik het Babel geval en is verbreek. Huil oor hom; gaan haal balsem vir sy pyn! Miskien sal hy gesond word.*

*Ons het aan Babel medisyne gegee, maar hy kon glad nie gesond word nie; verlaat hom en laat ons trek elkeen na sy land, want sy strafgerig raak tot aan die hemel en verhef hom tot by die wolke!"* (51: 8-9).

Nie een van die hervormers het daarin geslaag om hierdie groot Babilon te genees nie. Almal moes dit onverrigte sake agterlaat en het toe elk hul eie kerke stig. Selfs tot nou nog is dit

nie moontlik nie. Ondanks die voortdurend-veranderende prosesse bly hierdie instelling dit wat sy nog altyd was. Die oënskynlike konsessies, sowel as die toenadering, is net om al die protestante te sus, om alle negatiewe denke uit te skakel, sodat niemand 'n stem ter waarskuwing daarteen kan hef nie. Vir hierdie doel, word die protestantse woordeskat sedert die tweede Vatikaanse Raad baie gebruik in die Roomse Kerk, hoewel niks in werklikheid verander het nie.

Hierdie grote instelling is die Moederkerk, en al die kerke wat uit haar uit voortgekom het, is haar dogters, wat nou terugkeer na hul moederskoot. In die algemeen is hul leringe deels dieselfde of soortgelyk; waar daar verdeeldheid is, word dit maar net oor die hoof gesien. Die rampspoedige ding is dat protestantse– en onafhanklike kerke geen vergelyking met die Bybel maak, met 'n strewe om daarby aan te pas nie, maar eerder om onder– en met mekaar te vergelyk, om eenheidsonthalwe.

Wat die bloed van die miljoene martelaars betref, staan daar geskrywe: *"En ek het die vrou gesien, dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus, en ek my uitermate verwonder toe ek haar sien"* (vers 6). Hierdie verklaring van die Skrif, word bevestig veral in wat verhaal word deur die geskiedenisskrywers oor die duisendjarige alleen-heerskappy van dié staatskerk.

Verse 7 en 8 dui die konstellasie van wêreldse en godsdienstige magte in die eindtyd aan. Dit beskryf die magte van die heersers en konings en van die "dier", wat nie van die see af nie (hfst. 13: 1-10), ook nie vanuit die aarde nie (hfst. 13: 11-18), maar vanuit die afgrond af opkom (hfst. 11:7), en dan die verderf ingaan.

*"Die dier wat jy gesien het, was en is nie en sal uit die afgrond opkom en na die verderf vaar; en die bewoners van die aarde wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe geskryf is nie, sal hulle verwonder as hulle die dier sien wat was en nie is nie, alhoewel hy is"* (vers 8).

In die negende vers word vertel: *"Hier kom die verstand wat wysheid het, te pas. Die sewe koppe is sewe berge waar die vrou op sit. En hulle is sewe konings ...".* Die stad op sewe heuwels, ook die 'ewige stad' genoem, is wêreldberoemd. Die plek is geografies vasgestel. Boonop wys die sewe heuwels na die reeds voltooide verwikkelinge en terselfdertyd ook op die sewe toonaangewende geïndustrialiseerde Westerse lande. Slegs die agtste is geheimenisvol, wat eintlik aan die sewe behoort en hier as 'n *dier* genoem word, omdat dit gaan oor wêreldse magsuitoefening.

*"En die dier wat was en nie is nie, is self ook die agtste, en hy behoort by die sewe en gaan na die verderf"* (vers 11).

Hierdie teks is terselfdertyd kripties en duidelik. Dit gaan hier om die kleinste maar belangrikste staat binne 'n staat van die verenigde Europa. In elk geval sal al die heersers, aan die einde van die eindtyd, hul magte tot beskikking van die een heerser stel. *"En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier.*

*Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier"* (verse 12-13). Soos die sewe koppe die leiersrol van die Westerse lande aandui, dui die tien horings op Oos-Europa heen.

*"Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin — want Hy is die HERE van die here en die Koning van die konings — en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou"* (vers 14).

In verband met die laaste groot geveg, sal die Oos-Europese lande, veral Rusland, verneuk voel deur hierdie godsdienstige wêreldmag en in woede opstaan teen die Kerk van Rome: *"... hulle sal die hoer haat en haar verlate maak en naak, en haar vlees eet en haar met vuur verbrand.*

*Want God het dit in hulle harte gegee om sy bedoeling uit te voer en een bedoeling uit te voer, en hulle heerskappy aan die dier te gee totdat die woorde van God volbring is".* Hierdie samewerking sal net duur tot die Woord van God vervul is. In Rusland

sal die kommunisme nie heeltemal verdwyn nie. Die Oos-Europese state sal slegs deelneem totdat die bybelse profesie vir die eindtyd vervul word. Dit is hulle wat bestem is om die 'ewige' stad te vernietig.

In die laaste vers van die 17de hoofstuk word weereens aan ons bevestig, met verwysing na hierdie godsdienstige wêreldinstelling: *"En die vrou wat jy gesien het, is die groot stad wat heerskappy voer oor die konings van die aarde".* Daar is regtig net een stad op God se aardbodem, wat gebou is op sewe heuwels, waarvandaan godsdienstige en politieke mag oor die godsdienstige en politieke leiers regoor die wêreld uitgeoefen word.

# HOOFSTUK 18

## Die vernietiging van die groot Babilon

In die 18de hoofstuk word die val van Babilon en die vernietiging daarvan weereens deeglik en in besonderhede beskryf. Elkeen moet hierdie hoofstuk inderdaad aandagtig lees om die omvang van die goddelike toornoordeel voor oë te hou.

*"En ná hierdie dinge het ek 'n engel sien neerdaal uit die hemel, met groot mag, en die aarde is verlig deur sy heerlikheid.*

*En hy het met 'n groot stem kragtig uitgeroep en gesê: Geval, geval het die groot Babilon, en dit het geword 'n woonplek van duiwels en 'n versamelplek van allerhande onreine geeste en 'n versamelplek van allerhande onreine en haatlike voëls,*

*Omdat al die nasies gedrink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery, en die konings van die aarde met haar gehoereer het, en die handelaars van die aarde ryk geword het deur die mag van haar matelose weelderigheid"* (verse 1-3).

Die laaste oproep uit die hemel weerklink aan die einde van die tyd van genade en lui so: *Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie!*

*Want haar sondes reik tot aan die hemel, en God het haar ongeregtighede onthou".* Dit is moontlik dat daar tot op die laaste oomblik voor die Wegraping nog mense bestem sal wees vir verlossing. Deur die laaste boodskap word op hulle beroep **om uit te kom**.

Daar word egter ook berig dat in 'n enkele dag plae, droefheid en honger sal inbeweeg en dat vuur op hulle sal val. *"Namate sy haarself verheerlik het en weelderig geleef het, na dié mate moet julle haar pyniging en droefheid aandoen. Omdat sy in haar hart sê: Ek sit as koningin en is geen weduwee nie, en droefheid sal ek nooit sien nie —*

*daarom sal haar plae op een dag kom: dood en droefheid en honger; en met vuur sal sy verbrand word, want sterk is die HERE God wat haar oordeel.*

*En die konings van die aarde wat met haar gehoereer en weelderig geleef het, sal oor haar ween en oor haar weeklaag wanneer hulle die rook van haar verbranding sien,*

*terwyl hulle ver weg staan uit vrees vir haar pyniging, en sê: Wee, wee jou, o groot stad Babilon, o sterk stad, want in een uur het jou oordeel gekom!"* (verse 7-10).

Aangesien dit die stad is waarin die romeinse verdrae onderteken is en wat daarom ook as die 'middelpunt' van wêreldhandel beskou word, sal alle sakelui veral ontsteld wees wanneer dit vernietig word.

*"En die handelaars van die aarde sal ween en rou bedrywe oor haar, omdat niemand hulle koopware meer koop nie,*

*koopware van goud en silwer en edelgesteente en pêrels en fyn linne en purper en sy en skarlaken; en allerhande geurige hout en allerhande voorwerpe van ivoor en allerhande voorwerpe van die kosbaarste hout en van koper en yster en marmer*

*en kaneel en reukwerk en salf en wierook en wyn en olyfolie en fynmeel en koring en grootvee en skape; en van perde en waens en slawe en mensesiele.*

*En die vrugte wat jou hart begeer, het van jou gewyk, en al die blinkende en die skitterende dinge het van jou gewyk, en jy sal dit sekerlik nooit weer kry nie.*

*Die handelaars in hierdie dinge, wat van haar ryk geword het, sal ver weg staan uit vrees vir haar pyniging, terwyl hulle ween en rou bedrywe*

*en sê: Wee, wee die groot stad wat bekleed was met fyn linne en purper en skarlaken en versierd met goud en edelgesteente en pêrels,* ***omdat in een uur soveel rykdom verwoes is!"*** (verse 11-16).

In hoofstuk 17 word hierdie afvallige vrou beskryf wat ryklik versier is met goud, edelgesteentes en met pêrels. Hier word ons gewys dat die hele stad in hierdie verskriklike situasie ingesluit sal word.

*"Wee, wee die groot stad wat bekleed was met fyn linne en purper en skarlaken en versierd met goud en edelgesteente en pêrels,* ***O, dat*** ***in een uur soveel rykdom verwoes is!".*** Drie keer word dit hier genoem dat die vreeslike straf van God in 'n enkele uur oor daardie groot en magtige stad sal kom: *"Wee, wee die groot stad waarin almal wat skepe op die see het, deur haar kostelike skatte ryk geword het;* ***want dit is in een uur verwoes!"*** (vers 19).

Aan die verlostes wat op daardie tydstip reeds in die hemel woon, skryf die siener: *"Verbly jou oor haar, o hemel, en o heilige apostels en profete, omdat God julle oordeel aan haar voltrek het!"* (vers 20).

In die laaste verse word aan ons getoon, dat hierdie groot stad met geweld soos 'n meulsteen in die see geslinger sal word en nie meer gevind sal word nie. Aan die einde beskuldig God self deur Sy Heilige Woord, hierdie groot, politiek-godsdienstige wêreld-instelling van bekoring en towery, waarmee sy alle volke verlei het: *"... jou handelaars was die grotes van die aarde; want deur jou towery is al die nasies verlei.*

*En* ***die bloed van profete en heiliges is in haar gevind, en van almal wat op die aarde gedood is****"* (verse 23$^{b}$-24). So duidelik het die ware God die dinge uitgespreek, soos geen mens dit sou waag om te doen nie. Waarlik, hierdie aarde is deurdrenk met die bloed van die martelaars.

# HOOFSTUK 19

## Die blydskap in die hemel oor die vernietiging van Babilon

## Die Bruilofsmaal van die Lam

In die eerste deel van die 19de hoofstuk word die Bruilofsmaal van die Lam beskryf, maar let op dat God in die begin daarvan die bloed van Sy diensknegte wreek op hierdie minnaar en haar beoordeel. Die harde gejuig van die groot leërskare van die verlostes in die hemel begin met 'n grote *"Halleluja, die heil en die heerlikheid en die eer en die krag aan die HERE onse God!*

*Want sy oordele is waaragtig en regverdig; want Hy het die groot hoer geoordeel wat die aarde met haar hoerery verderf het, en Hy het die bloed van sy diensknegte op haar gewreek.*

*En vir die tweede maal het hulle gesê: Halleluja! En haar rook gaan op tot in alle ewigheid.*

*En die vier-en-twintig ouderlinge en die vier lewende wesens het neergeval en God aanbid wat op die troon sit, en gesê: Amen, Halleluja!"*

*En 'n stem het uit die troon uitgegaan en gesê: Prys onse God, al Sy diensknegte, en julle wat Hom vrees, klein en groot!"*

Die oorwinnaarsskare in die hemel sal van alle aardse lyding verlos wees. Hulle sal getransformeer word en in die bloei van hul jeug teruggeplaas word (Job 33:25). Daar is geen kommer, geen swaarkry, geen nood en geen dood — niks van wat hulle aan sonde, siekte of veroudering herinner nie, daar is slegs vervolmaakte heerlikheid en geluksaligheid in die ewigheid.

*"Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet"* (IKor. 2:9).

*"En ek het iets gehoor soos die stem van 'n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae wat sê: Halleluja! want die HERE God, die Almagtige het die koningskap aanvaar.*

*Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die eer gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy bruid het haar gereed gemaak.*

*En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en glansende wit linne, want die linne is die regverdige dade van die heiliges"* (verse 6-8).

Tydens die Groot Verdrukking sal die aardse Bruid haarself by die Bruilofsmaal met haar hemelse Bruidegom bevind, in wie se beeld en wese sy getransformeer sal wees. Hierdie eerstelingskare is die Bruid van die Lam. Sy is ten volle geregverdig, geheilig en geklee in glansende wit linne. Die geregtigheid van God word dan deur Christus aan haar teruggegee.

Matthéüs 25 praat van die koms van die Bruidegom en van die wyse maagde, van wie gesê word: *"... En die maagde wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof, en die deur is gesluit"* (vers 10).

In Matthéüs 22 word hierdie Bruilofsmaal aangekondig, maar die genooide gaste het op verskillende tye almal verskonings gemaak; nietemin, aan die einde was die hele Bruilofsmaal vol. As 'n mens die talryke bybelgedeeltes tot 'n gemene deler bring, so is ook die wyse maagde, die Bruid en die gaste, altyd dieselfde eerstelingskare. Omdat die hemelse verblyf tydens die Bruilofsmaal tydelik is, is die verlostes net gaste daar, want ná die Bruilofsmaal, keer hulle terug met die HERE, om saam met Hom die heerskappy oor die aarde in die duisendjarige Koninkryk oor te neem. Deur dié begrippe word die onderskeie groepe duidelik getoon. As maagde is hulle onaangeraak; as Bruid is sy verenig met die Bruidegom. As gaste sit die uitverkorenes saam met die HERE tydens die groot ete aan dieselfde tafel (Matt. 8:11; Luk. 13:29).

*"Toe sê hy vir my: Skryf — salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van God.*

*En ek het voor sy voete neergeval om hom te aanbid; maar hy het vir my gesê: Moenie! Ek is 'n medediensneg van jou en van jou broeders wat die getuienis van Jesus het. Aanbid God. Want die getuienis van Jesus is die gees van die profesie".*

Die gees van profesie het op die profete gerus wat die koms van die Verlosser aangekondig het. Jesus Christus vorm die middelpunt van die verlossingsgeskiedenis. Sy getuienis loop soos 'n rooi draad deur die hele Heilige Skrif. Die getuienis van Jesus is die *Gees van Profesie* — nie die gawe van profesie nie. Baie het die gawes van die Gees, maar dit gaan oor die goddelike getuienis van Jesus Christus, soos in hoofstuk 1, vers 8 aangegee word: *"Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, sê die HERE, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige".* Niemand kan uit oortuiging sê: "Jesus is die HERE!" en God daarmee bedoel nie, tensy dit persoonlik deur die Gees aan so iemand geopenbaar word nie. Almal wie by die HERE sal wees, ontvang hierdie openbaring van God en dus die getuienis van Jesus Christus soos dit deur die Gees aan Johannes geopenbaar was.

## Die laaste stryd word deur die HERE self beslis

Die tweede deel van hoofstuk 19 beskryf hoe die HERE, ná die bruilofsmaal en veelvoudig gekroon as Oorwinnaar, op 'n wit perd neerdaal, gevolg deur die hemelse leërskare, om die volke te verpletter en die parsing van die wyn van die grimmigheid van die toorn van die Almagtige God. Wat in die verskeie dele van die Ou– en Nuwe Testamente aangekondig en beskryf word, word dan vervul. Ongetwyfeld gaan dit om die laaste geveg voor die aanbreek van die duisendjarige Koninkryk, op die groot dag van die Almagtige God.

*"Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid.*

*En sy oë was soos 'n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone; en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self.*

*En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God.*

*En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne.*

*En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; ... hulle met 'n ysterstaf regeer, en* ***Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige****.*

*En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die HERE van die Here".*

Op daardie stadium is daar glad nie meer sprake van die genade en liefde van God nie. Diegene wat dan nog sal lewe, is geskei van God, deurdat hulle Sy genade en liefde verwerp het en so Sy oordele en toorn uitgelok het. *"En ek het een engel sien staan in die son; en hy het met 'n groot stem uitgeroep en vir al die voëls gesê wat in die middel van die lug vlieg: Kom hierheen en versamel julle tot die maaltyd van die grote God,*

*dat julle die vlees van konings en die vlees van owerstes oor duisend en die vlees van sterkes kan vreet en die vlees van perde en van die wat daarop sit, en die vlees van almal, vrymense sowel as slawe, klein sowel as groot"* (verse 17-18).

Die profeet Eségiël het hierdie laaste geveg waarin die konings van die aarde en hul leërs deelneem, verbasend soortgelyk beskryf: *"En jy, mensekind, so spreek die Here HERE: Sê vir die voëls van allerhande vere en vir al die roofdiere van die veld: Kom bymekaar en kom aan, versamel julle van alle kante by my slagoffer wat Ek vir julle slag, 'n groot slagoffer op die berge van Israel; en vreet vlees en drink bloed!*

*Vlees van die helde sal julle vreet en bloed van die vorste van die aarde drink — ramme, lammers en bokke en stiere, vetgemaakte diere van Basan almal saam —*

*Aan vet sal julle jul dik vreet, en bloed drink totdat julle dronk is, van my slagoffer wat Ek vir julle geslag het.*

*En julle sal aan my tafel versadig word van perde en ruiters, van helde en alle soorte krygsmanne, spreek die Here HERE"* (Esé. 39: 17-20).

Op daardie tydstip word die twee hoofverantwoordelike persone, naamlik die politieke leier en die godsdienstige leier, aangekeer en lewendig in die poel van vuur gegooi: *"En ek het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit, en teen sy leër.*

*En die dier* (politieke leier) *is gevange geneem, en saam met hom die leuen-profeet* (godsdienstige leier) *wat die wondertekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy húlle verlei het* ***wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het****. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand"* (Openb. 19: 19-20).

In hierdie laaste geveg sal daar geen gevangenes wees nie en ook sal niemand ontkom nie. Die hele leër, wat onder die direkte sataniese invloed vanuit die noorde na Israel gaan opmarsjeer, sal omkom. *"En die ander is gedood met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perd sit; en al die voëls is versadig van hulle vlees"* (vers 21).

*"En Ek sal oor hom die strafgerig uitspreek deur pes en deur bloed; en oorstromende stortreën en haelstene, vuur en swawel op hom laat reën en op sy leërs en op baie volke wat saam met hom is.*

*So sal Ek My dan as groot en as heilig bewys en Myself bekend maak voor die oë van baie nasies; en hulle sal erken dat Ek die HERE is"* (Esé. 38: 22-23).

# HOOFSTUK 20

## Die binding van Satan

## Voltooiing van die eerste opstanding deur die martelaars

## Die duisendjarige Vrederyk

Aan die begin van die 20ste hoofstuk word vertel, wat gebeur met Satan, die stigter van alle euwel, die antagonis en teëstander van God. Hy word aangekeer en in die afgrond gegooi. *"En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand.*

*En hy het die draak gegryp — die ou slang wat die duiwel en die Satan is — en hy het hom gebind duisend jaar lank,*

*en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei, totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy 'n kort tydjie vrygelaat word"*

*"Want ons worstelstryd is nie teen wesens van vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geesteswesens in die hemelruim"* (Efé. 6:12).

Die 4de vers bevat twee baie belangrike gebeure, net voor die duisendjarige Koninkryk begin: eers sal 'n oordeel, 'n regsspreking plaasvind; tweedens word die opstanding van diegene wat in die vervolgingstyd gemartel is, aangekondig. *"En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die **siele** gesien* (sien 5de seël) *van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat **die dier** en **sy beeld** nie aanbid het nie, en **die merk** op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het weer lewendig geword en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank".*

Hierdie teks handel nie oor die Wegraping en die Bruilofsmaal nie, want wat in Openbaring 20 staan, gebeur ná die Wegraping en die Bruilofsmaal. God se Woord is in alle opsigte perfek en heeltemal akkuraat. Ons kry hier die laaste inligting oor die martelaars in die verdrukking, wie getrou gebly het en nie die merk aanvaar het nie en ook nie hulde aan die beeld gebring het nie.

Die oordeel wat hier genoem word, is die voorlopige oordeel vóór die oprigting van die duisendjarige Koninkryk en nie die finale oordeel nie — wat bekend staan as die "Laaste Oordeel" voor die Wit Oordeelstroon, wanneer al die dooies opgewek en beoordeel sal word.

Parallel met Openbaring 20, vers 4, skryf die profeet Daniel: *"Ek het bly kyk totdat trone reggesit is en 'n Oue van dae gaan sit het; sy kleed was wit soos sneeu en die hare van sy hoof soos skoon wol; sy troon was vuurvlamme, die wiele daarvan 'n brandende vuur;*

*'n stroom van vuur het gevloei en voor Hom uit gegaan; duisend maal duisende het Hom gedien, en tienduisend maal tienduisende het voor Hom gestaan; die gereg het gaan sit, en die boeke is geopen"* (Dan. 7: 9-10).

As God as 'n "Oue van dae" gesien word, beteken dit nie dat Hy 'n moeë oupa is nie. Hy is Gees, Sy jare het nie 'n begin of 'n einde nie. As Regter stel Hy Homself voor as die eerwaardige oue met 'n wit kop, as oppergesag. Die regters van ouds het hierdie beeld gehad deur die wit pruik wat hulle gedra het. Hierdie verskyning van die HERE God as Regter, spreek van Sy gesag en eer.

Soos in Openbaring, sê Daniël dit ook duidelik in dieselfde konteks, dat hierdie die laaste oordeel aan die einde van hierdie uitgaande tydsbestek is. Die profeet Daniel beskryf die besonderhede van die laaste fase as vóór die duisend jaar en nie ná dit nie:

*"Ek het toe bly kyk vanweë die stem van die groot woorde wat die horing gespreek het; ek het bly kyk totdat die dier gedood en sy liggaam vernietig en aan die verbranding deur vuur oorgegee is.*

*Ook aan die ander diere is hulle heerskappy ontneem, en hul lewensduur is bepaal* ***tot op die jaar en dag****.*

*Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens, en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nader gebring voor Hom.*

*En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap, sodat al die volke en nasies en tale Hom onderdanig word; sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie"* (7: 11-14).

Jesus Christus, wat Homself geopenbaar het as die Seun van die mens, neem dan Sy mag op Homself en sal self op die troon van Sy heerlikheid sit. *"En wanneer die Seun van die mens in sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op die troon van Sy heerlikheid sit;*

*En voor Hom sal al die nasies versamel word, en Hy sal hulle van mekaar afskei soos die herder die skape van die bokke afskei"* (Matt. 25: 31-32).

In Daniël is boeke geopen, maar nie die Boek van die Lewe nie. Daar lees ons ook van die *diere* waarvan die lewensduur van hulle jaar en dag bepaal is. Daarin is ook geskryf dat die Seun van die mens voor die eerwaardige gryse verskyn en die mag, die heerlikheid en die **koninkryk ontvang**, wat vir ewig sal bestaan. Die konteks is duidelik in Daniel en Matthéüs. Daniël 7 noem ook die drie-en-'n-half jaar van vervolging. Daarna sal die koninkryke van hierdie wêreld tot einde kom en die hemelse Koninkryk op aarde stewig gevestig word.

*"En hy sal vermetele woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer om tye en wet te verander, en hulle sal aan sy geweld oorgegee word gedurende* ***'n tyd, tye en die helfte van 'n tyd****.*

***Maar die geregshof sal egter sit****, en hulle sal hom die heerskappy ontneem om dit vir goed te verdelg en te vernietig.*

***Dan word die koningskap*** *en die heerskappy en die mag oor die koninkryke onder die ganse hemel gegee aan die volk, die heiliges van die Allerhoogste;* ***hulle koninkryk is 'n ewige koninkryk****. Al die heerskappye sal hulle vereer en gehoorsaam wees"* (Dan. 7: 25-27). Hierdie dinge het nie betrekking op die Laaste Oordeel nie, want daarop volg 'n nuwe begin op die nuwe aarde.

Daar word in hierdie skrifgedeelte ook nie gepraat van 'n algemene opstanding of die finale verderf in die poel van vuur nie, maar van die Seun van die *mens*, wat regspraak maak voordat Hy Sy hemelse koninkryk op aarde oprig.

Dieselfde geld vir Matthéüs 25, vanaf vers 31, waar daar geen boeke geopen sal word nie, ook nie die Boek van die Lewe nie, soos dit die geval sal wees by die "Laaste Oordeel" nie. Hierdie twee skrifgedeeltes word verkeerdelik as die Laaste Oordeel voor die Groot Wit Troon gesien. Soos dit uit hierdie samevatting gesien kan word, is hierdie aanskouing heeltemal onmoontlik. Verdere bewys hiervan is die feit dat dit nie individue is nie, maar *mense* wat *broeders is*, die Jode, wie gedurende die vervolgingstydperk gehelp of nie gehelp het nie. Dit sal gebeur voordat die Koninkryk begin. Daarom is dit die Koning wat hier praat, en nie die Regter nie:

*"Dan sal die* ***Koning*** *vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, ontvang as erfenis die* ***koningskap*** *wat vir julle berei is van die grondlegging af ... En die* ***Koning*** (nie die regter nie) *sal antwoord ..."* (Matt. 25: 34-40). Hierdie koninkryk is die duisendjarige koninkryk, nie die ewigheid nie (IKor. 15:25).

Die profeet Jesaja beskryf bg. regspraak so: *"Hy sal oordeel tussen die nasies en regspreek oor baie volke en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie"* (2:4).

In hierdie oordeel sal die twaalf apostels met die HERE oor die twaalf stamme van Israel regspraak uitoefen. *"... Jesus sê vir hulle:*

*Voorwaar Ek sê vir julle dat julle wat My gevolg het, in die wedergeboorte,* (in die regenerasie) *wanneer die Seun van die mens op sy heerlike troon gaan sit, julle ook op twaalf trone sal sit en die twaalf stamme van Israel sal oordeel"* (Matt. 19:28).

Die manne van God uit die nasies sal oor die volkere sit in die oordeel en sal hulle met Hom regeer. *"Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake?"* (IKor. 6:2). By God geskied alles op die regte tyd: tydens die Bruilofsmaal met die wat daar hoort; in die duisendjarige Heerskappy, wat daarin belowe is. Dieselfde geld ook vir die verskillende oordele.

Die martelaars wat deur die groot verdrukking gaan, maak deel uit van die eerste opstanding en sal aan die koninklike heerskappy deelneem. Dit moet 'n ernstige besorgdheid wees vir alle gelowiges om tot die dood getrou te bly, want niemand weet aan watter groep hy sal behoort nie. Óf iemand aan die uitverkore Bruid óf aan die geroepene, agterblywende groot gemeentetal behoort — almal sal vir hul getrouheid beloon word.

Vir alle gelowiges wat nie tot die uitverkore eerstelingskare behoort nie en daarom nie weggeraap word nie en dus ook nie deelneem aan die Bruilofsmaal nie, maar getrou bly, bestaan die hoop dat, na hulle deur die verdrukking gaan, hulle aan die duisendjarige Koninkryk sal deelneem (sien Openbaring 7, die tweede deel).

Die Joodse martelaars in die vyfde seël moet op die res wag wie self ook tot die dood moet ly (Openb. 6: 9-11). Op albei plekke is die sleutelwoord "die siele": *"**die siele** van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het"* — *"en ek het **die siele** gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God"* (Openb. 20:4). Of dit nou by die opstanding van Jesus Christus is (Matthéüs 27), tydens Sy Wederkoms met die Wegraping (IKorinthiërs 15; IThessalonisense 4), of met die oprigting van Sy Koninkryk, aan die einde van die groot verdrukking (Openbaring

20): **behoort almal wat vanaf Sy eerste koms tot met die begin die duisendjarige Heerskappy opgewek word, tot die "eerste opstanding**".

*"Die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie.* ***Dit is die eerste opstanding.***

*Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank"* (Openb. 20: 5-6). Aan die begin van die duisendjarige Heerskappy word die volle getal bereik ter voltooiing van die eerste opstanding.

In verse 7-9 word daar vertel wat in die kort tydjie sal gebeur ná die einde van die duisendjarige Heerskappy: *"En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis vrygelaat word;*

*en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see.*

*En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind"*

Sodra Satan weer vrygelaat word en uit die afgrond opkom, sal hy die mense verlei wat dan op aarde woon en tot dan vreedsaam regeer word. Alhoewel hulle tydens die duisend jaar in vrede sal lewe, sal hulle nie 'n persoonlike verhouding met God het nie, omdat hulle nooit versoening met Christus aanvaar het nie en daarom van Hom geskei sal bly. Maar dan kom die grote einde met afgryse oor Satan en oor almal wat aan hom gehoor gee en onder sy invloed is.

*"... vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind. En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die leuen-profeet is ...".* Die dier en die leuen-profeet was volgens hoofstuk 19, vers 20 alreeds in die poel van vuur gegooi.

Hierdie vreemde 'trinitariese-vereniging': Satan, dier, valse profeet, word dan saam met diegene wat onder hul invloed staan, in die poel van vuur gewerp. Van hulle hoor en sien ons vir ewig niks meer nie.

## Die tweede opstanding en die Laaste Oordeel

In Openbaring 20, verse 11-15 word die laaste oordeel beskryf. Hierdie teks spreek boekdele en nodig, soos baie ander dele in die Skrif, geen verduideliking nie: *"En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie.*

*En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke.*

*En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke.*

*En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood.*

*En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp"*

By die Laaste Oordeel is daar nog diegene wie se name in die Boek van die Lewe sal verskyn, dit wil sê gedurende hulle leeftyd het hulle deur genade die ewige lewe van God ontvang en daarom kan die tweede dood hulle geen skade doen nie. Die eerste dood tree in wanneer die siel die liggaam verlaat; die tweede dood wanneer die gees die siel verlaat. Dan kom in vervulling: *"Die siel wat sondig, dié moet sterwe"* (Esé 18:4). Sonde hier is nie net die oortreding van die gebooie van God, die persoonlike skuldigwording voor die Almagtige nie, omdat almal gesondig en so gebrek het aan die heerlikheid wat God gee —

hier gaan dit om die sonde van ongeloof waarvan onse HERE gepraat het: *"Ek het dan vir julle gesê dat julle in jul sondes sal sterwe; want* ***as julle nie glo dat dit Ek is nie, sal julle in jul sondes sterwe****"* (Joh. 8:24). Die sonde van ongeloof is die oorsaak waarom hulle wat in sonde lewe sterwe. Die beloning van geloof in die volbragte verlossing, is totale vergifnis en die ewige lewe.

Alleen in Christus het God Homself geopenbaar vir ons verlossing; net deur geloof in Hom kan ons gered word. *"En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun.*

*Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie"* (IJoh. 5: 11-12).

Alle mense wat al ooit op aarde geleef het, sal voor die oordeeltroon aan die einde verskyn. Hulle sal volgens hulle werke, wat hulle ookal gedoen het gedurende hul leeftyd, geoordeel word. Daar is diegene wat in Christus geglo het en ook die wat nie. Enigiemand wie se naam nie in die Boek van die Lewe staan nie, sal dan in die poel van vuur gegooi word; dit is die tweede dood wat geen lewe daarin het nie. Ons sal hulle nooit weer sien nie. Daarna sal God 'n nuwe begin maak op die nuwe aarde, met al Sy kinders.

# HOOFSTUK 21

## Aankondiging van die nuwe hemel en die nuwe aarde

## Die glorie van die Nuwe Jerusalem

## Die verskriklike lot van die verlorenes

Die eerste vers van hoofstuk 21 behoort eintlik aan die einde van hoofstuk 20. Onmiddellik na die finale oordeel vloei die tyd in die ewigheid en sal dit vervul word wat in die Woord vooruitgespreek was: *"En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan"*

Reeds deur die profeet Jesaja het die HERE 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde aangekondig: *"Want kyk, Ek skep nuwe hemele en 'n nuwe aarde, en aan die vorige dinge sal nie gedink word en hulle sal in die hart nie opkom nie"* (65:17).

Die apostel Petrus sluit aan by hierdie woord en skryf: *"Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon"* (IIPet. 3:13).

Johannes noem eers die belofte van die nuwe hemel en die nuwe aarde, maar gaan dan voort en beskryf die Nuwe Jerusalem, wat aan die begin van die duisendjarige Koninkryk uit die hemel sal neerdaal, sowel as die toestand op aarde, gedurende dié Koninklike Heerskappy. Die profeet Jesaja het ook van die nuwe hemel en nuwe aarde gepraat in die reeds genoemde teks, maar onmiddellik daarna beskryf hy ook die duisendjarige Koninkryk, in verse 18-25. Dit word berig dat kinders steeds gebore sal word en die jonges sal sterf op honderd jaar; huise word gebou en wingerde geplant. Dus sal die lewe in die duisendjarige Koninkryk nog voortgaan onder die inwoners van die aarde— met die verskil dat die duiwel nie los sal wees nie. Daarom sal wolf en lam saam kan wei, ens. (Jes. 11:6; Jes. 65:25, ens.).

Die ewige wette van God is dan van toepassing op die nuwe aarde en nie meer die tydelike, soos in die Jesaja-teks aangegee word: naamlik, dat alle vlees maandeliks op die nuwemaan en weekliks op die Sabbat, hulself moet vind in die teenwoordigheid van die HERE, om te aanbid. Daar is ook nie meer op die nuwe aarde, dit wat in hoofstuk 66, vers 24, beskryf word nie: *"En hulle sal uitgaan en die lyke sien van die mense wat teen My opgestaan het; want hulle wurm sal nie sterwe en hulle vuur sal nie uitgeblus word nie, en hulle sal afskuwelik wees vir alle vlees".* Die HERE het na hierdie teks verwys in Markus 9, vers 48. Vanaf die nuwe aarde sal daar beslis geen ou rook opstyg in die nuwe hemel nie.

Die Nuwe Jerusalem, wat in die volgende teks beskryf word, moet onderskei word van die nuwe hemel en die nuwe aarde. Die siener gaan voort: *"En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is.*

*En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God.*

*En God sal al die trane van hulle oë afvee en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan"* (21: 2-4).

Hierdie teks verwys eerstens na die Nuwe Jerusalem, wat identies is met die Bruid. Ons moet daarop let: aan die een kant is daar die Nuwe Jerusalem — die woonplek van die Bruid, aan die ander kant, die aardse Jerusalem met die berg Sion — die woonplek van Israel. Alles word presies beskryf, ons moet net onderskei watter groep aangespreek word en wie bedoel word. Wanneer die Nuwe Jerusalem genoem word, gaan dit oor die Bruidgemeente; indien van *hierdie* Jerusalem gepraat word, gaan dit oor Israel.

*"Maar julle het gekom by die berg Sion en die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem en tienduisende engele,*

*by die feestelike vergadering en die gemeente van eersgeborenes wat in die hemele opgeskrywe is ..."* (Heb. 12: 22-23a).

Die volgende het betrekking op die aardse Jerusalem: *"... En Hy sal op hierdie berg vernietig die uitgespreide sluier wat al die volke omsluier, en die omhulsel waarmee al die nasies bedek is.*

*Hy sal die dood vir ewig vernietig, en die Here HERE sal die trane van alle aangesigte afvee; en Hy sal die smaad van Sy volk van die hele aarde af wegneem; want die HERE het dit gespreek"* (Jes. 25: 7-8)

Ná die Bruilofsmaal word die Bruid "die Vrou van die Lam" genoem. Voor die bruilof word sy na verwys as die Bruid, na die troue die Vrou. Sulke goed-verstaanbare simbole lig ons presies in oor die vordering met die heilsgeskiedenis. Die oomblik van die Wegraping van die eerstelingskare, sal hulle hul wonings in die Nuwe Jerusalem inneem. Daarom is die Bruid en die Nuwe Jerusalem identies, net soos Israel eens is met die aardse Jerusalem.

Die Nuwe Jerusalem met die Bruid wat daarin woon, sal by die aanbreek van die duisendjarige Heerskappy vanuit die hemel neerdaal en bo die aardse Jerusalem sweefhang, soos aan ons berig word. Van albei word geskrywe omdat God in albei sal woon: Hy sal ***bo*** hulle woon, net soos hy ***by*** hulle sal woon. *"Kyk, die tabernakel van God is **by** die mense, en Hy sal **by** hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal **onder** hulle wees as hulle God ..."* (vers 3).

Openbaring 7, vers 15 sê: *"... en Hy wat op die troon sit, sal sy tent **bo-oor** hulle oopspan".* So het die profeet Jesaja ook in die Gees gesien: *"Dan skep die HERE **oor** elke woonplek van die berg Sion en **oor** sy plekke van samekoms 'n wolk bedags en rook met die glans van vuurvlamme in die nag; want **oor** alles waar die heerlikheid van die HERE is, sal daar 'n beskutting en skild wees"* (hoofstuk 4, vers 5).

Dit sal dan wees soos God in die begin bedoel het. Alles stem ooreen. Vir sommige geld die volgende: Hy sal **oor** hulle woon; vir die ander: Hy sal **onder** hulle en **met** hulle wees.

Wat die Bruidgemeente betref — die oorwinnaars wat in die Nuwe Jerusalem sal wees — is die beskrywing "**oor hulle**" geldig, soos gesien deur hulle wat die aardse Jerusalem sal bewoon. Vir die oorwinnars sal die beskrywing "**onder hulle**" daarinteen geldig wees. In elke geval is alles in samehang met waar dit behoort.

Die HERE is nou by Sy eie, in gees onder hulle, in hulle en by hulle. In die verwerkliking van Sy Koninkryk, sal Hy sigbaar **onder** die een groep en **oor** die ander lewe. Sy Heerlikheid sal dan die hele aarde vul. Hy sal as koning oor die ganse wêreld regeer en wie aan Hom behoort, saam met Hom.

*"En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut. En Hy het aan my gesê: Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar"* (Openb. 21:5). Die gewistheid in die Woord van God is absoluut, dit wat bo alle twyfel bestaan, en tegelyk die waarborg, dat alles is en sal wees, soos God gesê het. Die gelowiges word daardeur bo alle twyfel verhef, tot rus in God. Dit is nie die mens wat die gewistheid op sigself het nie; die gewistheid kom van God deur die Woord en word aan elke individu wat dit glo, toegedeel.

Die Sprekende en Alles-werkende, die Almagtige, roep dan uit: *"Dit het geskied! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet"* (vers 6). Alles het in Hom hul oorsprong en aanvang gehad; in Hom sal ook die volmaaktheid wees, want tot Hom en vir Hom en deur Hom is alles tot Sy verheerliking geskape. *"Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees"* (vers 7).

Uit dié vers is dit duidelik dat die onderwerp wat hier bespreek word, oor die oorwinnaars gaan, hulle wie in die sewe sendbriewe, in hoofstukke 2 en 3, die talle beloftes gegee word. Hulle kom dan in besit, as erfgename van God, dit wat in Sy Testament bewil word. Hulle is die ware mede-erfgename van Jesus Christus (Rom. 8:17).

In verskeie bybelgedeeltes word aan ons aanduidings en kenmerke van die seuns en dogters van God genoem, wat dan die volgende uitspraak geregverdigd sal vervul:

*"Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die HERE, die Almagtige"* (IIKor. 6:18). *"Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God"* (Rom. 8:14).

Die 8ste vers van die hoofstuk handel oor diegene wat nie inpas by God se verlossingsplan nie. In teenstelling met die verlostes, word van diegene wat God verontagsaam, Hom weerspreek en die verlossing verwerp, gesê: *"Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars — hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel:* ***dit is die tweede dood****"* (Openb. 21:8).

Nie net moordenaars en towenaars, afgodedienaars en leuenaars word in hierdie vers aangespreek nie, maar in die algemeen al die ongelowiges. Dit is hulle wat nie geglo het dat God Homself persoonlik in Christus geopenbaar het tot hul verlossing nie. Die apostel Johannes het dit paslik uitgedruk, van diegene wat God nie glo nie, en van hulle wie Hom die enigste waaragtige maak: *"Wie in die Seun van God glo, het die getuienis in homself. Hy wat God nie glo nie, het Hom tot leuenaar gemaak, omdat hy die getuienis nie geglo het wat God aangaande sy Seun getuig het nie"* (IJoh. 5: 10-12). God bly waaragtig, terwyl elke mens 'n leuenaar is (Rom. 3:4). Die wat op Hom vertrou is geseënd, want andersins beskou Hy, die enigste waaragtige Een, hulle as leuenaars.

Van die ware gelowiges skryf Johannes in dieselfde hoofstuk: *"En ons weet dat die Seun van God gekom het en ons insig gegee het om die Waaragtige te ken; en ons is in die Waaragtige, in sy Seun, Jesus Christus. Hy is die waaragtige God en die ewige lewe"* (vers 20).

# Beskrywing van die Nuwe Jerusalem

*"En een van die sewe engele wat die sewe skale gehad het, vol van die sewe laaste plae, het na my gekom en met my gespreek en gesê: Kom hierheen, ek sal jou die bruid toon, die vrou van die Lam.*

*En hy het my in die gees weggevoer op 'n groot en hoë berg en my die groot stad getoon, die heilige Jerusalem, wat uit die hemel van God neerdaal;*

*Versier met die heerlikheid van God, met 'n ligteglans soos 'n baie kosbare edelsteen, soos 'n kristalhelder jaspissteen.*

*En dit het 'n groot en hoë muur met twaalf poorte gehad, en by die poorte twaalf engele, en name daarop geskrywe, naamlik dié van die twaalf stamme van die kinders van Israel.*

*Aan die oostekant was drie poorte, aan die noordekant drie poorte, aan die suidekant drie poorte, aan die westekant drie poorte.*

*En die muur van die stad het twaalf fondamente gehad, en daarop was die name van die twaalf apostels van die Lam"* (21: 9-14)

Dit gaan oor die nuwe Jerusalem wat neerdaal, *"Versier met die heerlikheid van God, met 'n ligteglans soos 'n baie kosbare edelsteen, soos 'n kristalhelder jaspissteen".* Daar word twaalf poorte en twaalf fondamente genoem. Aan die een kant is die name van die twaalf apostels, aan die ander kant dié van die twaalf aartsvaders; Tesame is hulle die verteenwoordigers van die Ou- en Nuwe Verbond, die vier-en-twintig ouderlinge. God het slegs 'n uitverkore Gemeente, wat alle gelowiges regdeur die Ou- en Nuwe Verbond insluit. Die heiliges van die Ou Testament wat saam met Jesus opgestaan het (Matthéüs 27) behoort ook daaraan. Die eerste opstanding is die hoogste doel. Dit is wat Paulus in Filippense aangedui het toe hy sy begeerte uitgespreek het om deel te neem aan die eerste opstanding (Filipense 3:10-11).

Die gelowiges in die Ou Testament het hul hoop op die koms van die Messias en daarmee dus op hulle verlossing. Met hierdie geloof in Hom, het hulle aan die slaap geraak. Die gelowiges van die Nuwe Testament glo in Christus, die Verlosser, wie alles vir almal volbring het.

Die heilige stad word vanuit verskillende perspektiewe beskryf. *"En hy wat met my gespreek het, het 'n goue meetroede gehad, om die stad en sy poorte en sy muur te meet.*

*En die stad het vierkantig gelê, en sy lengte was net so groot as sy breedte. En hy het die stad met die meetroede gemeet op duisend-vyfhonderd myl; sy lengte en breedte en hoogte was gelyk.*

*En hy het sy muur gemeet op honderd-vier-en-veertig el, volgens 'n mens se maat, wat die maat van 'n engel is.*

*En die boustof van sy muur was jaspis, en die stad was suiwer goud, deursigtig soos suiwer glas.*

*En die fondamente van die muur van die stad was versierd met allerhande edelgesteentes. Die eerste fondament was jaspis, die tweede saffier, die derde chalcedoon, die vierde smarag;*

*die vyfde sardoniks, die sesde sardius, die sewende chrisoliet, die agtste beril, die negende topaas, die tiende chrísopraas, die elfde hiasint, die twaalfde ametis.*

*En die twaalf poorte was twaalf pêrels; elkeen van die poorte was uit een pêrel, en die straat van die stad was suiwer goud soos deursigtige glas"*

Die Nuwe Jerusalem sal soos 'n piramide van lig uittoring uit die hemel, waarvandaan dit neerkom. Ons word vertel dat die lengte, breedte en hoogte elk 2,200 km is. Selfs Abraham was op soek na hierdie heilige stad met vaste fondamente, waarvan die bouer God self is (Heb. 11:10). Paulus skryf van die 'Jerusalem daarbo', dat dit die moeder van ons almal is (Gal. 4:26).

In verse 22 en 23 word die Lam van God as die sentrale punt van die verlossingswerk beskryf:

*"En 'n tempel het ek nie daarin gesien nie, want die HERE God, die Almagtige, is sy tempel, en die Lam.*

*En die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die heerlikheid van God verlig hom en die Lam is sy lamp"*

Hetsy hierdie groot verborgenheid vir ons verstaanbaar en voor-die-hand-liggend is of nie — dit is nietemin so dat God in Christus Homself aan die mensdom heilbringend openbaar gemaak het. Christus is die persoonlike uitstraling van die HERE God. Lig en lewe is in Hom alleen, waarin die volheid van die goddelikheid liggaamlik is (Kol. 2:9). *"Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn — dit is Hy wat die lig in ons harte geskyn het om die kennis van die heerlikheid van God in die aangesig van Christus te bring"* (IIKor. 4:6).

*"En die nasies van die wat gered word, sal in die lig daarvan wandel, en die konings van die aarde bring hulle heerlikheid en eer daarin. En bedags — want nag sal daar nie meer wees nie — sal sy poorte nooit gesluit word nie"* (Openb. 21: 24-25). 'n Liedereskrywer se gesang in hierdie verband lui: "Geen nag sal daar wees, geen nag sal daar wees, want Jesus sal daar, soos die son altyd skyn ...". Gedurende die duisendjarige Heerskappy sal daar steeds dag en nag op aarde wees maar nie in die nuwe, die hemelse Jerusalem nie. Die profeet Jesaja verwys na die aardse Jerusalem en skryf wat daar sal wees: *"En jou poorte sal altyddeur oopstaan; hulle sal bedags of snags nie gesluit word nie, om na jou toe aan te bring die rykdom van die nasies en hulle konings in triomftog"* (60:11).

*"... en hulle sal die heerlikheid en die eer van die nasies daarin bring. En daarin sal nie inkom iets wat verontreinig is en gruwelikheid en leuens doen nie; maar net wat geskrywe is in die* ***boek van die lewe van die Lam****"* (Openb. 21: 26-27).

*"En daar sal geen enkele vervloeking meer wees nie, en die troon van God en van die Lam sal daarin wees ..."* (22:3).

Ons moet weereens duidelik die verskil beklemtoon tussen diegene in die "Boek van die Lewe" en dié wat in die "Boek van die Lewe van die Lam" geskryf is. Diegene wat aan die eerste opstanding deelneem, of dit nou in die hemelse Jerusalem of die aardse is — hulle name ís in die *Boek van die Lewe van die Lam*,

waarvandaan dit nie verwyder of uitgevee kan word nie. Deur voorafkennis kon God dit vooruitbestem. Hy het diegene geken wie Hom volkome sou glo en volg. Die name van almal wat by die tweede opstanding gered sal word en die ewige lewe binnegaan, staan in die *Boek van die Lewe*. Dit is waarom die *Boek van* die *Lam* nie meer genoem word by die laaste opstanding nie.

Die konings van die oorblywende volke, oor wie Christus as Koning sal regeer, sal die weg na Hom vind. Diegene wat onrein is, gruwels doen en leuens praat, sal buite bly. Dat sulke mense nog op daardie stadium sal bestaan, bevestig ook, dat dit in die laaste eon, die Millennium is, en nie die ewigheid nie.

# HOOFSTUK 22

## Die lewensstroom en lewensbome

## Die paradys-toestand in die duisenjarige Koninkryk

In die 22ste hoofstuk word die aardse Jerusalem aan ons in verskillende kontekste aangetoon. Die tabernakel van God, die woning van God sal dan vir die mense sigbaar wees; Hy sal dan die hemel en aarde en die ou- en nuwe Jerusalem met Sy heerlikheid vul. *"Die hemel is my troon en die aarde die voetbank van my voete ..."* (Jes. 66:1; Hand. 7:49).

*"En hy het my getoon 'n suiwer rivier van die water van die lewe, helder soos kristal, wat uitstroom uit die troon van God en van die Lam.*

*In die middel van sy straat en weerskante van die rivier was die boom van die lewe wat **twaalf maal** vrugte dra en **elke maand** sy vrugte gee, en die blare van die boom is vir die nasies tot genesing.*

*En daar sal geen enkele vervloeking meer wees nie, en die troon van God en van die Lam sal daarin wees ..."* (Op. 22:1-3[a]).

Die profeet Eségiël het hierdie beskrywing lank tevore geweergee en betuig: *"Daarna het hy my teruggebring na die ingang van die tempelhuis, en kyk, daar het waters uitgestroom onder die drumpel van die tempelhuis uit, na die ooste toe; want die voorkant van die huis was na die ooste toe; en die waters het weggevloei onder die regtersymuur van die tempelhuis uit, suid van die altaar.*

*Terwyl ek teruggaan, kyk, toe het ek aan die kant van die stroom 'n menigte bome gesien, aan altwee kante.*

*En by die stroom sal aan altwee kante allerhande bome groei om van te eet, waarvan die blare nie sal verdor en die vrugte nie sal opraak; **elke maand** sal hulle nuwe vrugte dra; want die waters waar hulle aan staan — uit die heiligdom stroom hulle; en hulle vrugte sal as voedsel dien en hulle blare vir genesing"* (Esé. 47: 1,7,12).

Ook hierdie beskrywing maak dit duidelik dat die nasies nog steeds daar sal wees. Daar sal beide vrugte vir voedsel én die blare as geneesmiddel wees. Alles sal geseënd wees. Die maandelikse indeling in die genoemde teks, bevestig ook dat dit binne die bestek van die duisendjarige Koninkryk gebeur.

Ons moet weer presies let op elke woord en dit in die regte verband sien. Dit gaan dus in die stad Jerusalem wees waar daar geen vervloeking meer sal wees nie. Die profeet Jesaja beskryf dan die algemene situasie op aarde: *"Daar sal dan nie meer 'n suigling van 'n paar dae, of 'n grysaard wees wat hul dae nie vol uitlewe nie; want 'n seun sal sterwe honderd jaar oud, en wie net honderd jaar oud word, sal beskou word as 'n sondaar wat deur die vloek getref is"* (65:20).

Die oorblywende volke, en veral almal uit Israel, wat nie onder die eerste opstanding gereken is nie, sal tydens die duisendjarige Koninkryk normaal bly leef: hulle sal bou, plant, eet, drink en kinders aan hulle gebore word, ens.

*"Hulle sal hul nie tevergeefs vermoei of baar vir skielike ondergang nie; want hulle is 'n geslag van die wat deur die HERE geseën is, en hulle nakomelinge is by hulle"* (Jes. 65:23).

Met verwysing na die verlostes, staan daar: *"... en **sy** diensknegte sal Hom dien.*

*En hulle sal **sy** aangesig sien, en **sy** Naam sal op hulle voorhoofde wees.*

*En nag sal daar nie wees nie; en hulle het geen lamp of sonlig nodig nie, omdat die HERE God hulle verlig; en hulle sal as konings regeer tot in alle ewigheid"* (Openb. 22: 3b-5).

Die Lam word steeds naas God gewys en genoem, want die godsopenbaring van die Seun sal eers as die tyd in die ewigheid oorgaan, in God in vloei, waaruit dit voortgekom het en God sal dan weer alles in almal wees (IKor. 15:28).

*"... Daarna kom die einde, wanneer Hy die koninkryk aan God die Vader oorgee, as Hy alle heerskappy en alle gesag en mag*

*vernietig het. Want Hy moet as koning heers totdat Hy al sy vyande onder sy voete gestel het"* (verse 24-25).

Al is die beskrywing baie maal in die meervoud vervat, eindig dit op in die enkelvoud: *"... en **sy** diensknegte sal Hom dien.*

*En hulle sal **sy** aangesig sien, en **sy** Naam sal op hulle voorhoofde wees".* In die Nuwe Jerusalem is die Lam die lig onder die Bruid; Hier word aan ons gesê dat die HERE God die lig gee en die verlostes saam met Hom tot in alle ewigheid regeer.

## Laaste vermaning aan die gelowiges

In vers 6 word ons herinner aan die begin van die eerste hoofstuk, waarin die sprekende en die werkende Homself voorstel. *"En hy het vir my gesê: Hierdie woorde is betroubaar en waaragtig; en die HERE, die God van die heilige profete, het sy engel gestuur **om sy diensknegte te toon** wat gou moet gebeur".* Nadat al die verskillende komste van die HERE in die betrokke kontekste beskryf is en die Bruilofsmaal, die duisendjarige Koninkryk en die Laaste Oordeel voor die Wit Troon alreeds genoem is, staan daar vermanend in die laaste hoofstuk, in vers 7: *"Kyk, Ek kom gou. Salig is hy wat die woorde van die profesie van hierdie boek bewaar".* Dit bewys dat die gebeure wat aangekondig en beskryf word, nie in chronologiese volgorde en volgens die hoofstukke realiseer nie.

Die sewende vers kan vergelyk word met vers 3 in hoofstuk 1. Die ware saligsprekinge, wat dié van die bergrede en al die ander plekke insluit, sal in hulle wat die woorde van die profesie van hierdie boek het en daaraan vasgehou het — die ware gelowiges — volle uitwerking vind by die Wederkoms van Jesus Christus. God verlang dat ons Hom moet volg en Sy Woord, dit wat Hy belowe het moet glo, verwag en ervaar.

Na hierdie aankondiging van die HERE, vermeld die siener dat hy 'n oog– en oorgetuie is van die Woord. Wat hy gehoor en gesien het, het hy alles neergeskryf volgens sy goddelike opdrag.

*"En dit is ek, Johannes, wat dit gesien en gehoor het; en toe ek dit gehoor en gesien het, het ek neergeval om te aanbid voor die voete van die engel wat my hierdie dinge getoon het.*

*Toe sê hy vir my: Moenie! want ek is 'n medediensknegvan jou en van jou broeders, die profete en van hulle wat die woorde van hierdie boek bewaar.* ***Aanbid God****!".*

Uit sy ervaring is dit duidelik hoe oorweldig Johannes was. Hy het in die teenwoordigheid van hierdie boodskapper vanaf die hemel gestaan, wat enersyds as engel en andersyds as mededienskneg van die broeders en die profete, beskrywe word. Soos reeds verskeie kere genoem, is die woord 'engel' en 'boodskapper' dieselfde in basiese teks. So word iemand 'n boodskap gegee, of hy nou 'n hemelse of aardse boodskapper van God is. Eer en aanbidding kom egter God alleen toe, omdat Hy die enigste aanbiddingswaardige is.

Die engel het toe nog ‘n keer gepraat, nadat hy Johannes vermaan het en gesê: *"Moenie die woorde van die profesie van hierdie boek verseël nie, want die tyd is naby".*

Aan die einde van die tyd van genade, wanneer die heel laaste oproep gemaak word, bly almal in die toestand waarin hulle hulself bevind: *"Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word"* (vers 11). Of dit goed of sleg, gered of verlore is, almal bly in die stand staan wat hy ingeneem het.

Maar die geregverdiges sal meer goddelike geregtigheid beoefen en die wat in die waarheid geheilig is, nog deur en deur geheilig word. Dan roep die HERE vir die laaste keer: *"En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees"* (vers 12).

Daarna, soos in die eerste, tweede, derde en in die 21ste hoofstuk , in vers 6, stel Hy homself weer voor: *"Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste"* (v. 13).

Dit word gevolg deur die laaste oproep en die belofte: *"Salig is die wat hul klere was, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad.*

*Maar buite is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodedienaars en elkeen wat leuens liefhet en doen"* (verse 14-15). Uit hierdie beskrywing kan gesien word dat dit hier weer oor die tydperk van die duisendjarige koninkryk handel. Ons sal die "buite-staanende leuenaars en moordenaars", ens., nie meer op die nuwe aarde kry nie.

## Slotwoord van Jesus

Ten slotte neem die HERE en Verlosser verantwoordelikheid vir die hele openbaring: *"Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. Ek is die wortelspruit van die geslag van Dawid, die blink môrester.*

*En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en wie dit verlang, die water van die lewe neem, verniet.*

*Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge **iets byvoeg**, dan sal God oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is.*

*En as iemand van die woorde van die boek van hierdie profesie **iets wegneem**, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is"* (verse 16-20).

Dit is 'n ernstige woord vir almal wat die profesie van hierdie Boek gehoor het. Wie dit gehoorsaam, het niks om te vrees nie. Inteendeel, dit sal 'n innige vreugde in die hart van elkeen binne dring, wie by die woorde van hierdie profesie niks daaraan toevoeg nie, en niks daarvan wegneem nie. En diesulkes bestaan wel. Hulle het die geopenbaarde, lewend-makende, oorspronklike Woord en ook die getuienis van Jesus Christus. Binnekort sal hulle die geopenbaarde seuns van God wees.

*"Dit spreek die een wat getuig: Ja, ek sal binnekort kom!"*

Daarop antwoord Johannes toe: *"Amen, kom, HERE Jesus."*

*"Die genade van onse HERE Jesus Christus sy met julle almal!"*

# AANHANGSEL

## Die 70 jaarweke van Daniel en die huidige gebeurtenisse met Israel in die lig van bybelse profesie

Die belangstelling van baie bybelkenners aangaande die boek Daniël word verhoog deur die huidige gebeure in die Midde-Ooste. Sy visioen oor die 70 jaarweke is as basis veral geskik om bybelse profesieë, wat verband hou met die brandpunt van wêreldgebeure — Israel — beter te kan klassifiseer. Dit is nodig om die verlede en die hede in ag te neem; slegs op hierdie manier sal die toekoms dan ook verstaanbaar wees. Die boek Daniël is die 'apokalips' van die Ou Testament. Daarin word dit wat met Israel gebeur, tot aan die einde van hierdie beskawing, onthul.

Die profeet Daniël was destyds saam met sy volk in babiloniese ballingskap en het die geskrifte van die profeet Jeremia deursoek (Jer. 25:11; 29:10), om uitsluitsel oor die beëindiging van die sewentig-jarige onderdrukking te verkry (Dan. 9:2). Hy het toe vurig tot God gebid en voor die HERE sy hart uitgestort. Die lang gebed van beroudoening en voorbidding is gevolg deur die antwoord van God, wat egter nie verwys het na die tye van ballingskap nie, maar na *die toekomstige gebeure* met Israel, tot en met die Messias en tot aan die einde van die laaste tydvak.

*"By die begin van jou smekinge het 'n woord uitgegaan, en ek het gekom om dit mee te deel, want jy is 'n besonder geliefde man; gee dan ag op die woord en verstaan die gesig.*

***Sewentig sewetalle is oor jou volk en jou heilige stad bepaal ...*** *"* (hoofstuk 9: 23-24[a]).

Twee jaar later, met die toestemming van die Persiese koning, Kores, is die ballingskap beëindig met die gevolglike herbou van die *tempel* in Jerusalem (Esra 1: 1-3). Die ***stad*** met sy mure was eers omtrent 100 jaar later onder Nehemia herbou.

Volgens die woorde van die engel Gabriël was dit die begin van die 70 jaarweke. Soos ons die dae en weke ken, gebruik die HERE die term jaarweke.

Dit gaan oor die sesvoudige doel, soos dit in Daniël 9, vers 24^b^, uitgedruk word:

1. *"... om die **goddeloosheid te voleindig** en*
2. *om die **maat van die sondes vol te maak** en*
3. *om die **ongeregtigheid te versoen** en*
4. *om **ewige geregtigheid aan te bring** en*
5. *om die **gesig en die profesie te beseël** en*
6. *om **wat hoogheilig is, te salf**".*

*"Nou moet jy weet en verstaan: van die uitgang van die woord af **om Jerusalem te herstel en op te bou tot op die Gesalfde, (= die Messias), 'n Vors**, is **sewe jaarweke**; en **twee-en-sestig jaarweke** lank sal dit herstel en opgebou word, met pleine en slote, maar in tye van benoudheid.*

*En **ná** die **twee-en-sestig jaarweke** sal die **Gesalfde (= die Messias)** doodgemaak word, maar sonder regspraak vir Hom; en die volk van 'n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes, maar sy einde sal met 'n stormvloed wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings.*

*En hy (die Antichris) sal een **jaarweek** lank met **baie** 'n sterk verbond sluit, en gedurende **die helfte van die jaarweek** sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester wees, en wel tot aan die einde; en wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word"* (verse 25-27).

Die kenners van die profetiese woord en geskiedenis het die tydlyn van die besluit om **Jerusalem** te herbou (Neh. 2), tot en met Christus, die Messias, oortuigend uiteengesit. Die aangegewe tydperke van 7, 62 en 1 jaarweek, gaan oor Israel. Die tydperk van genade vir die nasies (Ps. 118:24; Jes. 49:8; IIKor. 6:2; Heb. 4:7) lê *tussen* die 69^ste^ en die 70^ste^ jaarweke.

Die lering dat Jesus Christus reeds die eerste helfte van die sewentigste jaarweek voltooi het, is nie bybels nie. Ons moet ook op hierdie punt baie duidelik afvra: wat sê die Skrif daaroor? Die Skrif sê, dat Daniel in die profesie slegs drie tydsbestekke aangee oor hierdie aangeleentheid: 7 en 62 en 1 jaarweek. Dit sê verder dat die Messias, die gesalfde, na 62 jaarweke, nie na 62 en een halwe jaarweek nie, gedood sal word. SO SPREEK DIE HERE in Sy Woord: ***"En na die twee-en-sestig jaarweke sal die Gesalfde doodgemaak word ..."*** (vers 26).

Daar is nie 'n enkele bybelgedeelte wat sê dat onse HERE 'n verbond van sewe jaar gesluit het, drie-en-'n-half jaar gepreek het en dan die verbond verbreek het nie. Soos in Moses bepaal is, aangaande die manne wat by die tent van samekoms bedien het (Num. 4: 1-3), begin Hy ook Sy bediening as die Seun van die mens in Sy dertigste lewensjaar (Luk. 3:23).

Dieselfde vers kan nie op Christus en op die antichris van toepassing wees nie! Wanneer en met wie sou Christus sewe jare lank 'n verbond sluit en dan verbreek? Hoe kan die eerste drie-en-'n-half jaar op Hom van toepassing wees? Hy het geen verbond met Rome gehad, wat Hy kon verbreek het nie, en Hy het met Israel ook geen verbond verbreek nie, inteendeel: Hy het 'n Nuwe Verbond, deur die bloed van die verbond ingestel (Matt. 26: 26-28), en die Nuwe Verbond is nie 'n tydelike nie, maar 'n ewige verbond. Dit grens aan godslastering as 'n bybelgedeelte wat eintlik van die antichris praat, op Christus toegepas word.

Boonop het die HERE ook geen slag– of spysoffers afgeskaf nie. Alles het in die tempel verloop soos gewoonlik, tot die jaar 70 nC. **Dit wat in vers 27 gesê word, is nie van toepassing op Christus nie, maar alles heeltemal op die antichris**. Honderde andersluidende aanhalings kan nie 'n enkele vers van die Woord van God vervang nie. Diegene wie van God is, stem eers saam met God en sien dán die regte verbinding. Al het die bediening van Jesus Christus drie of drie-en-'n-half jaar geduur, val hy in elk geval in die einde van die twee- en-sestig jaarweke. Dit is SO SPREEK DIE HERE in Sy Woord.

Israel sal drie-en-'n-half jaar as 'n tyd van genade beleef, waarin die twee profete in Jerusalem sal optree. *"En Ek sal aan my twee getuies mag gee dat hulle, met sakke bekleed,* ***een-duisend-tweehonderd-en-sestig dae lank*** *sal profeteer"* (Openb. 11:3). Hulle het op daardie tydstip die woord van goddelike volmag. Tydens hulle bediening sal die tempel herbou word.

Die Jode verwag dat die Messias na die tempel sal kom, want so is daar geskrywe: *"... dan* ***sal skielik na sy tempel kom*** *die HERE na wie julle soek, naamlik die Engel van die verbond, na wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die HERE van die leërskare"* (Mark. 3:1[b]). Volgens die Jode is die Messias 'n spesiale man, 'n prins (Eségiël 46) uit die geslag van David (IISamuel 7, o.a.). Daarom sal hulle val vir die teëstander wat by spesiale geleenthede soos 'n prins met sy heersers-septer oor die hele wêreld optree. Die Jode weet wat aan hulle belowe is met die oog op die Messias, naamlik dat Hy Sy septer vanaf Sion, dit wil sê, vanaf die Tempelberg te Jerusalem, sal oprig. *"U magtige septer sal die HERE uitstrek uit Sion en sê: Heers te midde van u vyande!"* (Ps. 110:2).

Soos die Bybel dit duidelik stel, het die Messias geestelik 'n hemelse en menslik 'n aardse afkoms. In Matthéüs 1 en ook in Lukas 3 vind ons die aardse afkoms: *"Die geslagsregister van Jesus Christus, die seun van Dawid ..."*. In Johannes 1 leer ons van Sy hemelse oorsprong. Die Woord, wat God self was, het mens geword. In die Ou Testament vind ons dat albei afkomste aangekondig was en in die Nuwe vind ons die vervulling en bevestiging. Romeine 1, vers 3, sê van Christus: *"wat gebore is na die vlees uit die geslag van Dawid"*. In Romeine 9:5, word Sy aardse herkoms aan die aardsvaders en Sy hemelse aan God toegeskryf: *"... uit wie die Christus is na die vlees — Hy wat oor alles is, God, lofwaardig tot in ewigheid! Amen".* In IKorinthiërs 15:47 word vermeld dat die Messias *"uit die hemel"* is — die HERE kom uit die hemel. Die Skrif in Maleagi noem Hom die *Engel van die Verbond,* soos ook Openbaring 10 duidelik bevestig (ook Hand. 7:38).

In Nehemia en Daniel is daar nie sprake van die bou van die tempel nie, maar van die heropbou van Jerusalem, met inbegrip van die mure en poorte. Hierdie dekreet, waaroor dit hier handel, en waarmee die tydsberekening begin, was in 445 vC deur Arthaxerxes gemaak. Van toe af, tot met die dood van die Messias, het 7 jaarweke (49 jare) en 62 jaarweke (434 jare) verloop, dus 'n totaal van 483 jaar. As ons in ag neem dat in bybelse profesie 'n jaar met 360 dae bereken word, kom ons eintlik tot die jaar van die kruisiging van ons HERE. Dit beteken 7 en 62 vervul 69 jaarweke. Die begin van die laaste jaarweek sal min of meer saamval met die wegraping van die Bruidgemeente. Die nuwe geestelike begin vir Israel breek dan aan.

Nebukadnésar was die eerste wêreldheerser wat Israel onderdruk het. Die heidense magsuitoefening van die vier wêreldryke, het met hom begin (Daniël 2 & 7). Soos die eerste heerser 'n dierehart gekry het, so sal dit ook met die laaste een wees: *"Laat sy hart anders word as dié van 'n mens en 'n dierehart aan hom gegee word, en laat* ***sewe tydperke*** *oor hom heengaan"* (Dan. 4:13). Daar word nog drie keer in dieselfde hoofstuk gesê dat dit **sewe keer**, dws, **sewe jaar** sou wees, waarin die eerste heerser 'n dier geword het. Dieselfde geld vir die laaste wêreldheerser ook: hy sal in die laaste sewe jare, in die sewentigste jaarweek, wanneer Satan neergewerp word (Openb. 12:9), deur hom in besit geneem word en sy 'stoel' van hom kry (Openb. 13:2) en soos 'n dier optree. In die eerste drie-en-'n-half jaar sal hy nie absolute wêreldmag kan uitoefen nie, want die twee profete beoefen dan hul bedieninge uit met goddelike volmag (Openbaring 11). Maar in die daaropvolgende drie-en-'n-half jaar sal hy dierlik-satanies word, naamlik gedurende die groot vervolgings– en verdrukkingstyd.

Volgens die getuienis van die Skrif bly daar nog **een jaarweek** oor: drie-en-'n-half jaar genadetyd vir Israel en drie-en-'n-half jaar van die Groot Verdrukking (Dan. 7:25-27; Openb. 13: 5-7); dit is vollig sewe jare. In dié laaste sewe jare, wat sal begin met die Wegraping van die Bruidgemeente uit die nasies,

sal Rome — om meer presies te wees, die Vatikaan — met Israel, met die PBO en met al die Arabiese buurstate 'n allesomvattende 'vredesverdrag' sluit: *"En hy* (die antichris) *sal een **jaarweek** lank met **baie** 'n sterk verbond sluit, en gedurende die **helfte van die jaarweek** sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester wees, en wel **tot aan die einde**; en wat vas besluit is, sal oor **wat woes is**, uitgestort word"* (Dan. 9:27).

Afhangend van u bybelvertaling, word daar gesê dat die verbond met **"baie"** of met "die nasies" gesluit sal word. Die woord in die oorspronklike teks moes eintlik vertaal word as **"verskeie"**, soos ander vertalings dit weergee, byvoorbeeld in Frans met "plusieurs": *"Il fera une solid alliance avec plusieurs pour une semaine ...".* Dit is 'n verbond — of 'n sewe-jaar lange verdrag wat **een** party met **verskeie** verdrags-vennote sluit. Dit sal nie 'n verdrag oor Israel wees nie, maar dit sal uitsluitlik na Jerusalem verwys.

'n Diplomatieke verdrag word gewoonlik tussen twee lande gesluit. Hierdie "vredesverdrag" betrek egter **verskeie** lande en godsdienste: Israel, die PBO, Jordanië en die aangrensende Arabiese state sal daarby betrokke wees. Hierdie aspek was tot dusver nog deur alle bybelleraars heeltemal misgekyk en geïgnoreer. Hulle sien net vir Rome en Israel, maar dit is eintlik 'n baie belangrike feit wat reg verstaan en beoordeel moet word, om die eindtyd-profesieë wat nou werklikheid word, reg te kan orden.

In Daniël 9 word *"heilige stad"*, herhaaldelik beklemtoon, naas die term *"die volk"*. In Israel en Jerusalem vind ons plekke wat heilig is aan Judaïsme, die Christendom én Islam. Die vestiging van diplomatieke betrekkinge tussen Israel en die Vatikaan, in 1994, was nodig vir verdere onderhandelinge oor **Jerusalem**. Die verbond volgens Daniël 9, vers 27, is dus nie 'n verdrag met **een** nie, maar met **verskeie** regerings; dit is nie bilateraal nie, maar multilateraal. Dit kan presies in die Daniël-teks gelees word. In hierdie kennis van die Skrif lê die sleutel —

die openbaring — om die regte begrip te het van die onderhandelinge wat die verdrag tans in die Midde-Ooste en in die Vatikaanstad vooraf gaan.

Die uitruil van ambassadeurs met Israel toon duidelik die gewone staatskarakter van die Vatikaan, wat duidelik nie gaan oor die vooruitgespreekte verbondsluiting nie. Sulke erkenning is algemeen tussen die wêreldstate en het nie tydsbeperkinge nie. In die "sewejaarverdrag" sal dit nie gaan oor die gewone uitruil van ambassadeurs en vestiging van diplomatieke missies nie, maar daarin sal die regte en pligte van die drie wêreld-godsdienste in Jerusalem vasgelë en gereguleer word.

Tot vandag toe was Jerusalem net Israel se hoofstad, nooit die van enige ander volk nie. Vir die ander twee wêreld-godsdienste, Islam en die Christendom, was hierdie stad tot onlangs nog van ondergeskikte belang. Maar nou, vreemd genoeg, rig hulle al hoe meer hul aandag tot Jerusalem. Ongeag die pelgrimstogte na Mekka en Medina, Lourdes en Fatima, word al meer op Israel se hoofstad, Jerusalem, gekonsentreer.

Daar is net een persoon op aarde na wie die Jode, en ook die Moslems, opkyk met respek: dit is die pous, wie deur alle godsdienste as 'n sentrale figuur gerespekteer word. Sy verhouding met die PBO en die Arabiese wêreld is ook welbekend. Die Vatikaan sal dus 'n belangrike rol speel in die onderhandelinge, om Israel se wens om die tempel te bou, met die Arabiere se toegewing, by die verdrag te kan insluit. Hy gebruik daarvoor 'hoë diplomasie' van menseregte en die gelykheid van die drie monoteïstiese godsdienste. Dit alles sal gebeur sodat die Skrif vervul sal word.

As gevolg van die ooreenkoms in die "Jerusalem Verdrag", sal die pous dan met al sy prag en praal die voltooide tempel in Jerusalem besoek, soos twee-duisend jaar gelede vooruitgespreek was. *"... sodat hy selfs in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is"* (IIThes. 2:4[b]).

God het 'n mens in die Seun geword en die gedaante van 'n dienskneg aangeneem. Die *"man van wetteloosheid"* as die *"seun van die verderf"*, verhef homself selfs tot 'n god wat onfeilbaarheid beweer en hulde ontvang. Eers val die Jode vir die valse 'Messias' wie hulle sal gebruik om te help met die verdrag oor Jerusalem. Tot op daardie oomblik hang die bedekking van Moses nog steeds oor die Jode. Daarna sal hy aan die Joodse mense met sy septer in die hand sy weergawe van die Christendom, naamlik Katolisisme, voorlê. Maar dan bars die 'tydbom' wanneer die HERE Homself openbaar aan Sy eie, as die *Engel van die Verbond* (Openb. 10), en die teëstander slaan met die asem van Sy mond (Jes. 11:4; IIThes. 2). Die verdrag word dan verbreek en die twee profete, die geestelike leiers, word doodgemaak. Daarmee sal die eerste helfte van die laaste jaarweek verby wees, en sal die 3½ jaar van oordeels– en vervolgingstyd begin (Dan. 7:25[b]; Openb.13:5[b]).

In Daniël 12 word die vraag gevra hoe lank dit van daardie tyd af sal duur tot die einde van die wonderbaarlike dinge. Die eed wat in vers 7 afgelê word, dui duidelik op Openbaring 10, waar dit verklaar word dat daar geen vertraging— geen tydoponthoud, sal wees nie. Die antwoord in Daniël 12 lui: *"Toe hoor ek die man, met linne bekleed, wat bo-oor die vloed van die rivier was, en hy het sy regterhand en sy linkerhand na die hemel opgehef en gesweer by die Ewig-Lewende:* ***'n Tyd, tye en 'n halwe tyd****, en sodra die mag (van die vernietiger) van die heilige volk tot 'n einde gekom het, sal al hierdie dinge vervul word"* (vers 7).

Soos die einde nader kom, word God baie presies in Sy Woord, tot by die bepaling van dae. Die bediening van die twee profete duur 1,260 dae (Openb. 11:3), dit is presies **drie-en-'n-half jaar**. Gedurende hierdie tyd sal die tempel gebou word. Dan is dit 'halftyd'. Na die oprigting en opgemeting sal die heilige stad en die voorhof vir twee-en-veertig maande lank vertrap word. Dit is presies **drie-en-'n-half jaar**: *"... want dit is aan die heidene gegee; en hulle sal die heilige stad twee-en-veertig maande lank vertrap"* (Openb. 11:2).

*"... en Jerusalem sal vertrap word deur die nasies totdat die tye van die nasies vervul is"* (Luk. 21:24[b]).

Die tweede helfte sal twee verlengings ondervind: *"En van die tyd af dat die daaglikse offer afgeskaf en die verwoestende gruwel opgerig word, sal duisend-tweehonderd-en-negentig dae verloop"* (Dan. 12:11), dit wil sê 30 dae langer, tot met die vasberade vernietiging van die verwoestende gruwel. Dan word 'n derde aantal dae aan ons genoem, naamlik 1,335 dae. Dit is duidelik dat nog 45 dae nodig is waarin die laaste gebeure soos bv. die oordeel van die nasies geskied (Jes. 2:4; Miga 4:3; Matt. 25:32; Openb. 11:18; Openb. 20:4, ens.); net dan kan die Koninklike Heerskappy begin. Die hele skepping wag met reikhalsende verlange om hierdie verganklikheid te ontsnap, waaronder dit sug om bevry te word (Rom. 8: 19-22). Alles moet in 'n heerlike toestand teruggestel word.

Met verwysing na die laaste tydsduur, is geskryf: *"Welgeluksalig is hy wat (uithou) en duisend-driehonderd-vyf-en-dertig dae bereik!"* (Dan. 12:12). Daarmee word beëindig dit wat moet gebeur in die laaste fase, tot met die oprigting van die duisendjarige Koninkryk. Welgeluksalig is hy wat tot aan die einde volhard, want die wat op die aarde agterbly, gaan dan die duisendjarige Koninkryk in. Die hele skepping sal weer maklik kan asemhaal en die hele wêreld sal weer in 'n paradys-toestand wees. Volgens die getuienis van die Heilige Skrif sal daar voor die aanbreek van duisendjarige Koninklike Heerskappy geen totale wêreld vernietiging wees nie, soos sommige mense verkeerdelik leer, maar slegs 'n suiwering en loutering deur vuur en 'n wonderlike nuwe begin waarna die hele skepping uitsien. Dan sal die wolf en die lam, die koei en die beer, ens, vreedsaam met mekaar wei (Jes. 11: 6-9, ens.), want Satan word dan gebind en in die afgrond gewerp (Openb. 20).

Aangaande die eindtydse godsdiens- en politieke gebeure, het die man van God, William Branham, in sy preek in Tifton, Georgia, VSA, op 19 Maart, 1962 —die hoogtepunt van die 'koue oorlog' en net enkele maande na die bou van die Berlynse muur,

toe oosterse- en westerse tenks in Berlyn teenoor mekaar gestaan het — gesê: **"Daar het 'n leringsreën uitgegaan. Daar was 'n nasionale leringsreën — kommunisme was in elke nasie onder die mense gesaai. Daar was 'n Romeinse herlewing. Weet u wat sal gebeur? Wanneer hulle ... die oostelike deel van Berlyn teruggee? Dit plaas ... die Romeinse Ryk terug soos in die tyd van Jesus Christus. Dit sal gewis so gebeur. Presies".**

Wêreldkommunisme bestaan nie meer nie, en is dus lank nie meer 'n bedreiging vir die Rooms-Katolieke Kerk nie. Inteendeel, die eens kommunistiese lande beleef 'n heel nuwe opswaai. Diegene wat die agtergronde ken, sal weet watter rol die Vatikaan met die ineenstorting van kommunisme gespeel het. Die "koue oorlog" is verby, die muur het verdwyn in Berlyn en na byna 50 jaar, het die laaste Russiese soldate Duitse bodem op 31 Augustus 1994, verlaat. Duitsland is verenig en Europa is in 'n eenwordingsproses vasgegryp. Op dieselfde tyd, kom wêreldkatolisisme na vore, en dit is hoe die Romeinse Ryk weer nuut voor ons oë tot stand kom.

Die Verdrag van Rome was op 25 Maart 1957 onderteken, en vorm die basis van die Europese Ekonomiese Gemeenskap. Hierdie verdrag kon in geen ander stad van die wêreld gesluit word nie. Wêreldpolitiek word gemaak in die wêreldhoofstad. Dit gaan oor die Romeinse Ryk, wat as die laaste wêreldryk tot aan die einde bly.

In die dae van Jesus was Israel onder die Romeinse bewind. Sedert 63 vC was die Joodse land deel van die Romeinse Ryk. Die koningskap van die Makkabeërs het aan 'n gewelddadige einde gekom. Ten tye van die geboorte van Jesus, het die Romeinse keiser Augustus, 'n volkstelling regdeur die Romeinse Ryk gelas, wat 'Judea' insluit het (Lukas 2). Paulus as 'n Jood, was gebore 'n Romeinse burger (Hand. 22: 25-29). Die Romeinse generaal Titus, wat Jerusalem beleër en verwoes het, was die goddelose prins van Daniël 9, ver 26[b], deur wie die strafgerig oor die Jode gekom het (Matt. 24: 15-22; Mark. 13: 14-20; Luk. 21: 20-24).

Dit is vreemd, maar waar: Israel is sedert 1964 deur 'n spesiale status met die Europese Unie geassosieer.

Op die paspoorte van die "Gemeenskap van Twaalf" word daar nie meer die eie land nie, maar "Europese Gemeenskap" eerste aangedui. Alreeds geld Europese reg vóór nasionale reg. Nasionale howe stuur sekere uitsprake vir hersiening en bevestiging aan die Europese Hof van Justisie in Luxemburg. Die Raad van Europa, die Europese Sentrale Bank, ja, die belangrikste instellings het al hul plekke gevind. Die Europese Unie is ook die basis vir die wêreldregering wat, tesame met die geestelike hoofstad van die wêreld, Rome, mag sal uitoefen. Die oorheersing van alle volke sal deur die politieke mag van Rome bereik word, en die vervolging van al die bybelsgelowige Christene en Jode sal deur die godsdienstige mag van Rome uitgeoefen word.

Die onderhandelinge tussen die Vatikaan, Israel, die PBO en die Arabiese state, word ondanks enkele probleme en terugslae, suksesvol voortgesit. Op 30 Desember, 1993, het die ondertekening van dokumente tussen die Vatikaan en Israel plaasgevind, en slegs 'n dag later, op 31 Desember, 1993, het dieselfde Vatikaanse afvaardiging onderhandel met die PBO. Ons kan aanvaar dat die vooruitgespreekte eskatologiese gebeure baie naby is en vinnig op mekaar sal volg. Keer op keer praat mense van 'historiese' betekenisse en doelstellinge van **vrede en veiligheid** in hierdie streek, van 'historiese' gebeure, 'historiese' verdrae, selfs ook van die 'historiese' handdruk in Castel Gandolfo tussen Johannes Paulus II en Meir Lau, die hoofrabbi van Jerusalem, op 21 September, 1993, asook van die 'handdruk' tussen Arafat en Rabin in Washington.

Volgens die Washington-ondertekende resolusie van die 13$^{de}$ September, 1993, moet onderhandelde ooreenkomste op die laatste binne drie jaar onderteken word oor die finale status van Jerusalem, wat dan oor twee jaar voltooi moet word. Reg na die ondertekening, het die wêreld-bekende Amerikaanse politikus en Jood-geborene, Henry Kissinger, in Fürth naby Neurenberg gesê: "Peres walked into a trap" — "Peres het in 'n lokval geloop".

'Peres' beteken volgens Genesis 38, vers 29, 'skeuring' en volgens Daniël 5, vers 28, 'verdeling'; so dus verdeel Peres dan hul eie land, sodat dit 'n skeuring veroorsaak. Van die 120 lede van die Israelse parlement, die Knesset, het 61 vir die ooreenkoms gestem. *Een* stem het dus die deurslag gegee.

Vanuit 'n bybelse perspektief is God se grense vir die Beloofde Land baie anders. Die twee-en-'n-half stamme van Ruben, Gad en Mannasse het hul gebiede aan die oostekant van die Jordaan gehad (Jos. 1: 12-15, o.a.). Om die goddelike orde dus geografies ook te herstel, sou Israel, in teenstelling, land moes bygevoeg het, i.p.v. terruggee. Dit sal sekerlik nog kom, en inderdaad deur goddelike ingryping!

Nie Gaza en ook nie Jerigo nie, nie die Wes-oewer nie en ook die Golanhoogte nie, maar Jerusalem sal tot met die laaste slag, 'n swaar klip vir al die volkere wees, wie hulself sekerlik daarteen sal seermaak (Sag. 12: 2-3). Deur die Gaza-Jerigo ooreenkoms het die volkere reg tot by die voordeur van Jerusalem gekom. Nou is alle nasies in die VN ten gunste van Arafat en dus teen Israel. Dit was hierdie man wat in 1974 sy infaseringsplan soos volg aangekondig het: "In die eerste fase bou ons strategiese brugpilare tussen Gaza en Jerigo, vanwaar ons Jerusalem sal kan verower, want hy wat Jerusalem het, het die hele Israel". Ses dae na die ondertekening van die ooreenkoms in Washington, naamlik op 19 September, 1993, het Arafat voor 19 ministers van buitelandse sake van die Arabiese Liga, in Kaïro, dieselfde plan herhaal. Hy het die ou-bekende lese uit die PBO-konstitusie voorgelees en eindig toe met die woorde: "Ons eind-doel is die vernietiging van Israel". Reeds in verskeie oorloë — en Arafat was daar vanaf die eerste in 1948 — wou hulle, soos hulle sê: "Israel in die see werp".

Die slagspreuk van die PBO is dus: eers Gaza en die Wes-oewer, dan Jerusalem en die hele Israel. Daarom het Arafat aangedring om op sy staatswapen-embleem die hele Israel, vanaf Eilat tot Jerusalem en Tel Aviv tot Haifa, te druk. Dit is volgens hom die staat Palestina, wat nooit eintlik waarlik bestaan het nie,

maar wat nou veronderstel is om tot stand te kom. Die algemene naam Palestina kom van die Grieks-Romeinse meng-naam "Palaistine" en was op die Filistyne se land toegepas, wat vandag se Gazastrook is, niks meer nie. Die Arabiese state is 640 keer groter as Israel en kon hul Palestynse geloofs- en strydgenote maklik huisves.

Die Skrif sê nie dat daar ware vrede, deur politieke en godsdienstige onderhandelinge sal kom nie. Dit gee slegs uitdrukking aan wat nou gebeur: die mense praat van vrede en wil 'n 'grond vir vrede' kompromie onderhandel, in elke opsig, totdat daar 'n eintlike vredes- en sekuriteitsverdrag in daardie streek kom. Dit alles gebeur sodat die Skrif vervul sal word. Maar die waarskuwing bly: *"Want wanneer hulle sê: Nou is daar vrede en veiligheid — dan oorval 'n skielike verderf hulle soos die barensnood 'n swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie"* (IThes. 5: 1-3).

Op 29 September, 1938, het Lord Chamberlain, die Britse premier, ná die ondertekening van die München-ooreenkoms met Hitler, aangekondig: "Peace in our days" — "Vrede in onse dae". Slegs enkele weke later, op 9 November, 1938, het die sinagoges in Hitler se Duitsland in vlamme gestaan: Daardie nag was 91 Jode deur die Nazi's vermoor, meer as 26,000 na konsentrasie-kampe gebring en ontelbare Joodse winkels verwoes. Op 13 September, 1993 was die gonswoord in Washington soortgelyk: "Peace in our time" ("Vrede in ons tyd"). Alhoewel die Israeliese premier Rabin in Washington die vrede deur die woord uit Prediker 3, vers 8, benadruk het: *"... 'n tyd om lief te hê en 'n tyd om te haat, 'n tyd vir oorlog en 'n tyd vir vrede",* het die volk Israel en die stad Jerusalem nog baie slegte tye in die gesig gestaar, want God het dit in die Heilige Skrif laat vooruitspreek.

Wat die tyd van genade vir die nasies betref, gaan dit nog voort, totdat God genadiglik terugkeer na Israel. Hierdie tydperk word, betreffende Israel en ook die Gemeente, die profetiese *"laaste dae"* genoem (Hand. 2:17; Heb. 1:2, o.a.).

In sy tweede preek ná pinksterdag neem Petrus die belofte uit Deuteronomium 18, verse 15-18, en bewys dat Christus, die Messias, wie *die profeet* is van wie Moses vooruitgespreek het. *"... En elke siel wat nie na dié Profeet luister nie, sal uit die volk uitgeroei word en ook al die profete van Samuel af en die wat gevolg het, almal wat gespreek het, het ook* ***hierdie dae*** *aangekondig ..."* (Hand 3: 22-24). Hierdie twee **laaste dae** kom stadig maar seker tot 'n einde.

Die profeet Hosea het die ***laaste dae*** met verwysing na Israel se verstrooiing ook genoem: *"Kom en laat ons terugkeer tot die HERE; want Hy het verskeur en sal ons genees, Hy het geslaan en sal ons verbind.*

*Hy sal ons* ***ná twee dae*** *lewend maak,* ***op die derde dag*** *ons laat opstaan, sodat ons voor sy aangesig kan lewe"* (6: 1-2). Die *twee dae* wat hier genoem word, is die tweeduisend jaar, waarin die hele volk Israel verstrooi was, waarin hulle ***aan die einde van hierdie dae*** weer versamel word, soos wat baie bybelgedeeltes getuig en ons in ons tyd gesien het.

Die samekoms **na twee dae** beteken nie dat hulle die lewe van God ontvang nie. Dit gebeur eers wanneer hulle hul Messias erken, in wie alleen daar vir alle mense redding en die ewige lewe is. Slegs in Jesus Christus het God Homself persoonlik aan die mensdom tot hul saligheid geopenbaar. Met die oog op Israel word gesê: *"...* ***op die derde dag*** *ons laat opstaan ...".* Ná onse tyd van genade, in die tyd van genade wat vir húlle sal aanbreek, wat eers in die *Dag van die HERE* val, sal hulle die lewe van God ontvang.

*"Want as hulle verwerping die versoening van die wêreld is, wat sal hulle aanneming anders wees as lewe uit die dode?"* (Rom. 11:15).

Tot dan sal die sluier van Moses nog oor hulle lê, ten spyte van hul samekoms en die nasionale gewaarwording. Dit is wat Paulus in sy brief aan die Korintiërs sê: *"Ja, tot vandag toe, wanneer Moses gelees word, lê daar 'n bedekking oor hulle hart;*

*maar wanneer hulle tot die* H*ERE* *bekeer is, word die bedekking weggeneem"* (IIKor. 3:15).

Die goddelike verlossingsplan verloop presies soos dit van ewigheid af vervat is. Ons bevind ons eintlik in die middel van die vervulling en verwesenliking van bybelse eindtyd-profesie. Enige oomblik kan dit gebeur dat die tyd van genade vir die nasies tot 'n einde kom, dat die voltooiing van die Bruidgemeente bereik word en hulle heengaan plaasvind. Dan gee God 'n geestelike nuwe begin aan Israel, die verbond met die antichris word gesluit en die tempel word gebou.

Die volgende feit wys met hoeveel verwagting die Jode uitsien na die verwesenliking van hul verlange: Onder die beskerming van Israel se Minister van Godsdiens en die rabbiniete, is daar al 93 voltooide tempel-voorbereidings. Dit kan besigtig word in Misgav Ladachstraat 24, Jerusalem. Volgende is die 1,8m hoë kandelaar, wat volgens Exodus 25, verse 31-40, uit 'n enkele 43kg-swaar stuk goud gemaak sal word. Die enigste uitsondering is slegs die Ark, omdat die skrifgeleerde Jode glo dat dit nie soos die ander tempeltoerusting gebuit was nie, maar eerder ongedeerd in 'n vertrek onder die puin van die tempel is.

Die gelowige Jode praat alhoe meer openlik uit oor dit wat hulle in die onmiddelike toekoms verwag. Hulle is daarvan oortuig dat God met die ontstaan en stigting van die staat Israel, in Mei 1948, Sy volk weereens in die oorspronklike ritme van die jubeljaar geplaas het. Hulle glo dat 'n jubeljaar weer na 49 jaar uitgeroep sal word, net soos Moses dit destyds, volgens Levitikus hoofstuk 25, verse 8-13, vir Israel verordineer het. Volgens hul berekening, sal dit in 1998 wees. Ons kan en ons moet nie die gebeure wat nog uitstaande is, vir 'n spesifieke jaar bereken nie. Maar, dit moet ons laat besef dat die verwerkliking daarvan onafwendbaar is. Die terugkeer van die volk Israel na die Belofte Land moes noodwendigerwys alles in ag neem wat vir hulle bedoel was. Vir die Gemeente is dit dan ook die hoogste alarmseine. Voordat God se verlossingsgebeure met Israel begin, moet Sy reddingsplan met die Gemeente van die nasies voltooi wees.

Alles wat vooruitgespreek was, is nou binne bereik en des te meer die terugkeer van die hemelse Bruidegom om die aardse Bruid heimlik huistoe te neem.

Omdat ons dit alles glo, sien en korrek kan plaas, moet ons ons koppe omhoog lig, want ons weet — ons vermoed nie, **ons weet —** dat op grond van die gebeure wat volgens bybelse profesie alreeds plaasgevind het, die Wederkoms van onse HERE nou baie naby is. Dus is daarmee ook die verlossing van hierdie liggaam, en die wegneem van hulle wat aan die Bruidgemeente behoort, werklik op hande.

Niemand ken egter die tyd en uur nie; dit is nie nodig nie; ons moet ons redding met vrees en bewing uitwerk en in alle dinge nugter bly. Dit wil sê, ons moet soos normaal bly leef en beplan asof daar nog 'n hele lewe voor ons lê. Wie 'n huis wil bou, bou gerus. Enigiemand wat wil voortbou op hul beroep, doen dit. Wie wil trou, trou gerus, ens. Wat ons ook al op aarde wil doen, moet ons uitvoer, maar met alles in ag geneem, moet ons verseker dat ons altyd gereed is en in die wil van God gevind word.

Die toestand waarin die individuele kinders van God en die Gemeente huidiglik is, sal nie tot aan die einde duur nie. God sal nog groter dinge onder Sy volk doen. Sy belofte is dat die hemel en aarde nog een maal sal bewe (Heb. 12: 26-28). God het die vroeë– en laat reën belowe (Joël 2:23), en sal dit gee in die tyd van die oes (Jak. 5:7). Soos die Gees van God aan die begin was, so ook sal dit aan die einde van die tyd van genade, soos ‘n magtige vloed op droë grond wees (Jes. 44:3). Ons kan op 'n kort en magtige geesteswerking reken, wat in die opstanding, verandering en Wegraping sal uitvloei. Die afsluiting sal 'n kragtige belewenis en herlewing binne die Bruidgemeente bring. In daardie kort tydjie sal buitengewone dinge gebeur, wat almal sal verbaas en sal versterk in hul geloof. Dan sal druk uitgeoefen word op die werklike gelowiges en die oproep van diegene wat gereed is, sal weerklink, *"Ja kom, HERE Jesus!".* Uiteindelik sal die Gees en die Bruid sê: *"Kom!".* Die laaste ding wat sal weerklink, is: *"Ja, kom, HERE Jesus! Amen".*

# Epiloog

In die veertig jaar van my evangelie-bediening en arbeid in die "wingerd van die HERE", het ek die wonderlike leiding van die Heilige Gees ontelbare kere ervaar. Maar toe ek oor hierdie moeilike en betekenisvolle onderwerpe skryf, het ek soos nooit voorheen, herhaaldelik en regstreeks besef, wat dit in die praktyk beteken, omdat daar geskryf staan: *"die Gees ondersoek alle dinge ..."* en *"die Gees sal julle in alle waarheid lei ... en die toekomstige dinge aan julle verkondig"*, ens. Telke male gebeur dit, dat die Gees van God lig skenk en die kontekste wys wat ek voorheen nie gesien en ook nie geweet het nie.

Met diepe dankbaarheid en merkbare verligting het ek hierdie manuskrip voltooi. Dit is vir my asof die Gees van God in my tot rus gekom het en 'n groot las van my afgeneem is. Ook omdat ek hiermee my Godgegewe verantwoordelikheid nagekom het en hierdie belangrike nalatenskap van God se geopenbaarde profetiese Woord, aan Sy volk kan gee. Van alles wat ek al in die gesig gestaar het en van die uitdagings wat in my bediening voor die HERE gestel was, was die voorbereiding van hierdie daarlegging die grootste taak. Tog het ek nou die indruk dat God welgevallig daarna kyk. Nou, aan die einde van die sewende gemeentelike tydperk, het dit die HERE, die verhewe en verheerlikte Hoof van die Gemeente, behaag om Sy hele raad te openbaar, soos Hy dit aan die profete en apostels bekend gemaak het. Hierdie stelling is betroubaar en seker.

Wie my wil beskuldig van hardheid en liefdeloosheid, oordeel menslik. God sou eerder wou, en so ook ek, dat alles op geestelike gebied suiwer sonskyn is. Maar dit is ongelukkig nie die geval nie. Ek smeek u daarom, dat u my as werktuig en mondstuk van God moet ignoreer en na Hom moet draai, wie verantwoordelik is vir die hele inhoud van Sy Woord. 'n Boodskapper kan niks doen aan die boodskap nie, hy moet dit net aflewer. Die HERE self het in Sy Woord sekere dinge veroordeel omdat dit nie van Hom af kom, en nie voor Hom kan bestaan nie. Wie wil tog reg wees met Hom?

Die goddelike waarheid is baie skerp en maak aanvanklik seer, maar tog het dit 'n genesende effek.

In die boek "DIE TRADISIONELE CHRISTENDOM ...", het ek die basiese waarhede van die verkondiging van die evangelie en die fondamentele geestelik-bybelse leringe van die nuwe-testamentiese Gemeente en ook die agtergrond en ontwikkeling van die kerkgeskiedenis aangetoon. In *hierdie* publikasie gaan dit om die verborge geskrewe openbarings-teks, in duidelike skriftelike taal te weergee. Van die begin af was die prinsiep van onse HERE om simboliese gelykenisse te gebruik. Maar Hy het na Sy dissipels gedraai en aan hulle gesê: *"Omdat dit aan julle gegee is om die verborgenhede van die koninkryk van die hemele te ken".*

Alles wat van God af kom, vloei na ons deur die openbaring van die Gees, waardeur ons begrip van die Skrif in die vervulling en realisering daarvan geopen word. Dit is nou die tyd van die volledige en finale openbaring van al die geheimenisse wat in die Woord verborge lê.

In die kerkgeskiedenis wat die vroeë christendom opgevolg het, was daar tot in ons tyd, nooit 'n deurbraak tot die volle openbaring van Jesus Christus gemaak nie. Die Verlosser het die Rots van struikeling en die Steen van aanstoot gebly, wat die geestelike bouers nie reg kon klassifiseer nie. Dit was ook nie moontlik om die antichris duidelik te herken en vanuit die skrif te ontbloot nie. Wat hom betref is daar twee hoofbeskouinge: sommige leer dat hy al gekom het in die tyd van die apostels; die ander glo dat hy te eniger tyd sal kom. Sommige is opsoek na hom onder die Jode, ander soek hom onder die Arabiere, en so voorts.

Johannes, die gunsteling dissipel van Jesus, het duidelik geskryf dat die antichris nog moet kom, maar dat daar reeds al baie antichriste in die wêreld is (IJoh. 2:18). Albei is korrek. Die antichristelike kerk bestaan langs die ware christelike Gemeente sedert die eerste christelike era. Maar in die heel laaste tydperk, wanneer Satan die *mens van sonde* invaar, sal die antichris nie net as 'valse profeet' optree nie, maar sal hy ook optree as die 'dier'.

Die bekendmaking van die kenmerke van hierdie instelling en sy hoof, is vir die eindtyd van die grootste belang. Daarom het die Heilige Gees, net soos ek dit self ervaar het toe ek geskryf het, so 'n groot waarde daarop gelê en die lig van alle kante af daarop laat skyn.


Wat die manier van aanbieding betref, het ek die leuse van die apostel Paulus ook myne gemaak, *"nie in oorredende woorde van menslike wysheid nie"* (IKor. 2: 1-5), asook die riglyn van Martin Luther, die hooggeagte hervormer en bybelvertaler: "Die grammatika mag nie oor die openbaring heers nie, maar moet dit dien".

Net soos God waak oor Sy Woord, mag Hy dit ook doen oor hierdie uitvoering daarvan. Hierdie kort samevatting word toegewy aan onse HERE en Verlosser, Jesus Christus. Hy self wil diegene seën en met Sy geliefdes praat terwyl hulle daaraan lees. Alle eer aan die ewige, getroue God, nou en vir altyd. *"... die Vader van die heerlikheid, aan julle die Gees van wysheid en openbaring in kennis van Hom mag gee"* (Efé. 1:17[b]). Amen!


Krefeld, Duitsland. Desember 1994

Br. Frank

# DIE 70 JAARWEKE VAN DANIËL




# DIE BYBELSE TYD-INDELING




***"Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat een dag by die HERE soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag"***